

DIE MITIESE PATROON EN SIELKUNDIGE GRONDSLAG
IN DIE MODERNE ROMAN
MET *SPESIALE VERWYSING NA

ISIS ISIS ISIS VAN ETIENNE LEROUX

Talitta Heydenrych

Voorgelê ter vervulling van 'n deel van die
vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte
Universiteit van Natal

Studieleier : Mnr. S.W. van Zuydam

Januarie 1975

Erkenning

Die geldelike bystand van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing ter bestryding van die koste verbonde aan hierdie ondersoek word hiermee erken. Menings en bevindings is dié van die skryfster en nie dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

INHOUD

		Bladsy
Hoofstuk I	Die Mite	1
	a) Inleidend	1
	b) Aard, ontstaan en betekenis	2
	c) En Kollektiewe Onbewuste	14
Hoofstuk II	Die Mite in die Letterkunde	25
Hoofstuk III	Mitologisering in <u>Isis Isis Isis</u>	39
	Die Aktuele en Mitologiese Vlakke	
Hoofstuk IV	Die Psigologiese Vlak	82
	'n Reis Na Binne	
Hoofstuk V	Evaluasie	100
Summary		116
Literatuurlys		119

HOOFSTUK I

DIE MITE

Inleidend

a dark illimitable ocean,
without bound, without dimension, where length,
breadth and height,
And Time and place are lost.

Milton

Weens die onlogiese aard van die mite, wat so 'n skerp teenstelling vorm met ons basies-rasionele denke, is die opstel van 'n teorie daaroor 'n uiters moeilike taak. Van alle kultuurverskynsels is die mitologie, tesame met die godsdiens, heelwaarskynlik die minste reduseerbaar tot 'n bloot logiese analise.

Die mite is by uitstek 'n vorm waarin die primitiewe gesteldheid hom uitdruk. Omdat hy nie in staat is om abstrakte redenasies te voer nie, dink hy konkreet, in gestaltes. En dus praat hy deur middel van sy mite in beelde, en nie in begrippe nie.

Die situasie word verder bemoeilik deur die wye verwysingsveld wat by "mite" betrek kan word - 'n gebied wat onder andere insluit die godsdiens, die filosofie, volkskunde (folklore), sosiologie, antropologie, skone kunste, klassisisme, psigologie en die letterkunde.

Toe die geloof aan gode verdwyn het, het mites bly voortleef in die psige van die mens. In die letterkunde is dit dikwels 'n geval van ou mitologiese gegewens wat verwerk word deur die betrokke kunstenaar, maar die moderne mens het ook sy eie mites, ofskoon hulle, wat gehalte betref, mag verskil van die ou mites. Pierre Maranda beweer byvoorbeeld in sy voorwoord tot Mythology:

Our myths are made of depilatories, royalty, pets, antiques, political ideologies, religion, hair tonics, cinemactors, scientific theories, cars, etc. - enticing avenues to the Paradise of which, ultimately we refuse to acknowledge the loss. (p. 17)

Teenswoordig is daar sprake van skilders en skrywers op soek na 'n (nuwe) mitologie; van die "terugkeer" van die mite in die letterkunde; van die "mites" van demokrasie, vooruitgang, gelykheid en broederskap. Tewens, "mite" kan enigiets vanaf "waarheid" tot "ónwaarheid" beteken, afhangend van die betrokke uitgangspunt. Wat T.S. Eliot gesê het oor kultuur, geld teenswoordig ook in 'n hoë mate vir mite:

Just as a doctrine only needs to be defined after the appearance of some heresy, so a word does not need to receive this attention until it has come to be misused.¹

In Isis Isis Isis^{*} betrek die Knol nie slegs die mite van Isis en Osiris by sy verhaal nie. Dit vorm wél die "stilerende stramien waarop die skrywer sy patroon weef"², maar mnr. Y rig hom ook op die mitologie in die algemeen, die proses van miteskepping, en op die mite geïnterpreteer in die lig van die Kollektiewe Onbewuste.

'n Mens wil dit nie op gevaarlike terrein waag deur 'n definisie van die mite te probeer gee nie. Tog is dit nodig om enkele belangrike aspekte daarvan uit te sonder. Eers dán kan die funksie van die mite in die roman bespreek word.

Aard, ontstaan en betekenis

Met verloop van tyd het mite die betekenis verkry van "dit wat nie werklik kan bestaan nie".³ Alreeds in die tyd van Sokrates en Plato is dit beskou as die teenoorgestelde van "logos" en "historia"⁴, en deur die eeue heen is dit gestroop van bykans alle religieuse en metafisiese waarde.

1. Notes towards the definition of Culture, Londen, 1948, p. 13.
 2. Van der Walt, P.D.: Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Junie 1970, p. 160.
 3. Encyclopedia Britannica, Volume 15, p. 1132.
 4. Idem.
- * Voortaan afgekort tot Isis.

Die algemeen-aanvaarde betekenis wat daaraan toegeskryf word, is dat dit 'n fantastiese versinsel is, soos af te lei uit die volgende omskrywings:

A purely fictitious narrative usually involving supernatural persons, actions, or events, and embodying some popular idea concerning natural or historical phenomena ... by means of which even the most natural sentiment is traced to its¹ cause in the circumstances of fabulous history.

Verhaal wat ontstaan uit die drang van primitiewe volkere om natuurkragte (dit wat die mens vrees inboesem, soos wind, see, donder, storm) te personifieer en te vergoddelik; verhalende oorlewering met betrekking tot die godsdiens en die wêreldbeskouing van 'n volk, fabel; ongegronde praatjie.²

Die mite word wel aanvaar as die wyse waarop die primitiewe mens uiting probeer gee het aan sy opvattinge oor die godewêreld, die ontstaan van die kosmos en van die verskillende natuurkragte, asook die manier waarop hy abstrakte begrippe soos liefde en haat gepersonifieer het. Maar vir ons hou dit geen waarheid meer in nie - fabel en mite is identies.

Teenswoordig is daar egter 'n neiging om die mite te beskou as 'n soort waarheid of ekwivalent daarvan. Die moderne psigologiese metode van ondersoek onderskei hom veral van die ouer metodes (vergelyk byvoorbeeld Francis Bacon se Wisdom of the Ancients) omdat hy die mite nie as blote versinsel beskou nie. Alhoewel dit nie letterlik waar is nie, is dit psigologies waar - dus geen mededinger vir wetenskaplike of historiese waarheid nie, maar 'n aanvulling daarvoor.³ Die diepte=sielkundiges, byvoorbeeld, aanvaar die bestaan van 'n Kollektiewe Onbewuste, en interpreteer die mite in die lig daarvan. (Sien later)

1. The Oxford English Dictionary.
2. Afrikaanse Woordeboek.
3. Vergelyk Jung, C.G. : Aion, p. 173. "Faith lacks experience and science misses out on the soul."

Die Melanesiese woord mana,¹ wat die manifestasie is van alles wat geken kan word sonder dat dit noodwendig verstaan hoef te word, kan beskou word as die kern van dié supra-rasionaliteit van die mite. In sy strewe na absolute objektiwiteit verwerp 'n suiwer wetenskaplike beskouing wél alle subjektiewe kwaliteite, maar die bestaan en waarde van die subjektiewe kan nie ontken word nie. Die mite gaan juis om die onlogiese ánder kant van die lewe, en dit is moontlik om te beweer dat die ware werklikheid nie 'n objektiewe nie, maar 'n subjektiewe werklikheid is² - die subjektiewe werklikheid van die gees, wat 'n eiesoortige realiteit is met 'n eie logika, en nie onder leiding van die rede staan nie, maar onder die supra-rasionele en die supra-logiese.

Lévy-Bruhl, getref deur die supra-rasionaliteit van primitiewe denke, het dit gekarakteriseer met die woord "mistiek".³ Alhoewel die wêreld tot die mens gespreek het, was die kosmos nie vir hom alledaags of deursigtig nie. Hy was gefassineerd deur die lewe wat hy in elke natuurding kon waarneem - niks in die wêreld was alledaags nie. En die ontsag wat hy gevoel het vir die lewende kosmos om hom, het tot uiting gekom in sy gevoel vir die mite. In teenstelling met die moderne mens wat glo dat alles op aarde op natuurlike wyse volgens 'n kettingreaksie gebeur, het die primitiewe mens 'n mistieke netwerk om hom waargeneem. Wellek en Warren kom tot die gevolgtrekking:

If the mythic has as its contrary either science or philosophy, it opposes the pictureable intuitive concrete to the rational abstract.⁴

Die mite praat in simbole, en ontstaan juis wanneer die mens gekonfronteer word deur dit wat hy kan waarneem, maar nie in woorde of logiese terme kan verduidelik nie. Dit verbeeld die

1. Sien meer hieroor in Gusdorf, G. : Mythe en Metafysica, p. 38.
2. Van Rensburg, F.I.J.: Die Smal Baan, p. 178.
3. Sien Gusdorf, G.: Mythe en Metafysica, p. 20.
4. Theory of Literature, p. 191.

onsegbare; selfs Plato met sy rasionele filosofie het gebruik gemaak daarvan toe dit gegaan het oor sake waaroor die mens geen sekere kennis kan besit nie; en wat nie in gewone taal omskryf kan word nie. (Vergelyk: Die mite van Er, Boek X van Die Republiek Die mite kan wel verstaan word, al is dit dan nie altyd op logies vlak nie.

Oor die ontstaan van die mite is daar al verskillende uiteenlopende teorieë geopper. 'n Ontleding hiervan is nie deel van ons taak nie.¹ Maar bykans almal wat gepoog het om deur te dring tot die wese van die mite is dit eens dat die mite vir die primitiewe mens letterlik waar was. Anders as ons, het hy duidelik onderskei tussen mite as ware verhaal of lewende werklikheid, en fabels en legendes, wat fiktief was.

In The Sacred and the Profane skryf Mircea Eliade:

The myth, then, is the history of what took place in illo tempore, the recital of what the gods or the semidivine beings did at the beginning of time. To tell a myth is to proclaim what happened ab origine. Once told, that is, revealed, the myth becomes apodictic² truth; it establishes a truth that is absolute.

Terwyl die legende of fabel vertel het van gewone mense en gebeure en geen of weinig religieuse waarde besit het, is mites uiters plegtig op rituele wyse uitgevoer. As die mens se vroegste voorstelling van die goddelike het die mite 'n sterk religieuse betekenis gehad, en juis daarom kon dit as skakel dien tussen die aardse en die bo-aardse, of te wel die goddelike.

1. Om enkele uitsonderinge te maak:

Sir James Frazer (The Golden Bough) wat die aandag hoofsaaklik vestig op die ritueel verbonde aan die mite; Malinowski, die grondlegger van die funksionalisme, wat dit beskou het as iets wat hoofsaaklik 'n sosiale funksie verrig en wat vir die mens praktiese riglyne gee waarvolgens hy sy lewe moet inrig; die strukturaliste Lévi-Strauss en A.E. Jensen, wat die mite as 'n soort primitiewe wetenskap beskou het, en dus hoofsaaklik klem gelê het op die spekulatiewe aard daarvan; Ernst Cassirer (An Essay on Man), Van der Leeuw (De Primitiewe Mensch en de Religie); Mircea Eliade (Myth and Reality) wat die mite as religieuse uiting benader en die emosionele aspek daarvan beklemtoon.

2. The Sacred and the Profane, p. 95.

Volgens George Gusdorf het die mite juis sy ontstaan te danke aan die vermoë van die mens om uit te styg bó sy menslike beperktheid, of te wel die werklikheid.¹ In teenstelling met die dier, wat homself bloot in 'n umwelt (omgewing) bevind, en wie se in-die-wêreld-wees vir hom geen raaisel inhou nie, is die mens in staat tot selfherkenning en selfondersoek. 'n Splitsing ontstaan omdat die mens buite homself kan tree en onderskeid kan tref tussen dit wat hy is, en dit wat hy nie is nie. Schuurman noem dit die bewus wees van 'n "ek" en 'n "nie-ek".² Hy sê verder:

In letterlijke betekenis: een dier herkent zichzelf niet in een spiegel, de mens wel. De mens kan zichzelf onderzoeken, lichamelijk en psychisch. Het bewustzijn is de eigenlijke spiegel en de materiële spiegel slechts een symbool daarvan. Door de meer dominerende plaats van het bewustzijn van de mens, dat direct met de wortel van zijn bestaan verbonden is, kan hij het geheel van zichzelf herkennen in een deel van zichzelf. Zo zegt hij, staande voor een materiële spiegel en zijn lichaam aanschouwde: "dit ben ik."³

En terwyl die dier geheel en al beheer word deur sy instinkte, vind ons in die mens 'n proses "waardoor zich teenover de instinctieve zijde der ziel een bewust leiding gevende zijde kon ontwikkel".⁴ Liggaamlik sowel as geestelik is hy in staat tot selfondersoek - hy vra vrae oor die ontstaan van mens en kosmos, en oor sy posisie in die heelal. Hy besin oor lewe en dood, die hiernamaals, die bestaan en aard van 'n Hoër Mag. In die woorde van Gusdorf:

De mens treedt in de natuur op als een wezen dat haar te boven gaat en dat alles in vraag stelt.⁵

Die mens bevind hom in 'n toestand gekenmerk deur onsekerheid, verwarring en tweestryd. Hy is bewus van sy eie onvolledigheid,

1. Mythe en Metafysica, p. 17.
2. De Taal van het Onbewuste Zieleleven, p. 13.
3. Idem, p. 12.
4. Idem, p. 20.
5. Mythe en Metafysica, p. 17.

en van die volmaaktheid wat elders lê. Dit is juis hierdie "onvolledigheid" waarvan die knolskrywer in Isis Isis Isis so intens bewus is, en wat as aanleiding dien vir sy soektog na Isis, wat hom gaan "heelmaak" - 'n mitiese soektog wat verband hou met die volgende woorde van Gusdorf:

De mythe zal altijd de betekenis houden van een greep naar de verloren integriteit, als een soort poging tot herstel.¹

Met sy mite probeer die mens om die afstand tussen hom en die res van die skepping te oorbrug. Dit word die skakel tussen hom en die kosmos, die mens en sy lot, die enkeling en die gemeenskap - dit bind die heelal saam. Die mite is, om Leslie Fiedler se woorde te gebruik, die "binding together of a fractured world"², en die volgende definisie van W.H. Stenfert-Kroese is 'n juiste samevatting. Hy beskryf die mite as:

de primitiewe, heidense overlevering die tussen de mens en zijn lot enerzijds en hen beheersende hogere machten anderzijds het zinvolle verband wil aangeven.³

Met sy mite situeer die mens homself in die wêreld - hy gee aan homself 'n plek daarin deurdat hy die sinvolle verband tussen mens, wêreld en God kan insien. Maar dit stel hom ook in staat om uit te styg bó die aardse. Die gedurige herhaling van die mitiese gebeure uit die voortyd verplaas hom inderwaarheid na daardie botydlike oermoment waar hy weer één word met die gode. Die mite word die skakel tussen die wêreld binne-in die mens, en die wêreld daarbuite. Mircae Eliade skryf:

Door het steeds weer herhaalde navertellen van de mythen worden de muren, die door de waanvoorstellingen van het profane bestaan worden opgericht, telkens weer doorbroken. De mythe maakt zonder ophouden de Grote Tijd weer tot iets van het actuele nu-moment en daarmee plaats hij diegene die hem aanhoort op een

1. Mythe en Metafysica, p. 18.
2. No! in Thunder, p. 299.
3. De Mythe van A. Roland-Holst, p. 16.

bovenmenslik en boven-histories plan, dat deze
toehoorder onder meer in staat stelt een werklikheid
te benaderen, die hij op het vlak van het profane ¹
individuele bestaan onmogelik zou kunnen bereiken.

En omdat die mens terugreik na dié goddelike oergebeurtenisse
waaraan hy sy bestaan te danke het - dus die nie-tydelike stel
as grondslag vir die tydelike - bied hy aan homself 'n gevoel
van stabiliteit. Volgens Van der Leeuw bied die mite "waarborg
en krag" aan die gebeure van die hede:

De mythe geeft den primitieven mensch het besef, dat hij
veilig is, dat zijn handelingen, zijn sociale
instellingen, zijn gedachten zelfs een vaste basis hebben
in een goddelijk verleden.²

En:

Eenmaal geschiedde iets. Wat ik vandaag doe, is niet
iets nieuws, maar het herhaling van het oergebeuren.
Ik begin niets, maar ik herhaal. Niets begin, maar
alles is herhaling.³

Die mite dui aan 'n oernoodwendigheid in die verloop van die
lewe, en deur die volbrenging van die oergebeurtenis (in die
vorm van sy ritueel) vind die mens vrede. Hy sien homself as
'n skakel in een grootse verband; deur terug te gryp na dit
wat in illo tempore gebeur het, lê hy 'n verband tussen hede
en verlede. Leslie Fiedler bestempel die ou Griekse mites as:

... our archetypes par excellence, preserving for us
the assurance which belongs to ritual alone: that
what is done below is done above, what is done here
and now is done forever, what is repeated in time
subsists unbroken in eternity.⁴

En terselfdertyd lê die mite vir hom die grondslag vir die toekoms:

De mythe is het heilig verhaal van buiten onze tijd liggende
gebeurtenissen die het hier en nu van de menselijke existentie
funderen en bepalen en die een uitzicht bieden voor de toe-
komst.⁵

1. Beelden en Symbolen, p. 51.
2. De Primitieve Mensch en die Religie, p. 111.
3. Idem, p. 112.
4. No! in Thunder, p. 300.
5. Van Baaren, T.P., "Oorsprong, funksie en verklaring van die
mythe", in Mythe en Realiteit, p. 20.

Die mite onderskei hom dus van ander vertellings weens 'n sterk metafisiese trek. Omdat dit in verband staan met die mens se oorsprong en sy lot op aarde, en omdat dit aan hom primordiale waarhede verkondig - dié waarhede wat van hom gemaak het wat hy is - is die mite dié faktor wat sin en rigting kan gee aan sy lewe. Die wêreld is soos hy is as gevolg van sekere primordiale gebeurtenisse:

Myths ... narrate not only the origin of the world, of animals, of plants, and of man, but also all the primordial events in consequence of which man became what he is today - mortal, sexed, organized in a society, obliged to work in order to live, and working in accordance with certain rules. If the world exists, if man exists, it is because Supernatural Beings exercised creative powers in the "beginning". But after the cosmogony and the creation of man other events occurred, and man as he is today is the direct result of those mythical events, he is constituted by those events.¹

Die mens is sterflik omdat 'n mitiese voorvader sy onsterflikheid verloor het, of omdat 'n god besluit het dat dit so moet wees.

Abrams se definisie van die mite sê hoofsaaklik dieselfde:

In its primary significance a myth is one story in a mythology or system of narratives which were once widely believed to be true, and which serves to explain, in terms of the intentions and actions of Supernatural Beings why the world is what it is and why things happen as they do.²

Maar die mite is meer as net 'n poging om iets te verklaar: deur te verklaar hoe iets ontstaan het, word daar indirek 'n belangriker vraag beantwoord: waarom bestaan dit? Veral Mircea Eliade lê klem op hierdie aspek van die mite. Hy meen onder andere:

The why is always implied in the how - for the simple reason that to tell how a thing was born

1. Myth and Reality, p. 11.
2. A Glossary of Literary Terms, p. 52.

is to reveal an irruption of the sacred into the world, and the¹ sacred is the ultimate cause of all real existence.

Dit is dus 'n essensieel religieuse begrip: Wellek en Warren noem dit "the spoken part of ritual"², en W.B. Crow meen: "Myth is the language of religion".³ Dit is die manier waarop die mens sy posisie in die heelal vasstel, en waarop hy vir homself 'n voorbeeld stel waarvolgens hy sy lewe moet inrig.⁴ Hiervan gee Kerenyi 'n juiste samevatting wanneer hy sê:

No mere "causes" therefore, but rather primary substances or primary states that never age, can never be surpassed, and produce everything always. It is the same with the happenings in mythology. They form the ground or the foundation of the world, since everything rests on them. They are the beginnings to which everything individual and particular goes back and out of which it is made, whilst they remain ageless, inexhaustible, invincible in timeless primordiality, in a past that proves imperishable because of their eternally repeated rebirths.⁵

Die mens volg die voorbeeld na wat vir hom gestel word deur die mite, en daardeur word die gemeenskap - dus ook die wêreld - in stand gehou. Vanselfsprekend lei die verval van die mite tot desintegrasie van albei:

Not merely do they represent, they are the mental life of the primitive tribe, which immediately falls to pieces and decays when it loses its mythological heritage, like a man who has lost his soul. A tribe's mythology is its living religion, whose loss is always and everywhere, even among the civilized, a moral catastrophe.⁶

1. The Sacred and the Profane, p. 97.
2. Theory of Literature, p. 191.
3. The Arcana of Symbolism, p. 13.
4. Eliade staaf ook sy bewering a.d.h.v. uittreksels uit Brahmaanse geskrifte: Thus the gods did; thus men do. (Taittiriya Brahmana, I, 5, 9, 4). We must do what the gods did in the beginning (Satapatha Brahmana, VII, 2, 1, 4)
5. Introduction to a Science of Mythology, p. 9.
6. Introduction to a Science of Mythology, p. 102.

Indien die mite alles is wat 'n samelewing saamhou, lei die verdwyning daarvan tot die ontstaan van die mugu, die "outsider", wat sit met die probleem van hoe om te leef sonder 'n lewende mite.¹

Maar alhoewel die vrae wat by die primitiewe mens opgekom het in die grond filosofies van aard was, kan die mite nie sonder meer as 'n vorm van filosofie of metafisika bestempel word nie. Alhoewel hy ook besig was om te probeer lig werp op die mens se bestaan op aarde, was sy mite vir hom letterlik waar. Hy het geen allegoriese interpretasie daaraan toegeskryf nie², omdat hy nie in staat was om te onderskei tussen die konkrete en die abstrakte nie. Mites is nie gemaak nie, hulle het ontstaan. Die primitiewe mentaliteit het nie bewustelik oorgegaan tot die verhulling van abstrakte idees in konkrete vorm of te wel "verhaal" nie, en die mite is letterlik opgeneem.

Die primordiale verhale wat hy vertel het was nie fiksie nie, maar werklikheid. Vandaar die wete dat alles om hom sou terugkeer tot chaos as hy nie presies herhaal wat sy voorvaders aan die begin gedoen het nie. In plaas daarvan om sy mite te formuleer, het hy dit beleef en uitgeleef. Daarom word alle verklarings daarvan 'n algehele ontkenning van die diepste wese van die mite; dit omskep die mitiese wêreld in iets vals of kunsmatig - 'n wêreld wat staan vir iets anders. Soos Cassirer dit stel:

Instead of being a belief, it is a mere make-belief.³

Die mite het nie aan die mens 'n ontsnapping na 'n fantastiese droomwêreld gebied nie. In sy begeerte om ingesluit te wees in

1. Brink, André P.: Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 48.

2. An Essay on Man, p. 74.

Vergelyk met die volgende stelling van Jung: "An allegory is a paraphrase of a conscious content, whereas a symbol is the best expression of an unconscious content whose nature can only be guessed, because it is still unknown." (Aion, p. 6)

3. An Essay on Man, p. 74.

die ewigheidsplan het hy wel probeer om sy droom te verwesenlik deur 'n ekspansie van sy wese¹, maar hy het nooit die aardse verwerp nie. Met die skep van sy mites was hy besig met 'n bevestiging van die werklikheid om hom:

... het gaat er om de mens in de natuur te wortelen, zijn bestaan te verzekeren dat voortdurend aan onzekerheid, aan lijden en aan die dood is blootgestel. 2

Met die personifikasie wat die grondslag vorm van mitologiese voorstelling, oorbrug die mens die afstand tussen hom en die wêreld. Hy neem 'n netwerk om hom waar, waarby alle aardse wesens en verskynsels betrokke is³; hy bevind hom as 't ware in 'n "lewende" wêreld wat met hom spreek, en wat aan hom die verborge samehang in die lewe kan openbaar, mits hy die taal daarvan kan verstaan. Om hom is daar nie 'n duister of sinlose wêreld nie, maar 'n lewende en sinryke kosmos wat vir, en met hom, spreek. Volgens Pierre Maranda is die mitiese proses:

a learning device in which the unintelligible -
randomness⁴ - is reduced to the intelligible -
a pattern.

In die primordiale patroon wat hy om hom waarneem, word die kosmiese ritme van die see en die sirkelgang van die seisoene die manifestasie van orde, harmonie en bestendigheid - 'n lewensritme wat hy oral in die natuur kan waarneem. Die maan word vir hom beeld van die vreemde samehang wat selfs in die aardse verganklikheid bestaan, en bevestig die kontinuering van alle natuurprosesse: geboorte/ontstaan, groei, 'n bloeitydperk, agteruitgang, dood, en hergeboorte. Alles maak deel uit van die ewige wiel van lewe en dood, en op dié oerpatroon projekteer die mens sy eie gevoelens. As hy vermoeid raak, is dit

1. Mythe en Metafysica, p. 13.
2. Mythe en Metafysica, p. 17.
3. Vergelyk Cassirer, E.,: "An Essay on Man, To mythical and religious feeling nature becomes one great society - the society of life." (p. 83)
4. Mythology, p. 8.

dieselfde vermoënis as dié waaronder die natuur gebuk gaan. Die winterslaap is net tydelik, en hergeboorte in die natuur laat die gedagte by die mens ontstaan dat ook hý kan hoop op vernuwing. In sy Aspekte van die Nuwe Prosa meen André P. Brink:

... deur die mite is sin gegee aan die sinlose, samehang aan die onverstaanbare, 'n naam aan die onbekende. Die winterdood kry sin in die dood of gevangeneskap van die Sumeriese Mardoek, die Egiptiese Osiris, die Griekse Dionysos - en in die dood lê die hoop en selfs die sekerheid van 'n heropstanding.¹

Die moord op 'n god gee sin aan dood in die natuur, en dien as aanleiding tot die inisiasie-rituele waardeur die mens toegang verkry na 'n hoër bestaansvlak. Tammuz, Attis, Adonis, Osiris - almal gode wat op onnatuurlike wyse aan hulle einde gekom het - se dood was byvoorbeeld "kreatief" in dié sin dat dit in verband gestaan het met vrugbaarheid op aarde.² Volgens die vroegste mites sterf Attis na sy ontmanning, en bly hy dood. Maar die vegetasiekultus van Attis suggereer dat hy net soos die plantewêreld sterf en herlewe, en uiteindelik kry die mite 'n geestelike betekenis deurdát sy hergeboorte vir die ingewydes in die Cybele-Attis-misteries simbool word van hul eie hergeboorte.³ En hierin was geloof van die allergrootste belang. In Myth in Primitive Psychology deur Bronislaw Malinowski, lees ons: "Myth warranting the belief in immortality, in eternal youth, in life beyond the grave, is not an intellectual reaction upon a puzzle, but an explicit act of faith from the innermost instinctive and emotional reaction to the most formidable and haunting idea." (p. 43)

Samevattend: Die mite is 'n verhaal of kompleks van verhaal= elemente wat beskou kan word as uitdrukking (en ook as simbolisering) van sekere diepliggende aspekte van menslike of

1. Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 42.
2. Sien byvoorbeeld die New Larousse Encyclopedia of Mythology: "At first Osiris was a nature god and embodied the spirit of vegetation which dies with the harvest to be reborn when the grain sprouts." (p. 16)
3. Van Rooy, C.A.: "Die mitiese patroon en sielkundige grondslag in 'Hilaria' van Etienne Leroux," Standpunte, Februarie 1960.

bo-menslike bestaan. Dit gee uiting aan 'n religieuse gevoel, asook 'n ontwakende denke en historiese belewenis. Dit is essensieel 'n godsdienstige term, dit is verhaalskeppende, maar dit is eie aan die religie en vir dié wat daaraan glo, is dit identiek met die waarheid.

Mite en Kollektiewe Onbewuste

Na aanleiding van sy studie van die mitologie het die Switserse sielkundige C.G. Jung tot die gevolgtrekking gekom dat daar 'n basiese eenvormigheid te bespeur is in die verskillende mitologieë van die wêreld.¹ Hy het dié verskynsel toegeskryf aan die feit dat die mitologie inderwaarheid berus op 'n psigiese basis, en dat dit kom uit die Kollektiewe Onbewuste - 'n deel van die psige wat elke mens in gemeen het. Dit wat skynbaar pogings is van die primitiewe gees om natuurverskynsels te verklaar, is volgens Jung die openbaring van psigiese gebeure in die mens self.²

In sy voorwoord tot Mythology maak Pierre Maranda 'n stelling wat beskou kan word as 'n samevatting van die Jungiaanse idee dat die mite in die eerste plek 'n psigiese verskynsel is, en dus iets aangaande die menslike gees kan openbaar. Hy skryf:

The treatment of similar myths from different regions, by arranging them in large compared groups, makes it possible to trace in mythology the operation of imaginative processes recurring with the evident regularity of mental law; and thus stories of which a single instance would have been a mere isolated curiosity,

1. Vergelyk byvoorbeeld P. Freund se Myths of Creation oor die verbasende eenvormigheid wat waargeneem kan word in die verskillende skeppingsmites. Ook die verbrysling van Osiris vind sy parallel in talle primitiewe rituele waar 'n vors of god moet sterf om sodoende die vrugbaarheid van mens en natuur te verseker. (Sien Frazer, Sir James: The Golden Bough, pp. 374, 379.)
2. Vergelyk ook: Aler, J.M.M.: Mythe en Realiteit, p. 77:
"In de mythe worden feiten niet van buiten of scherpzinnig verhelderd, maar van binne uit diepzinnig doorlicht."

take their place among well-marked and consistent structures of the human mind. (p. 7)

Jung het sy bevindings aangaande die mite onder andere verwoord in die werk Introduction to a Science of Mythology¹, wat hy in medewerking met C. Kerenyi geskryf het. Hierin beweer hy dat mites die vormgewing of projeksie is van psigiese gebeure in die onderbewussyn van die mens:

Myths are original revelations of the preconscious psyche, involuntary statements about unconscious psychic happenings. (p. 101)

Net soos die natuur buite ons 'n eie taal spreek (in ons daaglikse simboliek ken ons byvoorbeeld aan 'n roosstruik 'n ander betekenis toe as aan 'n oeroue eik), spreek die natuur in ons 'n eie taal. Vanuit die dieptes van die menslike gees kom simbole na bo, en op 'n bepaalde oomblik word hulle deur die bewussyn opgevang en uitgekristalliseer in die mite of die sprokie vir sover hulle van kollektiewe betekenis is, of in die vorm van die droom of die fantasie, vir sover hulle van individuele betekenis is.² Ons droom dus in oersimbole, en die mite is "a dream of the masses of the people"³

Die onderwerpe en motiewe van dié verskynsels is talryk, maar volgens Jung is dit duidelik dat die simboliese aktiwiteit as sodanig dieselfde bly. Herhaalde gebeurtenisse in die lewens en denke van ons voorvaders - byvoorbeeld die mens se reaksie op vrees, gevaar, die dood, haat, liefde - vorm sekere oerbeelde in die menslike psige, en dié word oorgeërf deur elkeen van ons, net soos in die geval met die fisiologiese dele van die liggaam. Leslie Fiedler noem die argetipes:

"any of the immemorial patterns of response to the human situation in its most permanent aspects: death, love, the biological family, the relationship with the

1. Die werk wat geskryf is na aanleiding van die mitologiese elemente wat Jung waargeneem het in die droomfantasieë van 'n Amerikaanse pasiënt, en wat gelei het tot die finale breuk tussen hom en Sigmund Freud.
2. De Taal van het Onbewuste Zieleleven, p. 11.
3. Sien Kirk, G.S.: Myth. It's Meaning and Functions in Ancient and Other Cultures, p. 273.

Unknown, etc. whether those patterns be considered to reside in the Jungian Collective Unconscious or the Platonic world of Ideas. The archetypal belongs to the intra or meta-personal, to what Freudians call the Id or the unconscious; that is, it belongs to the Community at its deepest, pre-conscious levels of acceptance".¹

Daar bestaan dus sekere psigologiese eienskappe wat eie is aan die mens van alle tye, en wat onveranderd voortleef in die psige. Dit is die Jungiaanse argetipes wat deur Fiedler bestempel word as "those archaic and persisting clusters of image and emotion which at once define and attempt to solve what is most permanent in the human predicament".² Die deel van die psige waar hulle gesetel is, het Jung genoem die Kollektiewe Onbewuste.³ Kollektief, omdat die mite saamgestel is uit kollektiewe emosies - anders as die gevoel wat gepaard gaan met 'n pynlike wond, byvoorbeeld, maar soortgelyk aan dit wat ervaar word tydens 'n sonsondergang of 'n donderstorm, is die mite klaarblyklik kollektief deur die hele gemeenskap ervaar.

Met sy mite het die mens as 't ware die natuur betree, maar die hoofsaak is nie die waarhede wat hy daarbuite wou opspoor nie. Robert Langbaum praat van mites as "created by bringing to the sensuous apprehension of reality the whole mind or imagination",⁴ Alhoewel die mens met sy mites besig was om die wêreld om hom te probeer verklaar, was sy "kennis" in werklikheid wat Jung beskryf het as "the language and outer dress of an unconscious psychic process".⁵ Wat binne die mens plaasgevind het, is van veel groter belang as dit wat hy om hom kon waarneem.

In The Archetypes and the Collective Unconscious skryf Jung:

Primitive man is not so much interested in objective explanations of the obvious, but he has an imperative

1. No! in Thunder, pp. 316/17.
2. Idem, p. 299.
3. Vergelyk Aion, p. 174: "Mythology in general expresses the quintessence of inner experience and thus formulates the operative principle of the objective psyche, i.e. the collective unconscious."
4. The Modern Spirit, p. 89.
5. The Collected Works 9 (i), p. 6.

need - or rather, his unconscious psyche has an irresistible urge - to assimilate all outer sense experience to inner, psychic events.¹

Die binnelewe word dus na buite gebring, en kry daar 'n eie gestalte. Dié uitlewing deur gestaltes word deur Jung genoem "projeksie"²; ook Van der Leeuw in sy De Mensch en de Religie beweer:

Men kan dit projectie noemen, daar de figuren der mythe de reflectie zijn van de gevoelens en gedachten door de levenswerkelijkheid in de ziel opgeroepen.³

Die mite is dus die uitbeelding van hoe die betrokke natuur= verskynsel deur die mens ervaar en beleef is, en ons kan inderdaad praat van die mite in die mens. Jung stel dit soos volg:

the psyche contains all the images that have ever given rise to myths, and ... our unconscious is an acting and suffering subject with an inner drama which primitive man rediscovers, by means of analogy, in the processes of nature both great and small.⁴

Vir die primitiewe mens was dit nie genoeg om te sien hoe die son sak en weer die volgende oggend opkom nie; die uiterlike waarneming was tegelykertyd 'n psigiese gebeurtenis. Die son op sy baan moes die lot van 'n lewende wese voorstel: 'n god of held wat bedags sy strydwa deur die hemel dryf, saans deur 'n draak ingesluk word, en na 'n bloedige geveg weer gebore word.

Lévy-Bruhl het gebruik gemaak van die term participation mystique om dié verskynsel te beskryf. Omdat die primitiewe mentaliteit nie in staat is om 'n skerp onderskeiding te tref tussen homself

1. The Collected Works, 9 (i), p. 6.
2. Die mite is die "symbolic expressions of the inner unconscious drama of the psyche which becomes accessible to man's consciousness by way of projection - that is mirrored in the events of nature".
An Introduction to Jung's Psychology, p. 26.
3. De Primitiewe Mensch en de Religie, p. 82.
4. The Collected Works, 9 (i), p. 7.

en sy omgewing nie, het alles wat buite hom plaasgevind het, terselfdertyd binne-in hom gebeur. Daarom is die mite die uitbeelding van wat binne die mens gebeur terwyl hy die son sien opkom, dit deur die hemelruim sien beweeg, en dit saans uit sy gesig verdwyn.¹

In die mitologie vind ons dus die weerspieëling van die gevoelens en gedagtes wat in die mens opgeroep word deur die lewenswerklikheid om hom. Schuurman noem dit 'n antieke diepte-sielkunde²; hy skryf:

In de dromen der mensheid, die wij mythen noemen, vinden wij een schat van diepte-psychologische ervaringen, een rijkdom aan een soort voorbewust aanvoelen van ontstaan en uitwerking der menselijke problematiek.³

As universele kenmerke van die menslike psige deur die eeue heen kan die mites van die mens dus bestempel word as "the symbolic representations in time of our timeless ideals".⁴ Die mite verlaat die mens nooit nie - dit is "a story that was told in many fashions, yet remained the same". Ook in hierdie tyd hang die mens nog sy mites aan, omdat daardie kragte wat die primitiewe mens aangespoor het tot die skepping van sy mites nog al die tyd in hom voortleef. Maranda gee die volgende samevatting van die mites van ons tyd:

The triumph of the small but clever one over the clumsy giant may be narrated by an elder in a remote European hamlet in the form of a folktale or it can be found on television and cinema screens, not to mention comic strips. It is also repeated in wide-circulation magazines and newspapers in the North American advertisements of Volkswagen cars. Like the clever

1. An Introduction to Jung's Psychology, p. 26.
2. De Taal van het Onbewuste Zieleleven, p. 27.
3. Idem, p. 19.
4. Theory of Literature, p. 191.

little one, like the Bible's David, the buyer of a VW has plenty of power in reserve - mental power (as he beats the system, Detroit's big vehicles).

Then, it makes little difference, still in technological societies, that the metamorphosis of a "beast" into a handsome male, who will conquer the glamorous princess in the Eden of ads, be the work of a tradition-consolidated magical agent or of mass-media established brands of deodorants or mouthwashes. Little does it matter, similarly, whether Cinderella becomes a mysteriously seductive woman with the help of her godmother or that of a skin-beautifying soap. Technology convinces us that it can achieve what our forefathers thought magic would do. The syntagmatic chains that moulded, and lived through, our ancestors, still perpetuate themselves among us, from the poet to the advertising agency, the cartoonist to the scriptwriter to the novelist. And our paradigmatic sets are also consistently traditional: variations in content erode semantic grooves very little, for the functions that direct the flow of imagery are as deeply seated as our conceptual habits. Cinderella, salesgirls, devoted housewives, Jack (of the beanstalk), newspaper boys, tired executives - all feel, at the back of their minds, the nagging dream of the great adventure that culminates in longlasting and private blissfulness.¹

Die verdeling van die psige: Bewuste, Persoonlike Onbewuste, Kollektiewe Onbewuste

Die betekenis van die begrip onbewuste is aanvanklik beperk tot dié inhoud van die menslike psige wat bestaan uit onderdrukte of vergete gevoelens. As sodanig was dit dan slegs 'n stoorplek vir suiwer persoonlike ervarings.

In Introduction to a Science of Mythology, o.a., wys Jung

1. Mythology, pp. 16/17.

daarop dat dit uit talle onafhanklike ondersoeke van mediese sielkundiges op geestelik versteurdes, senuweelyers sowel as normale persone, blyk dat die onbewuste uitgebrei moet word om 'n dieper, meer onpersoonlike laag te bevat. Hy voer aan dat nie ál die vreemde ondervindings en visioene van die verskillende pasiënte verklaar kan word aan die hand van 'n persoonlike verlede nie. In sekere drome, net soos in die skeppinge van psigoses, is daar 'n groot aantal motiewe waarvoor parallelle alleen in mitologiese assosiasies gevind kan word. (Of moontlik in sekere digterlike of ander kunsskeppings wat dikwels tekens dra van 'n ontlening - nie altyd bewustelik nie - aan mites.) Dié verskynsels kan nie verklaar word deur die opdiep van vergete of onderdrukte kennis uit die persoonlike onbewuste nie.

Jung het tot die gevolgtrekking gekom dat die basiese eenvormigheid in mites ooreenstem met dié wat waargeneem kan word in die gedagtes van sy pasiënte. Saam met die persoonlike elemente in die menslike psige is daar klaarblyklik ook onafhanklike, onpersoonlike en outonome bestanddele wat teruggevoer kan word deur die eeue - blykbaar tot by die ontstaan van die mensdom. Die mite was as 't ware vir Jung die bewys van so 'n outonome sy van die menslike psige. Dié deel het hy genoem die Kollektiewe of Objektiewe Onbewuste.

As die Kollektiewe Onbewuste gepersonifieer sou word, sou dit bestempel kan word as 'n kollektiewe wese wat manlike en vroulike elemente kombineer; wat uitstyg bó jeug en ouderdom, geboorte en dood, en wat bykans onsterflik is, weens die ervaring van miljoene jare.¹

Jung het gevolglik onderskeid gemaak tussen die Persoonlike en die Onpersoonlike of Kollektiewe Onbewuste. Die menslike

1. Modern Man in Search of a Soul, p. 215.

psige - wat hy bestempel het as "the totality of all psychological processes, both conscious as well as unconscious"¹ - het hy verdeel in drie lae: die Bewuste, wat aan die oppervlakte lê, daaronder die Persoonlike Onbewuste, en op die diepste vlak die Kollektiewe Onbewuste. Die inhoud van die Persoonlike Onbewuste het hy genoem komplekse, en dié van die Kollektiewe Onbewuste argetipes. Die argetipes kan bestempel word as dinamiese oerpatrone wat in die mens se psige vasgelê is, en wat rigting en patroon gee aan die mens se lewensenergie, baie soos rivierbeddings die rigtings van die waters bepaal.² Hulle is die skeppende beginsels van alle geestelike aktiwiteit, wat van die libido (psigiese energie) gebruik maak vir hulle manifestasie.³

Die Bewuste

Toe Jung die bewuste beskryf het as "the state of association with the ego"⁴, het dit eintlik beteken dat die bewuste, net soos die ego, hoofsaaklik gemoeid is met aanpassing by die eksterne werklikheid, en dat dit oorheers word deur die denke. Alles wat ons op die oomblik weet en ervaar is daarin bevat, en gevolglik wissel die grense daarvan gedurig. Ons kan byvoorbeeld dinge vergeet: ons kan "onbewus" word daarvan, maar vroeër of later kan ons weer "onthou", en dan keer hulle weer terug na die bewuste.

In The Integration of the Personality (p. 3) omskryf Jung die bewuste as: "the sum total of representations, ideas, emotions, perceptions, and other mental contents which the ego acknowledges".

1. Jung, C.G.: Psychological Types, p. 588.
2. Du Preez, J.P.A.: "Jung by die Silbersteins", Sestiger, Februarie 1965, p. 19.
3. Van Rensburg, F.I.J.: Standpunte, Augustus 1972, p. 14.
4. Contributions to Analytical Psychology, p. 81.

Die Persoonlike Onbewuste

Hierdie is 'n min of meer oppervlakkige laag van die Onbewuste, en dit dra 'n onteenseglik persoonlike stempel. Dié deel van die psige word gevorm deur al die persoonlike ervarings van die mens waarvan die aandag op 'n spesifieke stadium weggekeer is. Die inhoud hiervan ontstaan soms weens die feit dat die mens sekere dinge bewustelik onderdruk, maar gewoonlik is dit slegs 'n doodgewone kwessie van dinge wat vergeet raak.¹

Die Kollektiewe Onbewuste

Dié laag van die psige, die domein van die argetipes, gaan dieper as die Persoonlike Onbewuste, en spruit nie uit persoonlike ervarings nie. Dit is ingebore of oorgeërf, en kan derhalwe nie herlei word na persoonlike ervarings in die lewe van die individu nie. Dit moet liever beskou word as dié deel van die menslike psige wat nog altyd daar was, en wat die wysheid van die eeue tot sy beskikking het. Terwyl ons dink in terme van jare, dink en reageer die onbewuste in terme van duisende jare.

Alhoewel dit lyk of elke persoon 'n individualistiese psige van sy eie het, bevat hy inderwaarheid 'n deel in sy siel wat nie onderskei kan word van dié van die res van die mensdom nie. Soos die fisiologiese en biologiese eienskappe van die mens, is hierdie die bodem van die siel wat die hele menseras in gemeen het. In die kollektiewe deel van die psige is die wesenlike natuur van die mens geleë. Jung skryf:

The conscious mind is based upon, and results from, an unconscious psyche which is prior to consciousness and continues to function together with, or despite, consciousness ...

...

The unconscious is prior to conscious mind, and it is autonomous; it has a law unto itself.²

1. The Collected Works, 9 (i), p. 155.
2. Integration of the Personality, p. 13.

Omdat hierdie deel van die psige nie individueel is nie, maar universeel, het Jung dit gekarakteriseer met die woord kollektief. In kontras met die persoonlike onbewuste, het dit 'n inhoud of gedragswyse wat min of meer dieselfde is in elke persoon. Jung het veral nadruk gelê op die universele karakter daarvan:

it has contents that are more or less the same everywhere and in all individuals. It is, in other words, identical in all men and thus constitutes a common psychic substrata of a supra-personal nature which is present in everyone of us.¹

Schuurman noem dié verborge deel van die psige "de vitale sfeer", en hy beskryf dit uitvoeriger in die volgende uittreksel:

... hier vinden we het wezen der ziel uitgedrukt in het grondpatroon: in dit grondpatroon leeft de tijd niet meer, er is alleen maar tot het eeuwige, het tijdloze, het heden. In ons bewustzijn zijn we geheel in de tijd gevangen, we kunnen niet anders denken dan in verleden en toekomst. Het heden kunnen we nooit begrijpen met ons bewustzijn. In de diepte is de belevenis van het tijdloze en aan de oppervlakte het beleven van de tijd, maar hiertussen ligt een gebied van overgang. Hoe dieper we in de ziel afdalen hoe intenser de processen die zich afspelen.²

Hoe dieper daar afgedaal word in die onbewuste, hoe digter kom 'n mens by die driflewes, en hoe groter word die spanning.
(Sien later)

Die inhoud van die Kollektiewe Onbewuste, die argetipes, is 'n moeilike verklaarbare begrip, aangesien hulle voorkom in 'n gebied waarvan ons uiteraard geen direkte kennis kan hê nie.

1. The Collected Works, 9 (i), p. 155.

2. De Taal van het Onbewuste Zieleleven, p. 47.

Aangesien die Kollektiewe Onbewuste 'n universele aspek van die psige is, is ook die argetipes van die begin van die mensdom af aanwesig in elke individu - as primordiale beelde behoort hulle aan die hele mensdom, en maak hulle hul verskyning in die mitologie, die religie, die mistiek, alchemie, drome, fantasieë en visioene.

Die inhoud (d.w.s. die figure en gebeure) van die mites wissel wel van een kultuur tot 'n ander, maar die patroon waarvolgens die mitevorming geskied bly dieselfde - dit is die mite-vormende element wat inherent is in die struktuur van die menslike psige.

Dit is moontlik om sekere figure te onderskei weens die klaarblyklike invloed wat hulle deur die eeue heen op die mens gehad het.

Maar na 'n deurtastende ondersoek het Jung die vernaamste uitgesonder: die persona, die skaduwee, die anima en animus, die ou wyse man, die moeder, en die self.

Op etnologiese vlak maak hierdie argetipes hul verskyning in mites en sprokies. Maar hulle word ook gevind in elke individu, waar hulle effek die sterkste is wanneer die invloed van die bewuste minder intens is - soos byvoorbeeld in drome, visioene, die fantasieë van psigopate of jong kinders, dronkenskap, die laaste momente voor die sterwe, of ander situasies waar die psige onderhewig gestel word aan een of ander krisis of patologiese regressie. Fiedler sê byvoorbeeld: "In fantasy and terror, we can return to our common source".¹ In sulke gevalle verminder die invloed van die bewuste oor die onbewuste, en die skeidslyne van die psige val weg. Die onbewuste oorstroom die grense van die bewuste, en die mens bevind hom in 'n geestes=toestand soortgelyk aan dié van die primitiewe mens. Die drifte vind 'n onbelemmerde uitweg, en die verskil tussen werklikheid en droom verval.

1. No! in Thunder, p. 327.

HOOFSTUK II

DIE MITE IN DIE LETTERKUNDE

In the beginning was mythos, and each new beginning must draw again from that inexhaustible source.

Ten spyte van die feit dat die ou verhale oor Zeus en Herakles en Prometheus en Osiris - om maar enkeles uit te sonder - al lank nie meer as waar beskou word nie, is die spel op 'n mitiese grondpatroon 'n redelike universele verskynsel in die letterkunde.

Maar dit is veral in die sogenaamde "nuwe" roman, met sy belangstelling in die psige van die mens, dat dit 'n belangrike strukturele rol begin vertolk - die Afrikaanse romankuns van Sestig was by uitstek 'n beweging van mites.

Volgens Leslie Fiedler slaan die moderne prosa twee uiteenlopende weë in met sy aanwending van die mite; hy onderskei tussen wat hy noem die "naïewe" - en die "gesofistikeerde" metodes.²

Skrywers soos Arthur Conan Doyle, Graham Greene en Robert Louis Stevenson hoort volgens hom tot die "naïewe" groep, met sy "shoddy and cheaply popular evocation of archetypal themes".³ Die seunsverhaal en riller is voorbeelde van dié tipe verhaal waarin die pittoreske nooit volkome plekmaak vir die metafisiese nie. Dít wat Fiedler noem die "timeless movement of archetypes in the psyche" kry nooit die oorhand oor die aktuele verhaal nie. Tewens, dit is eerder 'n kwessie van die onbewustelike oproep van mitologiese temas. Oor die mitologiese temas in Stevenson se romans (Treasure Island, Kidnapped, The Master of Ballantrae, Weir of Hermiston) skryf Fiedler:

... the organizing mythic concept might be called the Beloved Scoundrel or the Devil as Angel, and the books make a series of variations of the theme of the beauty of evil - and conversely the unloveliness of good.⁴

- . Byvoorbeeld Dante se Commedia, Shakespeare se A Midsummer Night's Dream, The Tempest, en Milton se Paradise Lost - om enkele uitsonderings te maak.
- . No! in Thunder, p. 308.
- . Idem, p. 78.
- . Idem, p. 79.

Daarnaas vind ons die "gesofistikeerde" groep, met kunstenaars soos James Joyce en Thomas Mann, wie se gebruik van die mite deur Fiedler beskryf word as iets wat lei:

... from the inward novel of character, through psychological naturalism, to symbolism and beyond to the conscious manipulation of the mythic ...¹

In dié geval dus die psigologiese gebruik van die mite by die sogenaamde "symbolist"-skrywers. Van belang vir hulle is die mens en sy ervaring van die wêreld, en nie soseer 'n boeiende verhaal nie.

Dit is hierdie groep wat vir ons van belang is, want ook by Etienne Leroux word daar bewustelik gebruik gemaak van 'n mitologiese grondpatroon en argetipiese beelde. Ook by hom is die belangstelling vir die innerlike gebeure - of te wel dié wêreld waar mites ontstaan - groter as die begeerte vir 'n boeiende verhaalelement in die konvensionele sin van die woord. Dit word 'n ontginning van die mikrokosmos van die menslike psige, en dui op die nuwe avontuur en terugvlug - op die groot reis inwaarts, al inner die mens in.²

Dit is juis die afwesigheid van die mite in die moderne tyd wat blykbaar die hoofrede is vir die hedendaagse skrywer se belangstelling daarin. Om Wellek en Warren aan te haal:

... when long-felt, self-coherent ways of life (rituals with their accompanying myths) are disrupted by "modernism",

1. No! in Thunder, p. 78.
2. Vergelyk Langbaum, Robert: The Modern Spirit, pp. 81/82: "With the mythical method, the modern writer can render the disordered surface of modern life while showing how nevertheless the mythical patterns inevitably reassert themselves at the unconscious roots of existence." Karl, Frederik en Magalaner, M.: A Reader's Guide to Great Twentieth Century English Novels: "Novelists like Conrad, Lawrence and Forster, sickened by the world industrialism had nurtured, turned to creating protagonists who contain the mythical virtues of integrity, unity, and belief in personal values. The new discoveries in myths, science, and psychology turned the modern character in upon himself, for he somehow realises that survival must come from within." (p. 36)

most men (or all) are impoverished: as men cannot live by abstractions alone, they have to fill their voids by crude, extemporized, fragmentary myths (pictures of what might be or ought to be). To speak of the need for myth, in the case of the imaginative writer, is a sign of his felt need for communion with his society, for a recognized status as artist functioning within society.¹

'n Herontdekking van die mite en die mitologie, dus, - net die gedagte dat daar vroeër mites was, is ook deel van die mitiese struktuur.² En dit kan toegeskryf word aan die tyd waarin ons leef. Met twee kortopeenvolgende wêreldoorloë om by te dra tot die gedesillusioneerdeheid van die mens, rewolusionêre ontdekkings in die wetenskap, en 'n nuwe geestesklimaat geskep deur mense soos Darwin, Einstein, Jung, Freud, Bergson, Proust en andere, bevind die mens hom in 'n tyd waarin sekerhede verander het na relatiwiteite. Ou begrippe en waardebepalings - die mens se hele beeld van die werklikheid - klop nie meer met die natuurwetenskap, die tegnologie, met die nuwe fenomenologiese indink en die nuwe religieuse en filosofiese denke nie. Terwyl die wetenskap en die tegnologie met rasse skrede ontwikkel, lei die verstandelike oorywerigheid van die mens tot die dood van sy mites, en net die leegheid bly oor. Hy bevind hom te midde van twee wêrelde - die wêreld daar buite, en die wêreld in hom, en terwyl hy uiterlik floreer, gaan hy geestelik mank.³

1. Theory of Literature, p. 192.
2. Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 48.
3. Jung het die dilemma waarin die moderne mens hom bevind o.a. toegeskryf aan die ontbinding van die persoonlikheid wat plaasvind a.g.v. die breuk wat daar ontstaan tussen bewuste en onbewuste. Daarvolgens is dit die materialistiese uitkyk op die lewe wat lei tot die verwaarloosing van die psige, en wat van die moderne mens 'n neurotiese wese maak.

Gevolgtlik is daar 'n nuwe instelling teenoor die werklikheid en die self by die denkende mens: die afgooi van konvensionele bande en 'n drif-tot-eie-ondersoek. Vandaar die opdoem van die absurde, die tragie-komiese en eksistensiële motiewe soos dié van die "outsider" - alle vastighede word laat vaar, en die avontuur is geleë in die ervaar en die ontdek van self en wêreld asof dit nog nooit vantevore geken is nie.¹ En vandaar die belewenis en die beelding van die mens in die letterkunde as verskeurd en bedroë, as klein en eensaam, soekend na kontak met sy medemens in 'n wêreld waarin alle sekerhede tot niet gegaan het; waarin alle verbande verlore geraak het, en waarmee hy alle kontak verloor het. Te midde van 'n ontwortelde bestaan is die moderne mens "'n dwalende op soek na 'n singewende mite". Die taak van die mite is juis om sin te gee aan die lewe en hoe groter die sinloosheid is, hoe meer het die mens die mite nodig - vandaar die hedendaagse belangstelling in die mite.

Hieruit dan die reis- en pelgrimsfiguur in die nuwe kuns, en die siening van die romanskryfproses as 'n soektog waarin daar 'n ontdekking gemaak moet word. Waar die ou roman 'n oorskou van 'n afgelope en volledig sigbare werklikheid is, word daar in die nuwe roman telkens soektogte onderneem. Dus 'n nuwe kunsbenadering wat saamhang met die nuwe benadering tot die wêreld; die literatuur en in besonder die roman word die produk van 'n grondige besinning op die lewe. Die mens bevind hom in 'n dwaal, en die skrywer se verkenning van die lewe word ook 'n verkenning van die literatuur, in 'n poging om aan die leser nuwe betekenis te probeer gee in sy soektog na 'n absolute waarde in dié wêreld waarin hy 'n buitestaander geword het. En soos daar in die 18de eeu, met die Neo-Klassieke tydperk, teruggegryp is na die verlede, is daar ook hier weer die ontdekking en verkenning van 'n verlore tyd. Een van die maniere waarop die mens sy vreemdelingskap kan ophef is om weer opgeneem te word in die ou miteryk van die mens. En nou word die mite - dít wat eens op 'n tyd aan die mens 'n versekering van sy bestaansreg kon

1. Van Rensburg, F.I.J.: Die Smal Baan, p. 177.

bied; wat sin en betekenis kon gee aan die lewe; wat die breuk tussen die aardse en die goddelike kon heel - die nuwe ankerplek. In plaas van 'n skep-proses, is die taak van die skrywer nou daarin geleë om 'n waarheid te ontgin wat alreeds daar is, maar wat verlore geraak het.

Na aanleiding van die Homeriese grondpatroon in James Joyce se Ulysses beweer T.S. Eliot dat die gebruik van 'n agtergrondsmite 'n besondere strukturele funksie in die roman vertolk: met sy "mitiese metode" bewerkstellig die kunstenaar nie slegs 'n voortdurende parallel tussen die hedendaagse en die oudheid nie, maar dui hy ook 'n weg aan waarvolgens vorm gegee kan word aan die futiliteit en die anargie van die moderne lewe. Joyce bereik meer as 'n blote weergawe van die chaos. In dié lewe waar alles onseker is, is die mite:

a way of controlling, of ordering, of giving a shape and a significance to the immense panorama of futility and anarchy which is contemporary history.¹

Brink heg twee funksies, wat mekaar nie noodwendig hoef uit te sluit nie, aan die gebruik van die mite in die roman. (Die eerste hou gedeeltelik verband met die sogenaamde kontinuïteitsbeginsel);

- i) daardeur kan aangedui word dat sekere handeling en patrone van die mens deur die eeue heen eenders gebly het - maar dat wat eers sinryk was, nou blote gebaarspel sonder inhoud geword het: eers was daar 'n religie, nou 'n dogma;
- ii) daardeur kan sin gevind of geskep word in die sinlose van vandag, kan nuwe inhoude, 'n nuwe wonder in die hart van die skynbare futiele of absurde geopenbaar word.²

Die skrywer, "profeet" in die samelewing, probeer die leemte

1. Sien Karl, Frederik en Magalaner, M.: A Reader's Guide to Great Twentieth-Century Novels, p. 35.
2. Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 42.

vul deur die ou verhale, wat sin kon gee aan die lewe, te "herdig". Deur 'n nuwe tegniek wil hy die ou bekende bevestig - "nie omdat die verlede as verlede so belangrik is nie, maar omdat dit herontdek moet word om 'n hiërargie van waardes te herstel - om iets te hê wat as resonansieruimte vir die hede kan dien, iets wat die hede in perspektief kan plaas, dit daarom ook kan relativeer".¹

Die mite gee historiese perspektief. In 'n sekere sin word dit by almal 'n poging om die besondere gebeurtenis in perspektief te plaas. Die verlede word nie herroep om eie ontwil nie, maar met die doel om een of ander tydskommentaar te lewer. Kannemeyer stel dit soos volg:

Die funksie van so 'n oorteks in 'n roman kan wissel van werk tot werk, maar in 'n sekere sin is dit by almal 'n poging om die onmiddellike ervaring of gebeurtenis in 'n historiese perspektief te plaas en aan die futiliteit en anargie van die moderne lewe (in sy wydste sin) vorm te gee. Die verlede word op so 'n wyse direk aanwesig in die hede.²

Dit is nie net die ooreenkomste tussen hede en verlede wat van belang is nie; ook deur die verskille word iets aan ons gesê. Enersyds word die tydsgrense uitgebrei tot in die verre verlede (en by implikasie ook tot in die verre toekoms), en word die aandag gevestig op die kontinuïteit van die uitgebeelde situasie. Die betrokke verhaal word van sy toevalligheid ontnem, en verkry algemene geldigheid. (Hierteenoor word die tradisionele roman in baie gevalle 'n sterk tydsgebonde verhaal.) Maar andersyds word 'n ekstra dimensie verleen deurdat die nuutste gedaante van die held, byvoorbeeld, "petietserig en peuterig" (Brink) voorkom. En daarin lê ook 'n sterk tydskommentaar: "So was dit ... kyk hoe lyk dit nou ..."³

1. Die Stem in die Literêre Kunswerk, p. 159.

Vergelyk ook A Reader's Guide to Great Twentieth-Century English Novels, p. 35, oor die mitiese metode: "it allowed still another relationship, this one in time, and permitted the alert novelist to dredge up old myths and reinterpret them in the light of modern experience."

2. Die Stem in die Literêre Kunswerk, p. 159.

3. Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 42.

Die romankarakters word soorte¹, as 't ware instrumente waardeur daar kommentaar gelewer word op die hedendaagse samelewing. Die kunstenaar bied aan ons "a new look ... by means of an old ... setting."²

C.A. van Rooy³ onderskei tussen twee mitiese metodes waarvolgens die skrywer te werk mag gaan. Met die "artistieke" metode kan hy die mite hoofsaaklik gebruik om 'n samehangende patroon aan sy verhaal te verleen. Tog is dit nie 'n "fictional device" wat bloot op uitwendige parallele tussen die mitologiese en die verhaalde gebeure gebaseer is nie. Die mitologiese figure en gebeure dien naamlik as sleutels tot die wese en dieper betekenis van die karakters, hulle ondervindinge en hulle verhoudings tot mekaar. Om die universele in die karakters en die gebeure van die verhaal aan te dui, korreleer die skrywer hulle met hul onderskeie oertipes in die mitologie.

Maar die skrywer kan die analogie ook op 'n sielkundige grondslag plaas, op grond van verskillende sielkundige hipoteses. Joyce se Ulysses is blykbaar hoofsaaklik gegrond op Freud se leer van droomsimbole. Leroux baseer sy romanbeskouing op die mite-opvatting van Jung, Kerenyi en andere, wat die begrip van 'n Kollektiewe Onbewuste aanvaar, en die mite in die lig daarvan interpreteer. Die mitologiese figure wat in sy werk voorkom, word die verpersoonliking van die universele psigiese gebeure in die mens - hulle is as 't ware projeksies van die mees universele gedagtes, gevoelens, strewes en begeertes van die menslike psige. Op die diepste vlak van die psige word die mens se karakter en handeling deur dieselfde argetipiese prosesse bepaal wat in die mitologiese figure en gebeure hulle gestalte vind. Gevolglik kan daar 'n analogie vasgestel word tussen menslike karakters as handelende wesens, en mitologiese

1. Terwille van die satire word die karakter tipe; terwille van die psigiese beelding argetipe.
2. Burgess, Anthony: The Novel Now, p. 135.
3. Standpunte, Februarie 1960, p. 31.

prototipes, of samestellings van sulke prototipes. Die lewende mite word belewe, is saamgestel uit 'n patroon van simbole wat sedert die oertyd van die mens se bestaan alreeds daar is, word deur die hele geskiedenis spontaan uit die menslike psige gebore in ooreenstemming met bepaalde prosesse daarin as 'n blootlegging van die innerlike kosmos van die menslike psige.¹

Die mens het behoefte aan 'n lewegewende mite - aan iets waaraan hy teen alle rede in kan glo. As voorbeeld van die lewende mite noem Van der Leeuw die Nagmaal:

En zoo noem ik dan het verhaal, dat dagelijks bij de bediening van het Sacrament neen - niet wordt voorgelezen, maar wordt herhaald, in het vaste geloof, dat, even zeker als het verhaal herhaald wordt, God de verlossende werkelijkheid herhaalt van het gebeuren, dat door dit verhaal wordt gedragen.²

Hier is mite en ritueel, dit wil sê heilige handeling, één; is die mite absoluut werklikheid. In die diepste van sy wese dors die mens na dié soort standhoudende mite, en juis daarin is die psigiese krisis van die moderne mens geleë - sy drang bly onbevredigd omdat daar so weinig oorgebly het om aan te glo. Daarom kan Jock Silberstein beweer dat die formule in die plek van die mite gekom het; daarom seek die mens leë plaasvervangers soos Bee Bee Doo.³ Hy glo aan die Skim, Tarzan, James Bond; sy godinne is Marilyn Monroe⁴ en Brigitte Bardot - almal "pictures of what might be or ought to be". Op bladsy 68 sê die Knol: "Black Power het die name van Hoagy Carmicheal, Leroy Jones en Martin Luther King verhef tot die gode van Olympus". Dit is 'n tyd waarin ons kan sê: "What is lost ... is the sense of reverence and astonishment ... which alone breeds pietas ..."⁵

1. Mite, p. 67 en verder.

2. De Primitieve Mensch en de Religie, p. 113.

3. Simbool van die prikkelpop van die twintigste eeu.

4. Vergelyk die stelling deur Allen Churchill en Hans Nogly in SCOPE: "Dead, buried, but not forgotten, she lives in the collective consciousness of the millions who worshipped this cinema goddess in life. And now in death." September 7, 1973, p. 26.

5. No! in Thunder, p. 301.

Die tradisionele intrige van die cowboy-prent is analoog aan dié van die ou mites. Die stryd tussen cowboy en crook in die Wilde Weste-rolprent is vir die mens van die twintigste eeu sy stryd teen die argetipiese monster; in die speurverhaal identifiseer hy homself met die speurder net soos die primitiewe mens hom met sy mitiese held vereenselwig het.

Die ou mite is dood, maar in sy plek kom die nuwe mite, omdat die mens nie sonder sy mites kan leef nie - met abstraksies alleen kan hy nie klaarkom nie. Van der Leeuw skryf soos volg oor die bevrydende mag van die mite:

... in de werkelijkheid, die wij ontmoeten, zoekt de mensch niet allereerst de abstractie, niet de wetmatigheid of de algemeengeldigheid; hij zoekt en vindt er de levende actie. Het Ik zoekt en vindt het Gij, en de ervaring wordt eers kennis, de kennis eers wetenschap, wanneer de werkelijkheid ons in de gedaante van een handelend Gij tegemoet treedt ... Van hieruit verstaan wij ook de bevrijdende macht, die de mythos, zelfs in den vorm van het sprookje, nog altijd over ons heeft. Wij voelen ons bevrijd, wanneer wij Doornroosje hooren vertellen, niet, omdat wij de daar verhaalde feiten voor waar houden, maar omdat wij uit de wereld van abstractie terugkeeren in onze eigen wereld, een wereld, die bij menschen past.¹

In sy lesing in Woordwêreld gee Leroux drie voorbeelde van wat kan gebeur as die mite tot niet gaan: in die geval van Koestler 'n absolute gevoel van verlatenheid, by Zweig selfmoord, by Nietzsche 'n psigose.²

Dit is 'n lewende mite wat 'n bevolkingsgroep in staat kan stel om groot gevare te trotseer en te deurstaan. Waar die sogenaamde "primal vision" waarop die mite gebaseer is, sterk genoeg is, triomfeer die volk; waar dit nie die geval is nie, moet die skeppende minderheid deur 'n proses van hergeboorte gaan om die leemte te vul - die proses van regressie en progressie, waarop die hele begrip van Jung se leer van die individuasie

1. De Primitiewe Mensch en de Religie, p. 99.

2. Bladsy 68.

gebaseer is¹ - en in die mikrokosme van hulle eie psige die ware, lewegewende simbole herontdek en die lewende mite vir die groep laat herleef. Terwyl die mite nog net in gevalle vorm voortleef, is dit die taak van die kunstenaar om hom in homself in te keer en om daar nuwe simbole vir die gemeenskap te vind.² Hy moet hierdie wêreld interpreteer; in 'n tyd wat sy verband met die mite so totaal verloor het, moet hy sekere waarhede wat verborge lê agter die werklikheid uitwys. Daarom is dit onder andere nodig dat hy sy eie ervaring simbolies beleef en aandui. Die simbool en die lewende mite word gevind deurdat hy hom in homself inkeer, en deur middel van instromende beelde kan deurdring tot dié bron waar, volgens Kerenyi, "the world breaks in".³ Hoe dieper die insig van die skrywer geput word uit die universele "bron", hoe suiwerder, hoe meer universeel, hoe meer argetipies is sy visioen.⁴

Met sy besondere talent het die skrywer die vermoë om die ontwykende inhoude te probeer formuleer; moet hy eksperimenteer omdat hy daardeur waarhede te voorskyn kan bring en nuwe formules kan vind waardeur die onsêbare gesê kan word. Hy skryf nie meer oor opsigtelike landsprobleme nie, maar as mens gee hy uiting

1. Die mees fundamentele patrone van die libido-beweging is dié van progressie en regressie. Progressie vind plaas as die psigiese energie op skeppende wyse na die buitewêreld kan beweeg. Wanneer dit plaasvind, ondervind die individu 'n gevoel van welsyn. Maar wanneer die progressie belemmer word, verdwyn die gevoel van welsyn, en psigiese harmonie word vervang met friksie.
2. Volgens Jung is die simbool, wat op spontane wyse in die onbewuste ontstaan, in staat om as bemiddelaar op te tree en bewuste en onbewuste met mekaar te versoen: "...though there are many interim solutions, there is at the bottom of every neurosis, a moral problem of opposites that cannot be solved rationally, and can be answered only by a supraordinate third, by a symbol which expresses both sides." (Aion, pp. 180/81). As die rykste bron van simbole is die mitologie dus in staat om die verlore harmonie terug te bring. "Myths and fairytales give expression to unconscious processes, and their retelling causes these processes to come alive again and be recollected, thereby re-establishing the connection between conscious and unconscious." (Aion, p. 180)
3. Volgens Kerenyi, aangehaal deur Steenberg, D.H.: Tydskrif vir Letterkunde, November 1973, p. 7.
4. Idem. p. 7.

aan die aard van menswees.¹

Volgens Jung is daar dus 'n parallel tussen die skepping van 'n mite en die proses van individuasie ; die lyding van die held in die ou mites, en die desintegrasie en hergeboorte van die individuasiëprosesse.² In die eerste geval vind die proses plaas in die gemeenskap, in die tweede plek is daar 'n ekwivalente proses in die individu. Die beeldloosheid van die mens kan deur wedergeboorte vervang en die identiteit van die ontmaskerde mens van voor af vasgestel word - dis die taak van die skrywer. Die ontstaan van 'n roman is verbind aan 'n psigiese proses. In Gesprekke met Skrywers (p 50) verduidelik Leroux: "As die mens homself oop maak na binne toe, skryf hy uit die onbewuste uit, en wat dan bo uitkom, word deur die rede (byvoorbeeld die skryftechniek hier) vorm gegee, dit wil sê op 'n eie manier word 'n simbool gevind. Met ander woorde die psigiese energie kom ongeformuleerd uit en die "ek" probeer dit in 'n simbool opvang of formuleer".

Leroux maak dus bewustelik gebruik van die mitiese metode waardeur: "the modern writer can render the disordered surface of modern life while showing how nevertheless the mythical patterns inevitably reassert themselves at the unconscious roots of existence."³

Die kunstenaar se terugkeer na die ou mites van die mensdom is derhalwe nie die integrasie van die hede by 'n persoonlike verlede nie, maar by die verlede van die mens. Fiedler stel dit soos volg:

A final way back into the world of the archetypes, available even in our atomized culture, is an extension of the way instinctively sought by the Romantics - down through the

1. Volgens Leroux moet die skrywer aan een eis voldoen, naamlik dat hy "sy persoonlike en private worsteling moet herlei tot iets wat ryk en vreemd is, wat universeel en onpersoonlik is." (Aanvaarding, kolom 3)
2. Vergelyk Mite, p. 72.
3. The Modern Spirit, pp. 81/82.

personality of the poet, past his particular foibles and eccentricities, to the unconscious core, where he becomes one with us all in the presence of our ancient Gods, the protagonists of fables we think we no longer believe.¹

Soos sy voorganger, die skepper van mites, maak die kunstenaar ook gebruik van argetipiese simbole; hy word bemiddelaar tussen moderne en antieke, gesofistikeerde en primitiewe deurdat hy poog om om dít wat deur al die eeue heen in die wese van die mens aanwesig gebly het, te laat herleef. Uit die chaos van die lewe om hom probeer hy die eerste spore van 'n verhewe, vormende orde op te diep; hy reik na die mite, omdat dit 'n oorblyfsel is van die sinvolle, kollektiewe verlede van die mensdom - omdat duisende jare van menswees daaragter lê. Brink bestempel dié terugkeer van die skrywer, en by implikasie ook die mens, na 'n verre verlede en flardes van 'n ou beskawing dan ook as 'n "beswering van 'n verlore verlede". Wesenlik is sy taak 'n soeke na lewegewende simbole in die primitiewe, soms regstreeks in die onderbewuste, soms in die nuwe begrip van die verlede.

Van die uiterste belang is natuurlik die integrasie van die mitiese materiaal. Dit spreek vanself dat die mite organies verband moet hou met die betrokke werk, en dat die geslaagdheid van die werk van dié integrasie afhang. Die mite moet nie slegs vulsel of versiersel wees nie; die hele wêreld van die werk moet daaruit groei. Dit moet nie deur die skrywer gebruik word as ornamentele of poëtiese middel nie; hy moet glo daarin.²

1. No! in Thunder, p. 327.

2. Langbaum verwys byvoorbeeld na Browning as die "myth-making poet", "who does not merely make decorative allusions to an established literary mythology, but who actually sees the world as mythical, who sees man, nature, and God as intimately engaged in a natural-supernatural history." (The Modern Spirit, p. 77.)

Brink haal 'n waarskuwing deur Edward Dahlberg in verband hiermee aan:

An author does not ennoble the intellect by merely mentioning the sagas or myths which are sacred to humanity. We do not quit a book with more understanding because the writer, like an Elizabethan crier with his lanthorn, bawls out: 'Zeus, Osiris, Minerva, Apis, St. Thomas, Origen, Barabbas!'¹

Die toets is hier, soos altyd, sinvolle integrasie.

Brink meen verder dat daar eers geoordeel kan word nadat al die werklikhede wat in die werk opgeroep word, nagegaan en na waarde geskat is. Die "eerste vlak" wat deur die mite opgeroep word, mag teleurstellend wees, maar mag verrassende sin kry deur die mite.

Deur die toespeling op die mite word die verhaalstruktuur aange-
raak - uiteraard lei die gebruik van die mitiese grondpatroon tot groter romankompleksiteit. Sodra die mite betrek word, hoef gebeure nie noodwendig logies of vertellend op mekaar te volg nie - in die onderbewuste is alles moontlik.² As gevolg van die mitologiese agtergrond kry die verhaal ook dikwels allegoriese bybetekenisse, wat aan die roman breër perspektief en beduidenis verleen. Deurdat 'n hele ander, bestaande verhaal in die nuwe verhaalwêreld betrek word, lei die mite dan tot die komplisering van 'n andersins eenvoudige romangegewe. Die mitiese patroon dra menigvuldige werklikhede of betekenislae in die roman in, en met die newe- en bowestrukture oor die eenvoudige basiese grondpatroon ontstaan 'n temantiese ingewikkeldheid. Kruisbestuiwings= moontlikhede word sodoende 'n literêre motief in die letterkunde.

1. Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 106.

2. In The Magus skryf John Fowler oor die mitiese situasie: "an intensely mysterious present and concrete feeling of excitement, of being in a situation where anything still might happen. As if the world had suddenly ... changed from being the discovered to the still undiscovered". (p. 143.)

(Dié bewering is egter ook toepasbaar op sommige romans waarin die mite glad nie voorkom nie.)

Die "verleidelike diepgangsmotiewe"¹ wat weens die mitiese parallele ontstaan, hou egter vir die leser gevaar in. Die struktuur van dié romans wil so duidelik meer sê as wat op die oppervlakte lê, en die talryke verwysings verg veel van die erudisie van die gemiddelde leser. Maar die vraag bly altyd: hoe ver durf die leser interpreteer? P.G. du Plessis stel die vraag of daar hoegenaamd diepgange gesoek hoef te word, al skree die oppervlakte dat daar geduik moet word. Hy kom dan tot die gevolgtrekking dat die antwoord hierop sal wissel van werk tot werk, maar dat dit vir die leser duidelik behoort te wees dat hy móét interpreteer, want:

Sonder interpretasie word die hele mitiese, mitologiese, en argetipiese geskarrel slegs 'n spel met onnodighede, en verswak die oordaad aan skynverwysings die struktuur tot 'n losserige absurditeit.²

1. Du Plessis, P.G.: Perspektief en Profiel, p. 601.

2. Idem, p. 604.

HOOFSTUK III

MITOLOGISERING IN ISIS ISIS ISIS

Die Aktuele en Mitologiese Vlakke

My siel is in repies en ek lê in veertien stukke
verstrooi oor die oseane. In antieke, mistieke tye
het Isis die hele wêreld deurgesoek om Osiris heel
te maak; in die moderne mallemeule van die gees soek
Osiris na 'n Isis om hom bymekaar te bring.

A. Inleiding (a) Mnr. Y se strewe na fisiese en psigiese heelheid

Die problematiek waarmee mnr. Y in Isis te kampe het, en wat as
aanleiding dien vir sy besluit om op "reis" te gaan, kan gedeelte=
lik teruggevoer word na die voorafgaande 1844¹: 'n onbevredigende
huwelik met sy mank, dowe, "manies-depressiewe Walkürevrou" en
haar uiteindelijke selfmoord; die briefwisseling met die onbekende
mej. X en sy kwellings oor die middeljarigheid; die herinnerings
gelaat deur sy toringmaer tante "met die groot gees", maar veral
sy verbryseling in die park deur die man van sy Russiese minnares
- laasgenoemde die motoriese moment van albei romans.²

As skrywer het hy wel al sukses behaal, maar dit was as goedkoop
trefferskrywer met 'n vernuftige formule: "'n verhewe verpakking
om die ondergrondse produk te verhef" (1844 : 40). Hierop was die
kommentaar van sy Fascistiese slagterskoonvader: "Daár is pitkos!"
Maar die sterfbedwoorde van sy tante, wat hom grootgemaak het,
was: "Dis nie wat ek bedoel het nie" (1844 : 40).

As skrywer vind mnr. Y dat die "vlindervlug" van sy gedagtes
bederf word deur die banaliteit van sy woorde (1844 : 15). Sy hart
word byvoorbeeld een mistige aand diep geraak deur die skouspel
van die elf nonne op die silwerwit strand, maar hy is nie daartoe
in staat om dié gewaarwording in woorde te omvorm nie.

1. Kyk ook die gesprek tussen Etienne Leroux en F.I.J. van Rensburg in Gesprekke met Skrywers I, waarin Leroux laat blyk dat Isis deel uitmaak van 'n siklus. Oor dié sikliese aard van Leroux se werk sien ook Van Rensburg, F.I.J.: "Etienne Leroux as siklusbouer", in Standpunte, Augustus 1972, pp. 13 - 26.
2. Die paradysmotief keer in gevarieerde vorm terug in etlike van Leroux se romans, en dra by tot die sikliese aard van sy oeuvre.

Wat hy wél doen, is om 'n whisky en soda te skink terwyl hy dink aan die vele romans wat hy wil skryf, en wat hy nog nie geskryf het nie (1844 : 19). Ten spyte van die grootse ideale wat hy koester, wéét hy dat steriliteit - as mens en skrywer - sy voorland is (1844 : 37).

Wanneer hy op p. 86 vra: "Wie is jy, mej. X, en wie is ons?" kom die Knol tot die besluit dat die strydige elemente binne-in hom verenig moet word. En dan probeer hy om met sy Hermes-Ambassadeur-tikmasjien die "goue middelpunt" te vind - alreeds hier dus 'n poging om die problematiek van skrywerskap én menswees te deurgrond.

Ons neem in 1844 afskeid van mnr. Y waar hy - met sy whisky en soda - na die see sit en kyk, en begin repareer aan die "verminkte gawe van God":

Ja, besluit ek. Ja ek sal.
En ek tel my pen op en ek skryf 'n boek vir die vier
Marias by my kruis op die strand.

Dié slot dui op 'n sekere versoening: met sy tante oplaas in haar graf weggebêre, en sy Rus uiteindelik met haar Kosak versoen, neem die Knol, in sy strewe na "volwaardigheid, na 'n hoër bewussynsvlak en 'n beter begrip van die lewenstrategie", hom voor om te begin skryf "oor herontwaking en liefde, oor primordiale verraad en die nuwe lewe, oor die verlede, die hede en die toekoms" (1844 : 133).

Die insig en die begrip kom egter nie, en Isis kan inderwaarheid bestempel word as 'n "opnuut", 'n herhaling. Want dié boek wat begin met die woorde: "Sy het duisend name" (p. 2) en wat "'n storie van dertien vrouens en 'n reisbeskrywing na binne" is, is weer eens 'n poging van die Knol om die "goue middelpunt" te vind.

Sy besluit om te gaan reis hou verband met sy gemoedstoestand - 'n gemoedstoestand wat blykbaar veroorsaak is deur die loesing wat hy van die Kosak ontvang het. Maar daar is duidelik veel meer op die spel as die leegheid gelaat deur 'n mislukte

liefdesverhouding en die vernedering van die fisiese loesing.

Mnr. Y gee twee redes vir die skryf van sy roman:

- (i) "Ek was verlief op 'n Russiese vrou en het haar as my minnares aangematig totdat haar man ons eendag in 'n parkie gevind en my, met behulp van sy trawante, aan flarde geslaan het. 'n Ware Osirifikasie - veertien stukke wat bymekaargebring moet word ..."
- (ii) "As knolskrywer het ek met die kenmerkende ambisie van alle knolskrywers probeer om munt te slaan uit my besondere lewenswerklikheid. Ek het 'n boek geskryf, gebaseer op dramatiese gebeure en gefingeerde insidente in 'n poging om 'n volwaardige skrywer te word".

(p. 2)

- Hy soek dus na:
- a) heelheid as mens - die "veertien stukke" wat bymekaargebring moet word;
 - b) sukses as skrywer - as skrywer hoop hy op vrugbaarheid, en gepaard hiermee gaan sy begeerte om die draer te wees van 'n "nuwe" mite (p. 66) - dus iets wat van betekenis kan wees vir die hele mensdom.

Ten spyte van die parallel wat onmiddellik ontstaan tussen Osiris wat in veertien stukke gekap is, en die Knol wat (figuurlik) in veertien stukke geslaan is, is die teenstelling fisiese gebrokenheid / geestelike gebrokenheid dus vanuit die staanspoor duidelik. Ons besef dadelik dat die handeling meer geestelik as fisies plaasvind, en dat die hoofsaak nie die fisiese loesing is wat mnr. Y van die Rus ontvang het nie. Laasgenoemde dra wél by tot die Knol se geestestoestand, maar dit gaan meer oor die geestelike verwoesting daardeur veroorsaak. Soos P.D. van der Walt dit stel:

Die knolskrywer van 1844 is in meer as 'n letterlike sin uitgemoker uit sy park, die barre en onverstaanbare wêreld van die middeljarigheid in. As mens, alleman (vgl. bl. 7 en 8) en as skrywer (vgl. bl. 66) soek hy nuwe sintese, begrip van lewe en dood, skeppende krag, moet hy 'n inisiasie deurmaak.¹

1. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Junie 1970, p. 166.

Alreeds in 1844 was hy een van die 44-jariges wat "stik in die stof van hulle dae" (p. 26), en sy slotsom wat betref dié besondere jaar van sy lewe was: "dit is 'n vaal jaar hierdie 44ste jaar van my lewe en alles om my is grou en eentonig en my lot is die lot van almal wat troosteloos middeljarigheid teësinig ervaar" (p. 12).

In Isis verkeer die Knol nog dieper onder die besef van die ouderdom. Hy is nou twee jaar ouer en terwyl hy in 'n Firenze-pak aangetrek, 'n Guronsan sluk, sy hare kam en hom voorberei vir die onbekende nag, oorweldig 'n gevoel van onbeskryflike alleenheid hom meteens (p. 19). 'n Paar bladsye verder lees ons:

Ek word vieruur nm. wakker in 'n vreemde land, 46 jaar oud, en daar is spikkels voor my oë, 'n gesuis in my ore en 'n eensaamheid asof die dood vir my wag met sy siniese belofte van 'n eiesoortige rus. (p. 27)

In die spieël van die Hotel Mount Venus sien hy die wrede werklikheid voor hom: "46 jaar se letsels tot in die fynste besonderhede getoon". (p. 27)

Ook wat betref sy skrywerskap is hy nog steeds die Knol¹ wat baie dinge aanvoel waaroor hy woorde moet kry, maar steeds vind dat sy belangrikste insigte verlore gaan in platvloersheid (p. 2). Wanneer hy byvoorbeeld die besonderse bruin van Valencia wil beskryf, is hy genoodsaak om sy sin magteloos te eindig met: "en dit is 'n bruin wat ek nie kan beskryf nie." (p. 37)

Ook sy Afrikanerskap "oorweldig" en verwar hom. As goeie Afrikaner met 'n Boere-gewete en met die swaard van Calvinisme oor sy hoof, kollekteer hy pornografie en blou films. Hy omgord sy lende om weerstand te bied teen inflasie terwyl hy met 'n Ford Mustang ry om Namakwalandse gousblomme te sien, 'n paar honderd myl weg in die gramadoelas. As iemand wat uit Christelike nederigheid sy hoed sal lig vir hoere sowel as meisies van die Jeugbond, en wat vriende is met grondbaronne, myners,

1. Volgens die Afrikaanse Woordeboek 'n "lomperd", asook 'n "ou, sukkelrige perd; 'n dooierige perd".

poswerkers, spoorwegmanne, bouers, Hippies, Yippies en Waggumps, is mnr. Y te vol kontradiksies om geklassifiseer te word. (p. 6)

Maar bowenal is die Knol 'n gekwelde mens, met 'n raserny in hom om die lewe te verstaan (p. 6), en 'n verlange om homself te begryp. (p. 41) Hy word gepla deur die kontrabalans tussen die onsterflike siel wat hy van sy hemelse Vader geêrf het, en die sterflike gedeelte gelaat deur sy aardse moeder. (p. 4) Hy word geteister deur die onverstaanbaarheid van die lewe sowel as die dood - binne hom klop en tob 'n verzet teen die eendersheid van die dood (p. 8). Hy wil so graag verstaan, maar die oorheersende gedagte is een van onbegrip en geestelike onrus, soos aangedui deur die veelvuldige gebruik van woorde soos "raserny", "desperaatheid", "rusteloosheid", "verlange", "verstrooid".

Die insig waarna die Knol streef, vind hy slegs wanneer hy hom in sy kamer opsluit met "pot"¹ en elektroniese musiek, of wanneer hy onder die invloed van sy whisky en soda verkeer:

Sommige aande, as ek my onttrek in my ivoorhuisie terwyl die oseaan saggies haar dreigemente murmel, kom ek tot besluite onder die invloed van whisky en soda en verbeel ek my dat ek in staat is tot hergeboorte vanaf 'n onvolmaakte staat tot 'n perfekte geheel.

(p. 7)

Dán ervaar hy 'n lewensbeginsel van tweeledigheid waar die bose en die goeie as natuurvyande die ewewig van gedurige stryd bewaar (p. 4). Terwyl hy dronker en dronker word, sien hy die gewaande perfeksie:

Die heide en suikerkanne blom teen die berghange.
Die velde is vrugbaar en die waters van Isis is 'n bron van herlewenis ... die ou dronk, jong koning kry meteens 'n maniese begrip van ontbinding ...
die bewuste word met die onbewuste verenig, die lapis

1. Die skeidslyn tussen bewuste en onbewuste beweeg hierdeur na benede, alle konflikte word opgelos, en die psige keer terug na 'n paradysbestaan.

word gevorm in die alchemistiese proses van sy dronkenskap voordat hy naer word en kots op die vloer van sy wit huisie en sy oomblik van insig verloor.

(pp. 7/8)

Dit is egter net 'n tydelike oplossing vir sy probleme; na die grootse oomblik van versoening wieg hy dronk-wit met 'n glasier in sy hand - sy lewer en sy ego oorvergroot - en wanneer vleeslike lus hom oorweldig, trek hy sy draad voor 'n foto van Bee-Bee-Doo. (p. 8)

Altyd kom hy bedroeë daarvan af, en keer op keer - na 'n nag van vals insig en valse herlewenis - loop hy uitgeput met sy "mank siel" op die strand rond. As skrywer, sowel as mens, is mnr. Y vasgevang in die banaliteit van sy bestaan:

Een aand in Darrell's het ek tussen die blou en rooi ligte gesien hoe Mamma Mia Sophia (340 lb., borste 48, middel 49, heupe 50) met twee jong matrose op haar allemagtige skoot psigedeliese genot verskaf. Die orkes het There Was a Mountain gespeel en die meisies in mini's het hoog genoeg geskop om die maas en netwerk van hulle broekies te laat fotografeer deur die koerantmanne wat 'n paar rand met elke flits verdien. Maryna, die dronk aktrise (sy was die moeder van die dol hond in Richard III), het soos 'n vyeboom haar menigvuldige vergroeiels om my gewikkel en met die ogies van al haar moetsels na my gestaar. Ek moes haar met dagbreek in die see by Clifton gooi om haar nugter genoeg te maak vir die fisieke bewegings van die minnespel.

(p. 5)

In die geval van mnr. Y is die "pot", die whisky en die vroue egter slegs middels tot 'n doel. Sy bykans desperate pogings om deel te hê aan alles denkbaar is inderwaarheid die manier waarop hy hoop om te verhoed dat die sekere "iets" verlore sal gaan en nooit gevind sal word nie. Dit is 'n poging om deur deelname aan die volledige werklikheid kennis van die self in die wêreld te verkry - om te verstaan. "Ek het", sê hy, "anders as my vriend op die straathoek, die lewe verken sonder om 'n hawe van toevlug te soek. Ek het eerder die lewe verken om te probeer verstaan wat gebeur met 'n sot soos ek self." (p. 5)

En nou lees ons:

Ek gaan eet by die beste eetplekke in die stad want ek beskik oor die geld van my Fascistiese slagter=skoonvader, die reste van my tante en eteriese oom se bates, die 12½ persent uit knolgeskifte en die akkumulasies van 'n lewe sonder ambisie. Ek spandeer 'n klein fortuintjie vir die genot van wel=lewende twyfel of ek tongvis meunière, bonne femme of gebraai sal bestel. Ek kry sooibrand van kalfs=vleis, bief, poulet, en die aanbevelings van die chef. Ek raak grootmoedig dronk op rieslings, cabernets, late harvest plaaslik, en claret premier ingevoer, terwyl ek die hoofkelner my siniese slaaf maak met kwistige footjies.

(p.4)

Ek onthaal intellektuele vriende terwyl ons gesprekke op die vlakke van die sewe kunste voer, terwyl ons in mekaar se oë kyk wat glim van drank se maklike wysheid, terwyl woordspelings soos felle vlinders heen en weer deur ons geroesemoes vlieg, terwyl ons ongekende dieptes van gemeenplasingheid haal - totdat ons 'n beskaafde onverfyndheid bereik en 'n kelnerin ontugtig beledig met 'n suggestiewe woord=spel wat sy maak asof sy nie verstaan nie. Ek het die hoogtes bereik waar selfs babalaas amusant word.

(pp. 4/5)

Agter die uiterlike skyn van welvarendheid verberg mnr. Y egter baie.¹ En gevolglik is hy 'n uiters komplekse figuur. Enersyds word hy deur sy mede - "laatnaglosbolle" beskuldig van lafhartigheids weens sy "ontvlugting" in 'n mitologiese ivoor=toring (p. 65); andersyds is hy onmiskenbaar "modern" wat betref taal, lewenswyse, en dies meer. Uiterlik is hy geen wanaangepaste nie,² en juis daarom word hy verteenwoordigend

1. Mej. X in 1844 het dit besef: "Ek dink jy is fyn en sag, mnr. Y, en baie bang." (p. 40) In teenstelling hiermee het sy Rus aangetrokke gevoel tot hom omdat hy 'n "koue afsydige kern" gehad het; omdat hy "wreed" was; omdat hy haar kon oorheers met die krag van sy afsydigheid. (p. 39)
2. Dit is opvallend dat die jong Henry van Eeden in Sewe Dae By Die Silbersteins telkens in die verkeerde drag by die verskillende partytjies opdaag - voortdurend uit tred uit, totdat hy op die laaste aand deel word van die maatskappy. By die Knol is daar 'n (skyn)versoening met die samelewing, maar nou die hunkering na die verlore paradys.

van die moderne mens.¹ Bolangs is daar die mees kontemporêre eietydsheid, gesofistikeerdheid en wêreldwysheid, maar binne-in heers die heimwee na 'n vroeëre, ongekompliseerde bestaan:

Ek slaap diep en sag soos ek geslaap het, jare gelede, in die Boland toe ek jonk was en die lewe 'n eenvoud gehad het in terme van lewensprobleme. Agter toegetrekte hortjies, met 'n skemerte in my kamer, en met my ongeformuleerde 14-jarige vrae aan die lewe afgesluit agter my geslote ooglede. 'n Slaap soos daardie jare toe donkerte vergetelheid was en lig 'n avontuur van verkenning.

(pp. 26/27)

Met sy mite kon die primitiewe gees sy gemeenskap in stand hou én rus bring in sy eie siel. Sy lewe is nie gekompliseer deur allerhande vrae nie², omdat hy onvoorwaardelik geglo het aan sy "sprokie wat die sin en magiese inhoud aan die geheel gee".³

Mnr. Y bevind hom egter in stryd met die heelal, omdat sy wêreld oorstroom word deur "duisende klein vrae" (p. 138) - vrae wat nog altyd deur die mens gevra is in 'n poging om lig te werp op die menslike situasie⁴ - maar wat uiteraard nie meer vir hom deur die ou mites beantwoord kan word nie. Alhoewel die Knol glo aan die "waarheid ... in mites" (p. 53), bly selfs hy voortdurend toeskouer en buitestaander:

Ek drink whisky en soda terwyl ek sien hoe die ou son in die see verdwyn en die oseaan bevrug. Ek rook een

1. Sien die gevolgtrekking waartoe hy kom op p. 6: "Ek is deel van ons tyd en my hele bestaan is 'n beskuldiging teen ons tyd indien mens geneë sou voel om die tyd te blameer vir dinge wat ons nie verstaan nie."
2. Vergelyk Hoofstuk I in hierdie verband, veral pp. 8/9/10.
3. Brink, André P.: Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 51.
4. Sy: "Maar wie is ek eintlik in hierdie vaudeville van die gees?" (p. 49) en "Wie is ek dan, mej. X? Jy? Wie, wat en waar is jy?" kan herlei word na al die ander eksistensiële vrae waardeur die mens nog altyd gepla is.

sigaret na die ander terwyl ek na die gekreun van die branders luister. In die oggende slaap ek te laat om die nuwe son te sien gebore word uit die see ...¹

Godsdiens kan natuurlik beskou word as 'n lewende mite, wat deur die mens ervaar kan word.² Die "begrypende" Spaanse priester sê inderdaad aan die Knol: "You are looking for Isis as if you are looking for God" (p. 40). Maar:

... Piet Lubbe, proponent pas uit die Kweekskool ... onder die skuins dak van die nuwistiese kerkargitektuur ... praat en preek nie. Sy koor van maagde en amper-maagde sing gesange met die geroetineerde bekoring van die Weense Seunskoor. Sy transistor-orrel is hi-fi; sy teks is kort; sy boodskap is suiwer in terme van die behaviour-sielkunde.

(p. 5)

God word nie meer ervaar nie, in plaas van 'n lewende, sinryke godsdiens - iets waarin die mens deel kan hê - is dit 'n kunsmatige, steriele sisteem waardeur hy gekonfronteer word. En so 'n versteende godsdiens kan nie aan hom die gemoedsrus besorg waarna hy so verlang nie. Daárom verkeer hy in sy "vormlose uniform van die revolusionêre" saam met die ander "verlatenes" - die "menigte sonder 'n leier" (p. 81) - in 'n "stryd teen die versteende afgodsbeelde van ^{die} ~~die~~ middestanderfenis" (p. 67).

Ten spyte van die algemeen-menslike probleme, sit die Knol veral met die problematiek van sy tyd³ - met die morele en bestaans=probleme van die mens van die twintigste eeu. In hierdie

1. Dit is 'n geval van waarneming in plaas van belewing. Vergelyk Hoofstuk I, pp. 11, 16, 17 oor die primitiewe mens se reaksie in dié verband.
2. Vergelyk G. Van der Leeuw se stelling oor die Nagmaal, Hoofstuk II, p. 32.
In dié sin kan die Knol se soek na Isis gesien word as simbolies vir die mens se soeke na God.
3. Volgens F.I.J. van Rensburg kan Etienne Leroux se hele oeuvre gelees word as 'n "saga van die moderne tyd".
(Standpunte, Augustus 1972, pp. 17/18.)

mitelose bestaan weet hy nie meer hoe Isis lyk nie: "Is Isis 'n jong meisie of 'n vrou? Hoe sal ek Isis ken, en in watter gedaante?" (p. 18). Hy weet slegs dat sy in hierdie twintigste eeu onsigbaar teenwoordig is in enige laag van die samelewing, en hy moet aan haar 'n gesig gee.¹ Terwyl sy en die ander aktivistiese medeskrywers se mocassins klop op die duisend jaar oue strate van Parys, is hy die moderne mens in 'n "optog van uitgewekens in 'n psigideliese reis op soek na die lewegewende mite" (p. 67).

Ten spyte van die mitelose wêreld waarin hy leef; ten spyte daarvan dat die wetenskap al bykans alles vir hom "verklaar" het, het die mens die drang na die mitologiese behou² - hy kan nie sonder sy mite klaarkom nie.³ En hierin is die taak van die skrywer geleë. In 'n tyd wat sy verband met die mite so verloor het as die huidige, en so weinig bewus is van die groot dinge van sy leefwêreld as simbole of van hulle drakrag, vra om uitwysing daarvan - die skrywer moet hierdie moderne wêreld as simboliese wêreld vir die mens interpreteer.⁴ Want wat die wêreld nodig het, is 'n mite wat sinvol daarby sal pas, of 'n nuwe belewing van die ou mites,⁵

Vir die Knol as enkeling sal Isis "transformasie" bring, maar hy hoop ook om met die vind van Isis die draer te word van 'n

1. Die probleem van "gesigloosheid" loop dwarsdeur die oeuvre van Leroux en is klaarblyklik die rede waarom die Knol die ou mite omkeer wanneer hy op soek gaan na Isis. "Miskien is dit 'n teken van ons tyd: dat die dooie Osiris na die lewende Isis moet soek. Die dooie soek die lewende; die fragmente soek die geheel." (p. 3)
2. Die massa-optog waaraan die Knol deelneem, is in 'n sekere sin 'n konkrete vergestaltung van een van die verlangens van die mens. Soos die optog in Hilaria is hierdie ook die uitbeelding van die mens se verlange na 'n Dionusiese opgaan in die massajolyt. Te midde van die Londense betoging sien mnr. Y "'n karnaval in wording" (p. 81).
3. Vergelyk Hoofstuk II, p. 32 oor die "leë mites" wat gevolglik ontstaan.
4. Van Rensburg, F.I.J.: Standpunte, Augustus 1972, p. 21.
5. Idem, p. 17.

"nuwe mite" (p. 66). Sy besluit om in Europa te gaan reis sluit nog op aktuele vlak - dit het tog al 'n herhaalde grondgedagte geword dat die mens as reisiger uitgaan die vreemde in om jouself te vind, en dan met nuwe insig terug te keer na die vertroude. Maar vanuit die staanspoor is dit duidelik dat die aktuele reis net uiterlike gestalte is. Die Knol "speel" met sy redes vir weggaan (p. 8); wanneer hy in die vreemde begin "toer", is dit telkens die soektog na Isis wat oorheers.¹ Dit is as skrywer dat mnr. Y uitgaan, omdat hy voel dat hy aangestel is deur God in 'n "komitee waar beproewing en die oorwinning oor beproewing een van die eise van lidmaatskap is" (p. 115). Daarom is die besluit om soos 'n Osiris op soek te gaan na die lewegewende Isis 'n besluit waartoe hy in "koue nugterheid" kom (p. 8). Hy weet:

... ons moet ... die elikser van die lewe vind in die verskriklike waarheid van ons alledaagse wêreld, die vreeslike enigmas weggesteek agter die sosiale en politieke probleme van ons tyd. (p. 70)

(b) Die soektog ter verwesenliking van fisiese- en psigiese heelheid.²

In 1844 het die Knol sy poging om die "goud van die begrip" te vind op vier vroue geprojekteer; in Isis soek hy aanvanklik met whisky en "pot". Maar nou word dié roman, wat hy hoop sy eerste volwaardige roman sal wees, as 't ware 'n konkrete

1. Wanneer hy byvoorbeeld die stadsaal in Valencia besoek is dit "op soek na Isis". Dit wat die gewone reisiger sou aantrek, word in 'n enkele paragraaf afgehandel:
 "Op soek na Isis besoek ek die stadsaal, waar ek 'n Impressionistiese skildery van Franco sien, asook die volgende voorwerpe in die stad: skilderye van Lopez, die oorspronklike vlag van Valencia, die swaard van Jaime I, die eerste koning van Aragon, sy borsbeeld gekap uit soliede hout, die symark met 15de-eeuse spiraalvormige pilare, straatlampe met blompotte, 'n Renaissance-galery van hout in die ou parlement, 'n goue plafon met 35 verskillende vierkante, 'n borsbeeld van Dante en Vergillius wat saam afdaal na die hel, ingange 15de-eeus Goties, die oorblyfsels van hekke in die ou muur, herinneringe aan El Cid, kartetsmoetsels, 'n boekwinkel wat werke van Graham Greene, Aragon, Sartre, Brecht, Silone en Henry Miller verkoop, neute in die mark ..." (p. 37)
2. Dié soektog werk egter oorkoepelend deur die hele hoofstuk.

uitbeelding van die teorie oor die rol van die mite in die letterkunde, soos beskryf in Hoofstuk II.

Indien die mite nie meer leef nie, kan die skeppende enkeling terugkeer op die psigiese stroom waarin die hele wêreld in sy eie lewe bevat is.¹ Hy kan die Jungiaanse individuasieproses ondergaan in 'n poging om die lewende simbole weer uit die onderbewuste te haal. Enersyds maak die Knol dan gebruik van mitologiese projeksie in 'n poging om die mitiese ondergrond van sy situasie te bepaal (die "mitiese metode" van Hoofstuk II); andersyds is sy roman 'n "reisbeskrywing na binne". (Jung se proses van individuasie soos beskryf in Hoofstuk IV.) Die soektog na Isis is dus tweeledig:

- i) die soeke na 'n lewende en lewegewende mite, en
- ii) die soeke na die anima, dit wil sê die Self.

Mnr. Y gaan nou uit as mens sowel as skrywer, en hy gaan "lees die wêreld soos 'n teekoppie, elke stippeltjie daarin 'n simbool"², in sy poging om vir homself en die gemeenskap die nuwe mite te vind. Op p. 74 weet hy:

Dis ek, die knolskrywer, wat Isis moet vind.

(c) Opsomming van die mite van Isis en Osiris

Die mitologiese verhaal waarop mnr. Y sy eie verhaal baseer, verloop kortliks soos volg: die koningspaar Isis en Osiris, ook broer en suster, regeer gelukkig en voorspoedig oor die land totdat hul broer, die jaloerse Set, besluit om 'n einde daaraan te maak. Op slinkse wyse, en met behulp van sy trawante, slaag hy daarin om Osiris in 'n kis toe te spyker, en die kis word deur die Nyl weggevoer.

Aan die Feniciëse kus kom die kis met Osiris daarin teen 'n stam van 'n tamariskboom tot rus. Die boom met die liggaam van Osiris gee so 'n heerlike geur af dat gerugte daaroor ook vir Isis

1. Leroux, E.: Die Sestigers, p. 137.

2. Van Rensburg, F.I.J.: Standpunte, Augustus 1972, p. 21.

bereik, en sy begryp onmiddellik die ware betekenis daarvan. Nadat sy daarin geslaag het om die kis in die hande te kry, steek sy dit weg in die moerasse van Buto. Die bose Set vind egter die kis waar Isis dit versteek het, en in 'n poging om Osiris finaal te vernietig, kap hy sy liggaam in veertien stukke en versprei die dele daarvan wyd en syd.

Ewe geduldig begin die getroue Isis van voor af soek, en sy versamel die stukke een vir een sodat sy Osiris weer heel kan maak. Sy vind dertien stukke, maar die veertiende stuk - die fallus - is ewig verlore, omdat dit deur 'n Nylse krap verslind is. Isis stel die dooie liggaam van Osiris weer saam en sy gee aan die dooie god ewige lewe deurdat sy hom deur haar liefde kon opwek tot die daad van liefde. Hul seun Horus - ook die reïnkarnasie van Osiris - word gebore ten spyte van die verlore stuk.

B. Aanwending van die mite (a) Inleidend

Die nuwe soeke waarvan die roman verslag word nou geprojekteer op die mite van Isis en Osiris. In sy "opgeblasenheid" stel die Knol homself gelyk aan die groot god Osiris, wat deur die jaloerse Set in veertien stukke gekap is. Ná die loesing wat die Kosak hom gee, kom hy tot die gevolgtrekking: "'n Ware Osirifikasie - veertien stukke wat bymekaar gebring moet word ..." (p. 2). Vanaf p. 8, wanneer hy besef dat hy "hulp" nodig het, projekteer hy sy hele persoonlike soeke op die mitiese grondpatroon daargestel deur die ou Egiptiese mite. En dan weet hy dat hy, Osiris, weer byeengebring kan word met die hulp van Isis, indien hy haar kan vind. Hy glo dat hy, deur letterlik na Isis te gaan soek, telkens een van sy verlore stukke in een vrou sal terug vind. En die tyd wat mnr. Y in Europa rondreis, word die skeppingstyd waarin die dooie Osiris saamgestel moet word.

Wat die aanwending van die mite betref, is daar etlike aspekte wat ondersoek moet word, alvorens daar geoordeel kan word oor die funksionaliteit en die integrasie van die mitiese materiaal. 'n Vraag wat ontstaan is of die gebruik van die besondere mite sinvol is vir die roman in sy geheel. En is mite

en aktuele verhaal in só 'n mate geïntegreer dat die hele wêreld van die roman inderdaad uit die mite groei? Wat is die rol van Isis? Hoe vry is die Knol in sy weergawe en interpretasie van die mite? En die mitologiese parallele en kontraste - is hulle sinvol of veelseggend?

(b) Die parallel tussen die soektog van mnr. Y en dié van Isis

Die opvallendste parallel tussen die mitologiese- en aktuele vlakke is dié tussen die soektog van Isis, en dié van die Knol. Vir die "eksterne" patroon van die roman is die keuse van hierdie spesifieke mite dus hoogs funksioneel, omdat albei van hulle op soek gaan na die volmaakte geheel.

Dié mitologiese basis is egter nie allegorieskeppend nie - anders as byvoorbeeld die strukturerende prinsipe van Leroux-werke soos Hilaria of Die Derde Oog,¹ of James Joyce se Ulysses.² In Isis is daar geen "maklike pas van a op b nie"; die ou mite word presies omgekeer. Mnr. Y is wel die verkapte en gebroke Osiris van die argetipiese verhaal, maar dit is nou die dooie Osiris wat op soek gaan na die verlore stukke, of te wel na die Isis wat hom gaan heelmaak. En Osiris is nou geestelik gebroke. Ons vind hier dus 'n gekonstrueerde poging om 'n omgekeerde Isis-mite te beleef.

In die grond is dit egter 'n kontras wat 'n parallellisme word. Wesenlik is die twee soektogte - dié van Isis en dié van die

1. Sien Hoofstuk V, pp. 101/102.
2. Sien Burgess, A.: The Novel Now, p. 25:

"Ulysses is a comic re-telling of Homer's Odyssey; every chapter of the novel corresponds in some ways with an episode of the epic. When Bloom, the Ulysses of our day, goes to lunch, he is in the land of Laestrygonians or man-eaters; in a newspaper office he is in the cave of Aeolus, the god of the winds; in the brothel district of Dublin he resists the power of Circe, who turns men into swine. The parallelism is worked out in correspondences of action, but also in symbols: the cognate themes of the newspaper office are wind and rhetoric, which fact encourages Joyce to cram the episodes with reference to wind and, at the same time, to turn it into a sly textbook of the art of oratory."

Knol - identiek: Osiris se soektog na Isis is eintlik ook 'n soektog na homself.

Op p. 66 vertel die Knol aan Myra Greenwell dat sy skeppende krag uitgeput is en dat hy dood is en dat hy wag op die Skeppergod wat die mantel van goud oor hom sal laat daal. "Isis Isis Isis" word ook sý aanroep tot die lewegewende Isis. Op 'n heel ander vlak as Osiris, maar tog erg parallel met die oorspronklike, is dit die magiese towerformule met sy inkanterende herhaling waarmee hy hoop om die onsigbare Isis te voorskyn te bring. Sy soektog na haar word die vervulling van 'n byna religieuse rite waardeur die Knol hoop om verlossing te vind vir sy siel. Wanneer hy besluit om op soek te gaan na haar, hef hy 'n bykans bybelse toon aan:

In hierdie tyd sal ek eers Isis soek.¹

1. Isis het inderdaad 'n godsdienskultus van haar eie gehad wat ver oor die grense van Egipteland gestrek het, tot ongeveer die middel van die 16de eeu. Die Knol verduidelik op p. 14: "Dis 'n storie wat aanhou tot die Grieks-Romeinse tydperk, dit bereik selfs die Ryn, selfs die Christelike tydperk. Justinianus het by Philae 'n einde gemaak aan die kultus."

Dit is ook nie verbasend dat sy vir die Knol in sy verwarde toestand soveel beteken het nie, want James Frazer skryf oor haar: "Her rites appear on the whole to have been honourably distinguished by a dignity and composure, a solemnity and decorum well fitted to soothe the troubled mind, to ease the burdened heart ... We need not wonder then, that in a period of decadence, when traditional faiths were shaken, when systems clashed, when men's minds were disquieted, when the fabric of empire itself, once deemed eternal, began to show ominous rents and fissures, the serene figure of Isis with her spiritual calm, her gracious promise of immortality, should have appeared to many like a star in a stormy sky, and should have roused in their breasts a rapture of devotion not unlike that which was paid in the Middle Ages to the Virgin Mary."

(The Golden Bough, p. 383.)

Ook vir die Knol is Isis "ster van die see":¹ "suster ... geliefde wat my verstrooide ledemate bymekaarbring ... wat my verjong met haar magiese rituele", (p. 1). Sy kan hom 'n insig gee in haar geheime;² sy sal huil oor sy powere reste en hom vrugbaar maak - sy skeppingskrag sal herleef.

(c) Die vroue, en hul funksie in mnr. Y se soektog na heelheid

In die mite van Isis en Osiris val die klem sterk op Osiris se verlies van sy vrugbaarheid. Dit is slegs deur middel van haar liefde en haar magiese krag dat Isis vir Osiris kan opwek tot die daad van liefde sodat Horus gebore kan word. Net so hoop die Knol om in veertien sensuele ontmoetings die teenoorgesteldes saam te bring waaruit die "kind van die wysheid" gebore kan word (p. 66).

Sy Europese reis op soek na "skoonheid, seks en singenot" (p. 64) is op die aktuele vlak 'n "verhaal van dertien vroue", soos die ondertitel ook aandui. Nog steeds op die aktuele vlak, is dit ook 'n poging om deur seksuele kontak 'n innerlike voltooiing te probeer vind. Dit is die soektog na die verlore helfte in ander. Die vroue wat hy op sy reis teëkom is vir hom middels tot 'n doel - hy hoop om déúr hulle begrip van die menslike bestaan te vind.³

1. Isis is ook bekend as Stella Maris, "ster van die see", en word geïdentifiseer met Sirius. Haar tranes oor Osiris veroorsaak dat die Nyl sy walle oorstrom. Sir James Frazer skryf in The Golden Bough: "... the sign of the rising waters on earth was accompanied by a sign in heaven ... Sirius, the brightest of all the fixed stars, appeared at dawn in the east ... about the time of the sun solstice, when the Nile begins to rise" (p. 371).
2. Na aanleiding van 'n inskripsie bokant 'n beeld van die godin - "I am that which is, has been, and shall be, and no one has lifted my veil" - skryf Gertrude Jobes: "To lift the veil of Isis, is to penetrate a great mystery" (Dictionary of Mythology, Folklore and Symbols, Deel I, p. 845.)
3. Die seksuele is 'n wesenlike aspek van menslike verkenning. Geeraerts skryf in De Zeven doeken de Schepping: "de vrouw is voor mij de spiegel, het klankbord van mijn eigen wezen, de vonk de me telkens weer met het heelal verbind; ze helpt me in mijn wanhopige drang naar vereniging met het universum, het is mijn nieuwe religie".
(Antwerpen, 1966, p. 90)

Ook van belang is die betekenis van die seksuele as
(vervolg)

Die insig wat ons kry in die karakters van die verskillende vroue wissel. Van Linda Lee en Gloria in Excelsis weet ons byvoorbeeld meer as van Brunhilde, die hoer, of van Shulamite ReINETTE. Maar nie een van die vroue word ooit werklike karakters nie - hulle bly soorte, tipes - omdat hulle vir die Knol slegs bestaan as verteenwoordigers van Isis. Hulle tree aaneenskakelend op; vul mekaar aan - is aspekte van die groot geheel: "Isis ... alle vroue verenig in een." En omdat hy "weet" dat hy veertien stukke het om te vind, is sy houding tot hulle: "'n reeks onttrekkings van stad tot stad, van land tot land wat sou volg telkemale as ek nuwe wêreld betree op my soektog na Isis" (p. 16).¹

Sommige van die vroue, soos Karin Manlichter en Yvette van Antibes, word sterker betrek by die psigologiese - as by die mitologiese vlak.² In Mary-Jane Hudson en Linda Lee vind die Knol egter onmiskenbaar iets van Isis.

In die vliegtuig, op pad na Europa, maak hy kennis met die "ou vroutjie" Mary-Jane Hudson: "grootmoeder van drie kleinkinders, oorgrootmoeder van kinders in verskeie lande". (p. 11)

(4. vervolg)

primordiale mag. Volgens Anthony Burgess vind D.H. Lawrence in hierdie moderne wêreld "a symbol of life's renewal ... in the physical love of man and woman." Hy gaan aan: "Sex is holy: it is a door to the abode of the 'dark gods' - whose home is the loins, not the heavens - now only openly worshipped by primitive peoples. Like William Blake, Lawrence rejects reason; the intellect misleads. Only the instincts and the imagination shows the world of reality." (The Novel Now, pp. 29/30)

1. 'n Konkrete voorbeeld hiervan is die Knol se reaksie wanneer Linda Lee nie by die lughawe opdaag om hom af te sien nie. Wagter op haar, is hy nie in staat om die naam van die krap uit die mite wat hy so goed ken, vir die priester te spel nie. Maar wanneer hulle in die lug is, herhaal die priester sy vraag, en dán spel die Knol die naam van die krap - Oxyrhynchid - vir hom. Dán is hy bevry van Linda Lee; is die onttrekking voltooi, en is hy gereed vir die volgende ontmoeting met Isis.
2. Hulle tree duideliker op as manifestasies van die anima, wat 'n belangrike rol speel in die proses van individuasie. (Sien Hoofstuk IV.)

Sy word die verpersoonliking van Isis as Magna Mater.¹ Sy is die "alwyse" wat elke relaas van lyding kan troef (p. 12); wat deur niks meer verbaas word nie. Sy aanvaar sy soektog na die godin Isis sonder enige verbasing of spot. "Ek het al gehoor van Isis," sê sy (p. 12). Wanneer iets in die gedreun van die motore verander, is sy ongesteurd: "Gaan ons val?" (p. 15).

Uit verskillende tydperke probeer hulle iets van mekaar te begryp, en tussen hom en sy "jeugdige middeljarigheid" en Mary-Jane in haar ongewone ouderdom ontstaan daar harmonie. Saam drink hulle, ewe jolig, heildronke op die ganse Egiptiese godedom: op Isis en Osiris, Ra, Sjoe en Efnout, Geb en Nut, op Osiris, Isis en Set, en op fetisjisme, bloedskande en beskawing. (p. 13)

Maar hy verloor haar wanneer sy by die vliegtuigtrappe afval. Deur haar maak hy kennis met die dood; leer hy dat die dood "snaaks" kan wees (p. 18). Wanneer hy daarna in die Hotel Serrana deur 'n onbeskryflike gevoel van alleenheid oorweldig word, voel dit vir hom:

... asof Isis, my suster, my geliefde, haar onttrek het. Dis asof sy nie bestaan nie. Ek dink aan Mary-Jane Hudson en ek vind tot my verbasing dat ek die afgelope kwartier besig was om te huil.

(p. 19)

Die Knol se tweede "loteling", Linda Lee, min of meer sy eie ouderdom, steek haar onbelangstelling vir sy storie van Isis weg agter 'n mooi glimlag. Maar hy kan sien dat sy geïnteresseerd is in hom (p. 23), en hulle kry 'n kontakpunt wanneer hulle, besig om te dans, meteens rustig word in mekaar se teenwoordig=

1. Die Egiptiese Isis word met verloop van tyd met soveel ander godinne geïdentifiseer (Artemis en Demeter in Griekeland, Astarte in Sirië, Ishtar in Babilonië), dat sy uiteindelik die manifestasie word van die een universele Magna Mater of Groot Moeder. (James, E.O.: The Ancient Gods, p. 86). Sien ook die Knol se verduideliking aan die priester op p. 41:

"Ek vertel vir die enorme pendule van Ishtar in Babilonië, Astarte in Fenicië, Demeter in Griekeland, en my geliefde Isis ..."

heid (p. 23). Alhoewel sy nie die Knol se soort gedagtegang verstaan nie, is daar ook in haar die onderliggende weemoed en hunkering en die eensaamheid van die dood (p. 29). En met haar refrein van "do you know what I mean?" is ook sý iemand wat nie haar filosoferinge oor dood en lewe in woorde kan uitdruk nie.

Linda Lee van Westwood, Massachusetts, is veral in twee opsigte belangrik. Dit is aan haar dat die Knol die deel van sy storie vertel waar Isis huil oor die lyk van Osiris (p. 23), en sy is die vrou wat uiteindelik oor hóm huil. Eers, by die corrida, stort sy haar trane oor die strompelende swart Miura; oor die onverstaanbaarheid van lewe en dood (p. 31). Wanneer hulle die aand afskeid neem sien die Knol die blink trane op haar wange (p. 34). Hy raak aan die slaap met die beeld van 'n vrou wat huil, en:

... ek dink aan Isis wat die lyk van Osiris in die tamariskboom bespoel het met haar trane en ek voel, terwyl ek wegdryf in 'n diepslaap, dat Isis aanwesig was, en dat een van my veertien verspreide ledemate gevind is.

(p. 35)

In die tweede plek is dit ook Linda Lee - "Ek is die een wat geval het" (p. 21) - wat mnr. Y vir die eerste keer aan sy "gevalle" niggie, Bettie van De Doorns, herinner (pp. 24/25). En Bettie is 'n baie belangrike faktor in sy soeke, soos later aangetoon sal word.

Karin Manlichter, "die Duitse minnares van 'n Spaanse edelman" (p. 51), is veral belangrik as die "onskuldige Gretchen" van die Faust-verhaal.¹ Met haar Engelse woordeskat van twee-en-vyftig is dit uiteraard onmoontlik dat die Knol sy oorvloed abstrakte gedagtes aan haar kan oordra. Sy is 'n "ongewone vorm van Isis" (p. 51), maar: "Karin Manlichter bied my haar lippe wat die

1. Sien Hoofstuk IV by die individuasieproses.

dou van Isis is (p. 57).¹

Alhoewel Myra Greenwell en Yvette van Antibes nie so duidelik as verteenwoordigers van Isis, die godin, uitgebeeld word nie, vind die Knol 'n sekere mate van begrip in Myra Greenwell van Trinidad:

Ons kyk verby pigmentasie en die stryd om pigmentasie tot diep in die kollektiewe onbewuste en Myra Greenwell van Trinidad vra my om haar meer te vertel van Isis.
(p. 65)

Die kinderlike en onskuldige Yvette is meer ooglopend 'n manifestasie van die anima, maar die Knol noem ook vir haar sy "klein Isis", en Mrs. Scott-Finesse Immobile het die dun enkels van Demeter. Pamela besit die "deernis" van Isis (p. 110).

Sharon van die Libanon en Diana van Israel, belangrik vir die psigologiese vlak, het ook sekere mitologiese konnotasies:

Sharon se trane kom van Libanon, die antieke Fenicië waar Astarte oor die tamariskboom geregeer het waarin Osiris se liggaam gebalsem was. Diana se bruin oë is sonder trane met die wysheid van die Kabbalisme wat setel in haar verlede wat sy voel maar nie ken nie.

Terwyl die Knol (vergesel van die Neger) koelte, rus en stilte vind in die skaduwee van die Doriese pilaar van die Parthenon, vind hy die dertiende vrou: Shulamite Reinette.² Hy voel asof

1. Die eerste trane van Isis oor die dooie Osiris, vorm die dou wat die begin is van die Nylvloed waardeur die land vrugbaar gemaak word. (Jobes, G.: Dictionary of Mythology, Folklore and Symbols, I, p. 845.)

Die vrugbaarheid van die land hou in die Egiptiese mitologie ook verband met dié van die mens - sien later.

2. Volgens die Dictionary of Mythology, Folklore and Symbols, beteken die naam letterlik "peaceful" (II: p. 1444). Dit hou ook verband met die Shulamitiese beminde in die Hooglied van Salomo. Sy is suster-bruid, het die wysheid van die duif, en is 'n simbool van vrugbaarheid: "'n put met lewende water wat van die Libanon afvloei" (Hooglied 4:15).

die Godin (Athena) na al die jare nog teenwoordig is:

En toe kyk ek vas in die olyfgroen oë van 'n meisie
regoor my en in haar gesigvorm leef die hele Midde-
Ooste en sy kyk reg in my oë asof daar iets is wat
sy nie kan begryp nie. (p. 119)

Hy verken die Akropolis-museum, sien die beeld van Isis in die
standbeeld van die Kore,¹ en:

Toe raak sy my liggies aan die arm, sy wat lyk
soos No. 674, vyfhonderd jaar voor Christus,
Shulamite Reinette. (p. 120)

Met die eienaardige glinstering en intensiteit in haar olyfgroen
oë wat so dikwels in syne kyk, is sy die raaiselagtigste van al
die vroue wat hy op sy reis teëgekom het, en terwyl sy hom
teruglei deur die strate van die Plaka wat sy "liefderyk" saam
met hom verken het, het hy die gevoel dat hy hierdie keer op
die randjie van 'n groot ontdekking staan. Want by hom is daar
geen twyfel dat Shulamite 'n beliggaming is "van die godin op wie
se terrein die mystae van Agrae plaasgevind het" nie.

Dit is saam met Shulamite dat hy die eiland Aegina verken, waar
hy weet dat hy Isis, ster van die see, sal vind (p. 122). Dit is
ook aan haar dat hy vertel van die pou, die voël van Hermes:

1. In die Griekse mitologie die dogter van Zeus en Demeter, ook
genoem Persephone. Sy is deur Pluto na die onderwêreld ontvoer
maar nadat sy deur haar moeder gevind is, is sy toegelaat om
elke jaar vir ses maande na die aarde terug te keer. By haar
vertrek het die blomme verwelk en die voëls hulle sang gestaak
(herfs), maar met haar terugkeer was die aarde weer mooi en
gelukkig. (Afrikaanse Kernensiklopedie, p. 622.)

Op psigologiese vlak staan die Kore egter vir die anima-figuur
in die psige van die man. In Introduction to a Science of
Mythology skryf C.G. Jung oor "the figure of Demeter and the
Kore in its threefold aspect as maiden, mother and Hecate ...",
wat ook verteenwoordigend is van die anima. (p. 217)

Sien verder in Hoofstuk IV by individuasie.

Isis eet pouverleis terwyl sy swanger is van Osiris wat sy byeengebring het om haar te bevrug sonder die fallus wat deur Oxyrhynchid, die krap, verslind is ... Isis en Hermes ken die esoteriese wysheide ... Isis eet die pou wat deel is van die olyfgroen van haar oë; sy assimileer 'n aspek van haarself want Osiris is oud en sy moet iets van haarself gee om die ou koning te verjong.

(p. 131)

By mnr. Y se Isis met die olyfgroen oë, Shulamite, bereik sy soektog die hoogtepunt:

My soektog het nou sy eindpunt bereik en dit is tyd dat ek terugkeer. Thelepedes Kathandros neem Shulamite Reinette en my na Delphi. Ons sien die sonsopkoms oor die tempel van Apollo. Ons sien die Omphalos, die naeltjie van die wêreld. Ons sien die plek waar die Orakel haar enigmatiese wysheide verkondig het: die plek waar die driepoot bokant die gat in die berg gestaan het en waar die Pythiese priesteres haar visioene uit die kollektiewe onbewuste vir die hele mensheid gehaal het. Shulamite en ek aan die hange van die geheimsinnige berg Parnassos; Shulamite en ek met 'n uitsig oor Delphi vanaf die Phaedriades-rotse óór die hele vallei, die bosse en die see op die agtergrond, waar Poseidon met Melaena, die donker aarde, verenig het en Delphos gebore is. Ek sien ook ons hele gevolg met Joseph Gladstone Washington O'Hara aan die voerpunt oor gladde trappe en gryswit rotse op pad na ons: die miernes wat uit my lang verlede krioel na bó. Ek neem Shulamite se hand in myne; ons sweer ewige trou voor haar broer Apollo; ons trou en sy gee blitsvinnig geboorte aan ons kind, Euphorion, wat soos Icarus probeer vlieg en sterf soos Bettie se geniale kind onder die wiel van 'n vragmotor in De Doorns. Euphorion is iemand soos Hermes, sy vader, wat na die lied van die hart soek en in hierdie liriese vlug gedoem is om neer te stort voor die allemagtige waarheid dat in die wanbalans van emosies en rede die lieflike kind moet sterf.

Terwyl my hele gevolg sukkel om by my en Shulamite te kom, het ons twee getrou, geboorte gegee, en ons kind verloor. Toe my hele gevolg uit-aseem ons bereik, het Shulamite alreeds soos 'n wolk in die Ooste verdwyn.

(pp. 131/32)

Die laaste môre voor sy vertrek terug, is dit net hy en Shulamite, en hy vertel aan haar die hele storie van sy soektog na Isis en dat hy, insluitende haarself, slegs dertien van die veertien stukke gevind het. (p. 134)

Alhoewel Isis nie die veertiende deel gevind het nie, was sy as

godin in staat om Osiris op te wek tot die daad van die liefde. Hul heilige kind, Horus, is wél gebore. Maar die Knol en Shulamite se "kind van die wysheid" word nie gebore nie.

Op pad na die lughawe is daar weemoed in die olyfgroen oë van Shulamite, en verdriet in die hart van die Knol. Maar by haar vind hy die grootste voltooiing moontlik vir hom, as mens, wanneer hy besef:

Dis 'n soektog in die donker; dis 'n soektog wat geen einde ken nie.¹

(p. 135)

Die uiteinde van die Knol se reis is dat hy die sirkelgang voltooi sonder om die verlore veertiende deel te vind. "Die tyd is verstreke en niks het gebeur nie", sê hy op p. 135. Maar aan die einde, wanneer hy moet rekenskap gee van sy soektog, sit hy met die wete: "dat iets aangedui is" (p. 134). Hy ontwikkel 'n betreklikheidsin met die besef dat dit 'n soektog sonder einde is. Hy besef dat die mens se soeke na begrip van die lewe 'n ewige herhaling is; dat dit vir die mens onmoontlik is om ten volle te verstaan. Juis omdat hy mens is, sal hy nooit kan ophou wonder nie. Hierin lê ook by implikasie die besef dat daar geen mens is wat 'n ander kan heelmaak nie; dat die antwoord slegs in die self gevind kan word.²

En hierin lê die heroïse van die mens - die nuwe held is hier nie die man wat oorwin nie, maar wat eenvoudig aanhou, en aanhou. Die heroïse lê ook in die feit dat hy streef na die

1. Sien Van der Walt, P.D.: "Die samebrenging, integrasie en versoening wat Isis is, vind nie volkome plaas nie; want om die onbegryplike mens, lewe en wêreld te probeer verstaan, is 'n soektog sonder einde - en die voorwaarde vir voortgesette skeppingsaktiwiteit en wording. Vir Y bly die veertiende deel dus nog X" (Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Junie 1970, p. 160)
2. Vergelyk die woorde van Conchis in John Fowles se The Magus (Pan Books, 1966): "The most important questions in life can never be answered by anyone except oneself." (p. 139)

volmaaktheid, al is daar in hom die wete dat dit nooit gevind sal word nie.

Daar is tekens dat die Knol al vroeg in sy reis besef dat sy soektog gedoem is: By die corrida, terwyl die swart bul "heen en weer slinger in sy poging om die kringloop te voltooi", sit die skare stil en angstig en wag, maar, sê die Knol:

Ek lag want ek weet dat die bul dit nie sou kon doen nie. Dapperheid is nie voldoende nie. Daar is geen voltooiing op daardie vlak nie.

(p. 32)

In hom is daar telkens die vrees dat een van sy ledemate vir ewig verlore sal gaan. Wanneer hy tussen die wrakstukke soek na Yvette, huil hy: "O Here! watter soort vloek rus op my?" Alles in hom breek stukkend, en hy kan voel hoe bloedvate bars en sy ingewande inmekaar knoop met die knoop van Isis wat hy wêét nooit ontrafel sal word nie (p. 103). En op p. 111 wonder hy of dit die dood van Pamela is wat hom so ontstel - "is dit nie die besef dat uit veertien fragmente daar 'n gedeelte is wat nie gevind sal word nie?"

Maar hy het alreeds in die bul, op sy wandeling na die dood al om die arena, iets gesien van die "ongewone vorm van adel waarmee 'n lewende wese sy noodlot weier", en die skare se stilte was 'n daverende stilte van respek vir dié "bul wat weier om te sterf, met die ouderdom van dood in hom" (p. 31).

Op die laaste bladsye bevestig die Knol dat Osiris kan wees. Die ou boer van Aegina sê vir hom: "Die gode is nog daar. Hulle het net hulleself onttrek" (p. 135), en Shulamite se brief lees: dat "alhoewel die gode dood is, die helde miskien nog leef" (p. 137). Hier vind ons die mens se sonderlinge vermoë om te glo, teen alle redelikheid en teen alle bewyse in. Dit is dié ewige terugbeweeg na die Paradys, selfs wêtende - soos Proust gesê het - dat 'n Paradys net sin het as hy onbereikbaar is, sy poorte bewaak deur vlamme engele. Solank die reis maar geskied, "die reise wat geen einde ken nie".¹

1. Brink, André P.: Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 42.

(d) Bettie van De Doorns

Waar die ontmoeting met die misterieuse Shulamite so duidelik die hoogtepunt vorm in mnr Y se reis, is dit egter opvallend dat sy verhaal, lank voordat hy haar ontmoet het, al hoe meer onderbreek word deur gedagtes aan sy niggie Bettie, die "vergete mal rebel van De Doorns",

Soos dit was in die geval van die omkeer van die mite, is dit ook hier 'n geval van 'n kontras wat 'n parallellisme word. Die Knol gaan juis weg van die vertroude om homself te vind.¹ Maar hy word onwillekeurig teruggedwing tot oordenking van wat hy tuis, in sy jeug, in sy "godverlate land" (p. 86) ervaar het.

In 1844 het hy op 'n stadium aan mej. X geskryf: "Daar skuil groot waarhede in die argetipes van jou kinderdae ..." (p. 94), en in sy "reis na binne" is dit die herinneringe aan sy teringmaer tante met die groot gees, sy ooms - "'n esteet, 'n Fascis, en 'n goedhartige" (p. 84) - maar veral aan Bettie wat al hoe belangriker word.

Die eerste vergelykings wat hy tref tussen Europa en die land van sy herkoms kom voor as natuurlik en bloot toevallig. Wanneer hy vanaf die lughawe op pad is na Madrid, lees ons:

My eerste indruk op pad na die stad is dat ek deur die Kaapse vlaktes ry.

(p. 18)

Dis vyfuur in die middag en dis taamlik koud terwyl ek tussen simmetriese uitgelegde beddings tulpe en rose wandel waar paartjies op banke, soos in die Tuine in die Kaap, versigtig besig is om neuse teen mekaar te vryf.

(20)

1. By implikasie is daar iets in die aard van sy eie land wat hom onbevredigd laat: "Ek kyk na die hawe in die baai van Marina en ek kan eenvoudig nie begryp hoekom my eie land geen tempels het nie, hoekom daar in die Swart Karoo 'n Zeus was wat Aegina verkrag het nie, hoekom Witsand geen ruïnes het behalwe die graf van 'n gestorwe, onbekende seekaptein nie" (p. 122)

In Griekeland is die ewige droogte gebreek deur die bemiddeling van Aeacus, maar in Witsand word die droogtes gebreek deur die gebede van sy Fascistiese oom en sy onheroïse trawante. En wanneer Pamela na hom kyk met volkome onbegrip, val dit hom by dat sy Afrikaans is en van De Doorns kom en al hierdie dinge as raserny beskou. (p. 109)

Maar vanaf sy ondervinding op ^{die} Huerta, waar hy voel daar is "iets in die geaardheid van die Valenciane wat De Doorns is" (p. 38), word die terugflitse al hoe dwingender.¹ Soos sy reis vorder, tregter sy soektog al hoe nouer na binne, en word hede en verlede al hoe intenser by mekaar ingeskakel.

Bettie kom vir die eerste keer ter sprake wanneer die beeld van die sewentienjarige Linda Lee sy gedagtes terugvoer na sy "mal niggie" "wat as sewentienjarige haar vergryp en skande op die familie gebring het". (p. 24) Maar dit is aan haar dat hy dink wanneer die skouspel van lewe en dood voor hom afspeel by die corrida - aan Bettie, hoog swanger waar sy voor die familie bieg, en net soos die bul, met 'n volkome onbegrip van wat van haar verwag is, haar dood-vir-die-samelewing tegemoet strompel (pp. 30/31).

Dit is ook aan Bettie dat hy dink wanneer hy hom op die Huerta verbeel dat hy weer sy "ontbinding en ontliggaming" deurgaang; dat sy "bewuste met die groot onbewuste verenig word" (p. 39). En terwyl hy in die Basilica in Valencia aan haar dink, gewaar hy vir die eerste keer iets van Isis, wanneer hy die sleepsels van haar mantel hoor. (p. 46)

Alhoewel mnr. Y juis weggegaan het uit sy eie land om die waarheid te gaan vind, vertel hy die Virgin de los Desamparados ook van Bettie, want hy weet dat Sy kontradiksies kan begryp:

Ek vertel Haar van Bettie wat kranksinnig geword het sodat hulle haar na Valkenburg moes stuur. Ek dra Bettie aan Haar op - Bettie wat in die oomblik van haar grootste triomf meteens "eienaardig" geword het. Bettie wat mak ganse, mak honde, mak voëls, mak akkedisse, mak slange, mak dogtertjies en mak meidjies begin versamel het sodat die inhoud van haar huisie selfs haar burgerlike avant-groepie geskok het. Ek vra die Virgin de los Desamparados, hier op my knieë in haar Basilica, om ook die patrones te wees van Bettie in Valkenburg, waar behaviour-sielkundiges haar vyf minute 'n week gee en waar

1. Dit verbaas ook vir hom: "Ek is in die middel van Spanje en ek dink aan die Boland, en hoe kan ek dit vir Linda Lee vertel?" (p. 25) "Dit was eienaardig om aan Bettie te dink voor die Puerta de los Apóstoles waar elke Donderdag die Tribunal de los Aguas gehou word" (p. 43).

dominees van my kerk haar elke Sondag vir 'n uur inkerker in 'n moderne kerk vir malle, gebou volgens die nuutste vorm van fallus en boog - spesiaal opgerig by gestigte vir teringlyers, epileptici, misdadigers, kranksinniges en gevangenes op die patroon van ons eie normale behoeftes.

(p. 44)

Bettie word déél van die raaisel wat hy moet oplos voordat hy heelheid kan vind. By die Akropolis sien hy ook vir haar tussen al die ander figure, en op p. 125 is sy deel van hul fantasmagoriese samekoms:

Mary-Jane Hudson sluit by ons aan, haar gebreekte vals tande (steeds besig om te breek) déél van haar ete. Brunhilde, die hoer, neem langs my plaas en bestel swart koffie, neute en brood. Langs Diana Hirschowitz sien ek die spook van Pamela. Ek sien ook, onder meer, Yvette van Antibes, Linda Lee, Karin Manlichter, Gloria in Excelsis en Bettie, my mal niggie, wat soos 'n ballon dobber op die ligblou Griekse see voordat die son ondergaan en al die hekseverskynsels verdwyn behalwe die priester en die pikswart Neger, Joseph Gladstone Washington O'Hara.

Uiteindelik word Bettie só deel van die herinnerde belewenis, dat 'n mens per slot van sake kan sê dat, as hy daarin slaag om die enigma van Mal Bettie te deurgrond, sy soektog ook tot 'n einde sal kom.

Miskien was sy die naaste aan hom, sonder dat hy dit besef het, en miskien moes hy nader gesoek het. Op p. 41 besef die Knol: "Ek vertel hom niks nuuts nie, slegs my verlange om myself te begryp terwyl ek, 'n vreemdeling in hierdie vreemde stad, orals tussen al die onbekende dinge met 'n skok al die bekende dinge herken wat ek orals met my onbewus saamdra". Soos die Knol, was ook Bettie 'n soeker, was ook sy rusteloos, dwalend en eensaam (p. 101). In die lewe het sy nooit geluk geken nie - eers 'n "lewende dood" as oppaster van Ouma om te boet vir haar "sonde", toe haar opgang in die samelewing van De Doorns deur die toedoen van mnr. Y se estetiese oom (p. 42), haar skielike "eienaardigheid", en dan die uiteindelijke "langdurige siekbed en ... die allergrootse lyding" voor haar dood (p. 137). Ook nie haar

sterwenswens - om in Kuruman begrawe te word, is uitgevoer nie. Sy is "stigtelik begrawe op De Aar, 'n plek waar die beste Merinoboere en mees vooraanstaande families bly" (p. 138).

Mnr. Y se Fascistiese oom se brief, met die nuus van die dood en begrafnis van Bettie - wat eers op bladsy drie en vier genoem word - het 'n opvallend effek op die Knol. Hy keer weer terug na die chaos van die begin, soos dit blyk uit die versplintering van sy gedagtes op die laaste drie bladsye.

(e) Die dieper dimensie geskep deur ander mites en die mitologie

As gevolg van sy gebruik van die mite van Isis en Osiris word mnr. Y se verhaal gesilhoëtteer teenoor die tydloosheid van die mite. Die feit dat hy net soos Osiris opgekap is in veertien stukke, en soek na Isis wat hom sal heelmaak, verleen universaliteit aan sy situasie - hy is nie enig in sy soort nie.

Maar dit is nie net dié een spesifieke mite waarna verwys word nie. 'n Dieper dimensie word verkry, deurdat die Knol verbande lê tussen dié mite en ander mites en legendes, asook deur die manier waarop hy die mitologie by sy verhaal betrek.

Op p. 8 noem die Knol sy "beroemde voorgangers" : Dionysus, Osiris, asook die siek koning van die Graal-legendes. Soos Osiris, sterf ook die Griekse Dionysus 'n gewelddadige dood wanneer van die ander gode jaloers word en hom in stukke verskeur. Hy word egter tot die lewe teruggebring deur Athena en Zeus.¹ Net soos Osiris is hy: "the god who is destroyed, who disappears, who relinquishes life and then is born again."² In albei gevalle hou die dood en hergeboorte van die god verband met dood en hergeboorte in die natuur.³

1. Volgens die geskiedskrywers Plutarchus en Herodotus is daar soveel ooreenkomste tussen die rituele van Osiris en Dionysus, dat Dionysus inderdaad as 'n verhulde Osiris beskou kan word.

(Frazer, Sir James: The Golden Bough, pp. 385 - 387.)

2. New Lacrousse Encyclopedia of Mythology, p. 160.

3. Vergelyk Hoofstuk I, p. 13.

In die Graal-legendes¹ val die aksent op die siekte, ouderdom en impotensie van die koning, en ook hier lei sy toestand tot onvrugbaarheid van die hele land. Die gesaaides hou op met groei, en die diere is nie in staat om voort te plant nie. Die taak van die held is daarin geleë om die Graal te vind en sodoende dié toestand op te hef:

It is said to heal the wounded, and after the succesful quest, removes barrenness from the land, coincident with curing the land's guardian, frequently called the Fisher King, of impotency or raising him from the dead. In its presence no one is oppressed by sickness or old age, and it gives the seer spiritual light.²

In die Egiptiese mitologie is fisiese onvrugbaarheid ook die weerspieëling van geestelike steriliteit. Aanvanklik was Osiris slegs 'n vegetasiegod, maar teen ongeveer die derde millenium verteenwoordig hy die siel van die dooie Farao.³ In ou Egipte het die siel van die Farao in verband gestaan met die siel van elke individu, en ongeveer 2 000 v.C. is die siel van die dooie Osiris die siel van elke gestorwene.⁴ Daarom speel die Knol, soos die Farao van ouds, die rol van Osiris:

Ek is meteens die Farao wat die rol speel van Osiris en ek speel die spel desperaat om my 'n nuwe lewens= duur te besorg, 'n hernuwing, 'n verjonging, 'n trans=formasie. Die Kh₃ van die gees.

(p. 7).

1. 'n Vollediger studie van die verskillende Graal-legendes kan gevind word in Jessie Weston se: From Ritual to Romance. Hierin bespreek sy onder andere die tog van die held Parzival, wat volgens oorlewering die tweede oudste weergawe van die Graal-legende is.
2. Weston, J.: From Ritual to Romance, p. 21.
3. Kirk, G.S.: Myth. Its meaning and functions in ancient and other cultures, pp. 207/208.
4. Vergelyk James, E.O.: The Ancient Gods, p. 61: "every Egyptian in due course was destined to become Osiris and attain eternal blessedness."

Die siklus van lewe en dood wat die Knol besig is om te ondergaan, is dieselfde as dit wat ondergaan is deur Osiris en Dionysus. Dit word 'n oerbelewenis - die vereenselwiging van die Knol met die mens wat in sy ou mites sy strewe na vernuwing en vrugbaarheid uitgebeeld het.

Die daarstelling van die besondere agtergrondsmite blyk dus besonder sinvol te wees as ons in ag neem dat die Knol hergebore wil word - fisies sowel as geestelik. Maar die gedagte aan hergeboorte vind sy uitdrukking in soveel ander mites en legendes - soos dié van Dionysus, die Fisher King, Attis, die Noorweegse Halfdan,¹ om maar enkele te noem - dat dit beskou kan word as 'n argetipiese grondpatroon wat vasgelê is in die psige van die mens van alle tye.² Wanneer die Knol in die Capilla del Santo die Heilige Graal voor hom sien, is dit asof hy eggo's van Lohengrin en Parzival hoor (p. 43), en dan begin sy eie hart ontstuimig klop by die simbool van dood en hergeboorte.

Dat die Knol gerig is op die mitologie in die algemeen, blyk veral uit die manier waarop verskillende mitologieë geteleskopeer word. Isis is/word byvoorbeeld die kuise Artemis, en Artemis is op haar beurt die skone Helena (p. 114). Maar soms word sy ook geïdentifiseer met Hekate, godin van die onderwêreld, wat op die kruispaaie vereer word. As Groot Moeder is Isis ook 'n Demeter-figuur - die vrugbaarheidsgodin en mater dolorosa wat troosteloos en wenend rondswerf op soek na die kind (Persephone) wat sy verloor het. Op p. 109 vertel die Knol aan Pamela dat sy ook in verband gebring word met Medea, wat Kreon, haar skoonvader vermoor het.

Die Egiptiese Thoth word deur die Grieke geïdentifiseer met Hermes

1. Frazer, Sir James: The Golden Bough, p. 379.
2. Vergelyk Jung, C.G.: "Rebirth is an affirmation that must be counted among the primordial affirmations of mankind" (Jacobi, J.: The Way of Individuation, p. 60)
Alhoewel mnr. Y sy besluit om te gaan reis as "doodgewoon" bestempel, hoop ook hy om tot "hergeboorte" te kom, soos af te lei uit die suggestie van nuwe lewe in die dubbel te begrepe "lente ekskursie" waarop hy vir hom plek bespreek.

en op p. 110 verduidelik die Knol aan Pamela:

Soms is ek ook Thoth of Hermes, en die een wat selfs vir Isis die geheimsinnige wysheide geleer het. Dan is ek weer Osiris wat in veertien stukke gesny is en in die waarheid deur Isis verenig moet word.

Op p. 4 word die pare Isis/Osiris en Apollo/Artemis met mekaar geskakel, en mnr. Y noem dit dat die tamariskboom ook die heilige boom van Apollo is (pp. 10/11).

Dit is hierdie vreemde en verwarrende wêreld van die hele mitologie wat vir die Knol van belang is. Hy is in werklikheid op soek na dit wat agter mites verskuil lê. Wanneer hy aan die onbegrypende Karin Manlichter die verhaal van Isis vertel, bieg hy:

... ek verwar haar doelbewus omdat mites 'n warboel is wat alleen die ingewydes kan verstaan, en omdat 'n onmiddellike waarheid 'n weerklank vind in mites ...

(p. 53)

Van belang is die miteskeppende proses self, omdat die mite nie net die wêreld daarbuite nie, maar ook die wêreld binne-in die mens beskryf. Dit gaan om die psigiese kern daarvan; om die feit dat die mite iets aangaande die gees van die mens kan openbaar.¹ Mnr. Y se "reis na binne" is dus 'n poging om die mitiese ondergrond van sy besondere situasie te peil.

Ook die duidelike verdeling tussen 'n voor-Griekse en 'n Griekse fase in sy reis (wat 'n parallel vind in die oppervlakte - en dieptefase in die individuasiëproses - sien Hoofstuk IV) dui daarop dat die Knol in sy soektog na sin en samehang in die lewe soek na die krag wat agter die vreemde wêreld van mites lê. Want dit is Griekeland, by uitstek die land van mites, wat sy uiteindelijke bestemming is - soos hy op p. 67 self besef. En dit is juis daar waar hy vir Shulamite ontmoet en voel dat hy op die randjie van 'n groot ontdekking staan.

1. Vergelyk Hoofstuk I, pp. 15 / 16.

(f) Die esoteriese wysheid wat lei tot 'n verdere verdieping van die mitologiese vlak

Die ekstra dimensie wat ontstaan as gevolg van die spel met die mite, word nog meer verdiep deur die esoteriese wysheid wat die Knol verbind met die mitologie. As gevolg van sy verwysings na die alchemie,¹ die Kabbalisme² en die Tarot³ - almal pogings wat deur die eeue heen deur die mens aangewend is om die werklikheid te begryp en te orden⁴ - fletter die hele wêreld en sy geskiedenis simbolies voor ons op, om die woorde van F.I.J. van Rensburg⁵ te gebruik.

Wanneer die Knol op p. 7 weet: "Erens is daar goud, die koning van edele metale, vasgevang in die steengroewe van die tyd ...

1. Die "onwetenskaplike chemie van die Middeleeue, soms verbonde met geloof in die towerkuns", waarmee daar gesoek is na die sogenaamde "steen van die wyse, wat alle onedele metale (byvoorbeeld lood of yster) in goud sou verander; en ook na die lewenselikser, 'n vloeistof wat ewigdurende jeug sou verseker" (Afrikaanse Kernensiklopedie, p. 37).
2. Volgens die Encyclopedia Britannica, Deel IV, pp. 536/37: "The developed forms of Jewish mysticism and theosophy from c. A.D. 1200 and in a less technical sense, the entire range of the esoteric doctrine of Judaism from the beginning of the Christian era ..."
3. Die Tarotkaarte word gewoonlik geassosieer met fortuinvertelery, maar in die flapteks verduidelik Leroux: "'n ... teorie is dat hulle ontstaan het uit die esoteriese oorlewerings van die Joodse Kabbala ... Elke kaart in die 22 troewe verteenwoordig 'n argetipiese beeld wat soveel vertakings in die mitologie en mitologiese figure het dat dit slegs 'n wysgeer en 'n ingewyde in die esoteriese geheimenisse van die menslike psige is wat met die kaarte durf speel."
4. Vergelyk Ouspensky, P.D.: A New Model of the Universe, pp. 210/11: "All these scenes constitute a single system of the psychological study of man in his relation to the world of noumena (to God, to the world of spirit) and to the world of phenomena (the visible physical world) ... the Cabala, Alchemy, Astrology, and Magic are parallel symbolical systems of psychology and metaphysics."
5. Standpunte, Augustus 1972, p. 21.

Die pneuma moet vrygelaat word uit hierdie banale omhulsel van die vlees ... 'n gevangenis waarin die gees spartel om vrygelaat te word .. God is die produk van die makrokosmos; die God-mens kom uit die baarmoeder van die mikrokosmos ...", is hy die alchemis wat die edele uit die onedele wil haal; wat soek na die elikser van die lewe - na die Koninkryk van God in sy eie psige.¹

Die alchemistiese proses van transformasie in die eie psige, geprojekteer op chemiese bestanddele, vind sy parallel in die Jungiaanse soeke die onbewuste in.² Mnr. Y vertel aan die Priester:

... dat die ou liggaam moet sterf, dat Osiris in veertien stukke gesny is en dat die veertien stukke in die waters gegooi is en dat die water die simbool is van die Onbewuste, die vrou, en dat die saam=bring en die oplossing die alchemistiese huwelik is wat plaasvind sodat die vrou en die man, die onbewuste en die bewuste, die instink en die rede versoen word en dat in hierdie samekoms 'n bevrugting plaasvind sodat die embrio te voorskyn kom, die homunculus en die lapis.

(p. 46)

Hy verduidelik:

die lapis ... is die simbool van die self. Uit die solutio, uit die ontbinding en die vereniging, word iets nuuts gebore, vind 'n transformasie plaas, meer as 'n hernuwing - 'n opgaan tot 'n hoër natuur, die vonds van die filosoof se goud.

Op p. 130 stel hy die twee prosesse ook gelyk aan mekaar, wanneer hy sê:

1. Vergelyk Ouspensky, P.D.: A New Model of the Universe, p. 211: "... when the true alchemist spoke of the search for gold he spoke of the search for gold in the soul of man. And when he spoke of the elixer of life, he spoke of the search for eternal life and the ways of immortality. In these cases he called "gold" what in the Gospels is called the Kingdom of Heaven."
2. Vir 'n volledige uiteensetting hiervan sien Jacobi, J.: The Way of Individuation, pp. 74/75.

Die albedo is vir die alchemiste die klimaks van 'n lewensproses: uit die chaos van die massa confusa word 'n eenheid gebore; die integrasie van die persoonlikheid...

In die Knol-as-alchemis, wat soek na transformasie (p. 54) en na die elikser van die lewe (p. 70), vind ons 'n herhaling van die ewige strewe na hergeboorte en vernuwing, wat eens deur die mens se mites uitgebeeld is. Want hy is ook Osiris, Dionysus en die siek koning van die Graal-legendes, wat sy tydelike steriliteit wil verloor en weer vrugbaar wil word (p. 63). Dieselfde argetipiese proses is aanwesig:

The individuation process, as a universal law of life, exhibits an archetypal pattern which remains more or less constant and regular. The signposts and milestones on the way are specific archetypal contents and motifs: the symbolism of birth, life, death and rebirth is part of the pattern of the individuation process. From the remotest times man has tried to express it in the imagery of myths and fairy tales, in rituals and works of art to capture the archetypal events in forms that are valid for all men.¹

Mnr. Y is skrywer, "storieverteller", mitemaker, en hy gee uiting aan 'n simboliek wat in die diepste onbewuste gesetel is - déúr hom spreek die Kollektiewe Onbewuste van die hele menseras.

Wanneer hy aan Linda Lee vertel van Jin en Jang, die tier en die draak (p. 26), betrek hy die Chinese filosofie.² Die "integrasie en die samebrenging wat Isis is", is vir hom bevat in die mandala (p. 129).³ Uit die Grieks-Latynse wêreld kom die argetipiese simbool van Gemini, wat dui op die dualisme in die natuur (geboorte en dood, lig en donker, oggend en aand, somer en winter),⁴

1. Jacobi, J.: The Way of Individuation, p. 60.

2. Yin = donkerte, vroulik, negatief.
Yang = lig, manlik, positief.

Dié teenoorgesteldes of strydende elemente van die natuur kom tot versoening in die Pa-Kwa skeppingsimbool.
(Crow, W.B.: The Arcana of Symbolism, p. 39).

3. Die magiese sirkel en eenheidsimbool wat in die Ooste, en veral in die sfeer van die Boeddhisme, die simbool is vir psigiese heelheid.

4. Jobes, G.: Dictionary of Mythology, Folklore and Symbols, Deel I, pp. 643/44.

en wat deur die Knol gebruik word om die onverstaanbaarheid van die lewe aan te dui:

As die Gemini-vrae soms te sterk word, klim ek die berg uit en gaan lê in die skaduwee van die monolitiese sandsteen-Osiris-klip. Daar oorweeg ek eenheid en multiplisiteit en probeer ek 'n begrip van sintese kry ... Ek kry visioene van Isis en Osiris, Apollo en Artemis, van die lewe en die dood, die dag en die nag ...

(p. 4)

Veral die see kom telkens voor as 'n belangrike simbool in die Knol se verhaal. In die eerste plek lê sy siel "in veertien stukke verstrooi oor die oseane", en is dit die seestrome wat hom in veertien rigtings stuur (p. 3). Dít is die massa confusa waarin hy verdwyn, en waaruit hy weer gebore moet word.¹

In sy wit huisie by die see, is die Knol voortdurend bewus van die oseaan wat op die agtergrond "goedertierenheid en misleidende kalmte glim" (p. 4), en soos Isis, het die oseaan "duisend name". Uiteindelik, wanneer hy voel dat Isis nie meer bestaan nie, word die see 'n groot krap wat dreigend nader: "uit die beursie in sy pens krioel duisende klein vrae wat die hele wêreld oorstroom" (p. 138).

Die verband tussen die see en die raaiselagtige en ontwykende Isis, die ontbinding van Osiris, en die massa confusa waarin die Knol verdwyn, is duidelik. Soos Isis, is die oseaan vol kontradiksies,² en die twee kan uiteindelik nie van mekaar geskei word nie:³

1. In die psigologie stel die see dikwels die chaos van die onbewuste voor.
2. Vergelyk Jobes, G.: Dictionary of Mythology, Folklore and Symbols, Deel II, p. 1410, oor die see as simbool vir: "abundance, fertility, refreshment, primordial creation, unfathomable truth and wisdom ... also destruction, wildness".
3. Isis, as Magna Mater, vind ook 'n parallel in die see, die "Magna Mater from which the sun rises and into whose arms it sinks." (Jobes, G.: Dictionary of Mythology, Folklore and Symbols, Deel II, p. 1410.)

Isis het saggies op die agtergrond met sagte
brandings haar dreigemente en verwyte geneurie ...

(p. 5)

Isis, die see, donder haar branders teen die
meegewende kus ... Die wilde Isis van die
branders vervorm die duine elke somer en elke
winter volgens haar grille.

(p. 138)

Wat die mitologie betref, word die god Osiris in die papyrus
van Nebseni afgebeeld met 'n groen gesig,¹ en in ooreenstemming
hiermee volg die Knol se beskrywing van die ontbinding van die
"groen god" op p. 3. Maar ook die ou vroutjie Mary-Jane Hudson,
kleur haar naels groen (p. 14). En Karin Manlichter, wie se
lippe die dou van Isis is,² is in groen geklee. In die groen
van Shulamite se oë word al die kleure van die pou se spreid
verenig.³

Die kleur groen is egter ook simbolies vir inisiasie op geestelike
gebied,⁴ en mnr. Y besef aan die einde van sy reis - wanneer

1. Die kleur groen is volgens Ferguson, G.: Signs and Symbols in Christian Art, p. 151: "the colour of vegetation and of spring and therefore symbolizes the triumph of spring over winter and of life over death."

Frazer, J.: The Golden Bough, pp. 380/81.

Ook Isis staan bekend as "Lady of the Emerald" (Jobes, G.: Dictionary of Mythology, Folklore and Symbols, Deel I, pp. 687/88.)

2. Vergelyk p. 58 oor die dou wat Isis is.
3. In die Christelike simboliek is die pou simbool van onsterflikheid - 'n gedagte wat heelwaarskynlik sy ontstaan het in die idee dat die vlees van die pou nooit vergaan nie. (Ferguson, G.: Signs and Symbols in Christian Art, p. 23.)
4. Vergelyk Ferguson, G.: Signs and Symbols in Christian Art, p. 151: "Being a mixture of yellow and blue, it also suggests charity and the regeneration of the soul ... It is as the symbol of spiritual initiation that St. John the Evangelist sometimes wears a green mantle."

hy terugkeer na sy eie land met die besef "dat iets aangedui is" - dat in die misterie van sy soektog "die essensiële waarheid 'n inisiasie was" (p. 134).

In sy poging om terug te keer tot die oergronde van sy bestaan,¹ keer die Knol in hierdie eeu van die rasionele bowenal terug na dít wat mistiek is. En die opvallendste spel met die esoteriese wysheide is sy spel met die Tarot - in die Tarot, as beliggaming van die ou Hermetiese filosofie, is daar iets terug te vind van al die wysheide wat so kwistig deur die Knol aangehaal word.

Oppervlakkig beskou, word die Tarot gebruik om fortuin te vertel, maar as die negentiende eeuse mistikus, Eliphas Levi, se bekende uitspraak as uitgangspunt gebruik word, word dit duidelik dat daar veel meer in die Tarot steek:

The universal key of magical works is that of all ancient religious dogmas - the key of the Kabbalah and the Bible, the Little Key of Solomon.

Now, this Clavicle,² regarded as lost for centuries, has been recovered by us, and we have been able to open the sepulchres of the ancient world, to make the dead speak,

1. Vergelyk hier C. Kerenyi se beskrywing van die individuasieproses as: "... a kind of immersion in ourselves that leads to the living germ of our wholeness".

(Introduction to a Science of Mythology, pp. 11 / 12)

2. Hier verwysend na die Major Arcana. .

to behold the monuments of the past in all their splendour, to understand the enigmas of every sphinx and to penetrate all sanctuaries.

Among the ancients the use of this key was permitted to none but the high priests, and even so its secrets was confined only to the flower of initiates ...

Now this was the key in question: a hieroglyphic and numeral alphabet, expressing by characters and numbers a series of universal and absolute ideas ...

The symbolical tetrad, represented in the Mysteries of Memphis and Thebes by the four forms of the Sphinx - man, eagle, lion and bull - correspond with the four elements of the old world (water, air, fire and earth) ...

Now these four signs, with all their analogies, explain the one word hidden in all sanctuaries ... Moreover, the sacred word was not pronounced: it was spelt, and expressed in four words, which are the four sacred words - Jod He Vau He.

The Tarot is a truly philosophical machine, which keeps the mind from wandering, while leaving it initiative and liberty; it is mathematics applied to the Absolute, the alliance of the positive and the ideal, a lottery of thoughts as exact as numbers, perhaps the simplest and grandest conception of human genius.

An imprisoned person, with no other book than the Tarot, if he knew how to use it, could in a few years acquire universal knowledge and would be able to speak on all subjects with unequalled learning and inexhaustible eloquence.¹

Die pak bestaan uit 78 kaarte, en bevat twee stalle: die Major Arcana en die Minor Arcana. In Isis word daar slegs na die Major Arcana verwys, en dit is in dié stel dat die hele filosofie van die Tarot opgesluit lê. Dit bevat 22 troewe met nommers 1 tot 1, en die 22ste kaart is ongenommer - die Dwaas.

Volgens oorlewering is die Major Arcana afkomstig van die kultus van Thoth, uit een van die oudste boeke in die wêreld, naamlik dié van Hermes Trismegistos, lid van die Raad van Osiris, en

. Uit: Transcendental Magic, its Doctrine and Ritual, pp. 462, 479, 480.

Aangehaal deur Ouspensky, P.D.: A New Model of the Universe, pp. 216/17.

koning van Egipte.¹

Tussen die simbole van die Major Arcana en die twee-en-twintig letters van die Hebreeuse alfabet is daar egter 'n groot ooreenkoms. En die afbeeldings in sommige ou Chinese geskryfte stem ooreen met dié van die Tarot.² Gevolglik dui alles daarop dat daar in die Tarot 'n universele stelsel van esoteriese simbole bevat is.³

Gevolglik kan die Tarot beskou word as 'n kombinasie van al die esoteriese oorlewerings soos onder andere bevat in die Kabbalah die Astrologie, en die Alchemie. Jung het byvoorbeeld tot die gevolgtrekking gekom dat die oersimbole in mites identies is aan dié van misteriekultusse, Indiese en Chinese Yoga, en in die gebruik van die alchemiste.⁴ In The Arcana of Symbolism skryf W.B. Crow:

... it is only when we come to study the details of the Holy Qabalah and the original Tarot that we find, so to speak, the skeleton of mythology, that is, the basic pattern to which all myths of the world conform.

(pp. 54/55)

Die simbole van die Tarot is dus inderwaarheid afbeeldings van die argetipes van die Kollektiewe Onbewuste van die mens.

1. Volgens Jessie Weston (From Ritual to Romance, p. 29) is die kaarte oorspronklik gebruik om die koms van die Nylwaters - dit wil sê, die koms van die vrugbaarheid na die land - te voorspel.
2. Idem, p. 79.
3. Volgens sommige oorlewerings het die Egiptiese priesters, in 'n poging om hul esoteriese kennis van die Persiese invallers te weerhou, die simboolstelsel van die Tarot ingevoer, en hulle kennis sodoende agter 'n "gewone" pak speelkaarte verberg. 'n Ander teorie is dat die geleerdes uit verskillende dele van die wêreld, wat na die vernietiging van Alexandrië na die nuwe intellektuele hoofstad, Fez, verskuif het, weens kommunikasieprobleme 'n universele taal, in die simboliek van die Tarot, vasgelê het (Gray, E.: Het Geheim van de Tarot, p. 4)
4. Leroux, E.: Woordwêreld, p. 69.

Dit is dus in sy poging om die waarheid agter mites te vind, dat mnr Y "speel" met die "esoteriese wysshede" (p. 139), en dat hy die verskillende stelsels by mekaar integreer:

Ek sit in die Da Meo Patacca met die pak Tarot-kaarte in my hand wat die Kabbalistiese Boom van die Lewe voorstel, die 22 troewe die 22 weë waarlangs die slang heen en weer spiraal tussen die Sepiroth, die weë van die laagste punt, Malkoeth, tot by die hoogste punt, Jesod.

(p. 114)

In sy "opgeblasenheid" sien hy homself in 'n bomenslike staat van kennis:

... ek is Le Bateleur, kaart nommer één, die goëlaar, die "ingewyde", die knol, die onwyse man wat die deur oopmaak wat lei tot kennis van hierdie onverstaanbare wêreld ... Ek is die een wat praat deur die masker van Osiris, Thoth en Horus ... ek praat uit die groot Onbewuste ... Ek is vanaand die volkome Knol, die magus met die beker, die staf, die swaard en die pentaculum.¹

(p. 113)

Soos Madame Sosostiris in T.S. Eliot se "The Waste Land",² is die Knol besig met 'n bedrieëry. Wanneer hy op die gehawende dubbelbed van Myra Greenwell lê, en haar fortuin aan haar vertel, "improviseer" hy op die tema van hernuwing, en volgens die vierde kaart, l'Etoile, beloof hy aan haar "harmonie op geestelike gebied, en liefde en volbringing en menseliefde op die materiële vlak want, ek weet, dis eie aan Myra Greenwell" (p. 72).

1. Sien Ouspensky, P.D.: A New Model of the Universe, p. 213: "The four principles or the four letters of the Name of God, or the four alchemical elements, or the four classes of spirits, or the four divisions of man (the four Apocalyptic beasts) correspond to the four suits of the Tarot: wands, cups, swords and pentacles."
2. Uit: Collected Poems, Faber and Faber, Limited, Londen, 1963.

Gesien teen die geskiedenis van die Tarot, gebruik hy die kaarte op banale wyse.¹ Maar mnr. Y is "'n charlatan", wat met 22 argetipiese beelde in sy hand "in terme van esoteriese simbole 'n sintese probeer vind in die toeval van vyf kaarte" (p. 71). Hy weet self dat hy nie die Magus is nie - dat hy 'n knol=skrywer is wat hom in die rol van goëlaar en siener "waan", soos die flapteks aandui. Maar dit is 'n spel met ernstige kaarte; in die "patter of the charlatan" bly die simbole van die kaarte waar² - in sy spel met die esoteriese wysheid is daar die moontlikheid "dat al hierdie bedrieëry miskien 'n gedeeltelike waarheid bevat ..." (p. 72)

(g) Gevolgtrekking

Alhoewel die Knol homself as 'n "besondere geval" bestempel (p. 6), is sy soektog meer as net 'n individuele geval. In sy medereisigers vind hy telkens iets van homself. Ook Linda Lee het die "eensaamheid van die dood" in haar (p. 29), en op p. 72 is dit Myra Greenwell - die "taai klein gamine van Trinidad" - wat saam met die Knol weemoedig raak oor "iets" wat hulle in gemeenhet. Pamela, vir wie sy belangstelling in Isis gekheid is, sê aan hom: "Ek is eensaam en verward en ek dink jy is ook" (p. 109).³

In Valencia, wanneer hy staan, "alleen voor die Heilige beeld wat gesnee is vir Padre Jofré se toevlugsoord vir mal mense en mense sonder 'n tuiste ... en almal wat in rege gesny is", sien

1. Vir 'n vollediger uiteensetting van die Knol se spel met die Tarot, sien Hoofstuk V.
2. Botha, E.: Standpunte, April 1970, p. 37.
3. Vergelyk ook mnr. Y se gedagtes oor Mary-Jane Hudson: "... ek wonder meteens, in terme van al die projeksies waarmee ons die lewe probeer verstaan, wie ek is wat uit die newelwolke van die verlede in 'n Boeing 707 vir haar 'n beeld projekteer. Twintig, dertig, veertig jaar gelede? Volgens watter lewenset het die leemte gekom? Hoe het die jong god Osiris gelyk in die jaar 1901? Was hy 'n bruinoog met 'n banjo?" (pp. 15/16)

hy ook vir Mary-Jane Hudson, en vir Linda Lee en vir Bettie langs hom, want: "die lewe gaan voort en die malles en tuisloses verander saam met die tyd" (p. 43).

Vandaar dan mnr. Y se skielike besef, terwyl hy besig is om wysshede aan die priester te verkondig: "Ek vertel hom niks nuuts nie, slegs my verlange om myself te begryp." Sy soektog is 'n mitiese soektog van ouds: dié van die mens wat sy vrae oor die syn beantwoord wil hê; wat probeer sin vind in die lewe. Hy is as mens geruk uit sy paradyslike oerbestaan, en ons vind hier sy soeke terug.

Die Knol hoop wel om met sy roman rus te bring in sy eie siel, en sy vertrekpunt is die hîér en die nóú van die huidige. Maar die talle esoteriese begrippe en simbole wat by sy verhaal betrek word, is dít wat deur die eeue heen deur die mens gebruik is in sy poging om 'n versoening te bewerkstellig tussen die heelal en die mikrokosmos van die menslike gees. Daarom verkry sy soektog 'n kosmiese dimensie en fletter die wêreld en sy geskiedenis simbolies voor ons oop. Hy is nie net mnr. Y, die knolskrywer wat eendag in 'n parkie aan flarde geslaan is deur die man van sy Russiese minnares nie. Hy is ook sy ooms van De Doorns, die priester met die rowe op sy kop, Faustus en sy niggie Bettie. Hy is die Magus, maar ook die Zero van die Tarot-pak. Hy is Don Quijote;¹ hy is ook Osiris en

1. Cervantes se "mal" ridder wat windmeulens bestorm het in die geloof dat hulle reuse was; wat deur die fantasie leef, maar al hoe meer die betreklikheid van die waarheid ontdek. Net soos die Don in die grot van Montesinos tekens toon dat hy minstens vermoed dat daar by die waarheid van die visioen wat hy aanskou het, ook wensdenkery en verbeelding was, voel ook die Knol in sy grot dat dít wat hy sien - "In die voorste boot ... 'n strykkwartet wat 'n kwellende, onbekende lied speel, in die tweede boot ... 'n jongvrou met 'n mantilla en 'n sluier, in die derde boot 'n gemaskerde man" - miskien slegs 'n beeld is.

In die voorwoord tot sy vertaling van Don Quijote de la Mancha skryf André P. Brink egter oor die Don: "... wat hy ... beliggaam, is die mens se sonderlinge vermoë om te glo, om skeppend te glo teen alle redelike bewyse in (Human en Rousseau, Kaapstad en Pretoria, 1966, p. 7).

Dionysus.¹ Soekend en naamloos - ons ken hom slegs as
mnr. Y - is die Knol in meer as een opsig 'n "spieghel van
elckerlijk."

1. Vergelyk Cassirer, E.: An Essay on Man, p. 98:

"What man portrays in his gods is himself, in all his
variety and multiformity, his turn of mind, his
temperament, even his idiosyncrasies."

HOOFSTUK IVDie Psigologiese Vlak ; 'n Reis Na Binne

There is only one adventure - inward, towards the self.

Henry Miller

Alreeds in Etienne Leroux se tweede roman, Hilaria, het Colet, in sy geestelike verwarring, tot die gevolgtrekking gekom dat hy geen krag deur andere kan vind nie; hy moes dit in homself vind:

Wat help dit alles? Het ek nie, destyds, hoeveel jare gelde? besluit dat alles eers vernietig moet word en dat ek in myself die antwoord sal kry nie.

(p.65)

Alreeds hier dus, die idee dat psigiese heelheid verkry kan word slegs deur terug te gaan, die self in.

Alhoewel mnr. Y in Isis sy Europese reis bestempel as 'n reis op soek na "skoonheid, seks en singenot", laat hy weinig twyfel dat sy hele tog gelees moet word as 'n inkeer in homself. Op die oppervlakte is dit wél 'n verhaal van 'n reis en van reisgenote. Maar alreeds die ondertitel - "'n Storie van dertien vrouens en 'n reisbeskrywing na binne" - dui daarop dat dit hier gaan om veel meer as 'n bloot sintuiglike reis.

In Europa is hy wél letterlik op soek na Isis, en hy vind haar in dertien vroue. Maar die "verklarende" Knol maak so dikwels gebruik van terme en begrippe geneem uit die psigologie, en dan veral dié van Jung, dat dit spoedig vir die leser duidelik word dat hierdie 'n reis na binne gaan wees, wat op Jungiaanse wyse voltrek gaan word.¹

1. Gevolglik val die klem op die konflikte in die gees van mnr. Y, en nie soseer op die uitwerk van 'n volledige dramatiese intrige nie.

Wanneer die Knol probeer om aan die Neger die betekenis van die dwerg te verduidelik, doen hy dit in terme van die dieptesielkunde (p. 64). Hy noem die Neger sy "skaduwee" en sy "reismaat", "op pad na daardie bodemlose wêreld waar godinne beweeg en gedurig van vorm verander in die diepste lae waar die argetipes krioel" (p. 74). Wanneer hy op p. 129 die dertien gevonde dele van Isis opnoem, noem hy hulle: "dertien aspekte van my anima".

Op psigologiese vlak - en dit is vanuit die staanspoor mnr. Y se siel wat in flarde is (p. 3) - is sy verminking sy geestelike of psigiese dood. En hierdie gedagte is 'n sleutelbegrip tot die idee van psigiese onttrekking, die inkeer tot die self, en die psigiese terugkeer of hergeboorte - die integrasie of individuasie van die persoonlikheid volgens Jung.

Die proses van individuasie¹ is deur Jung bestempel as 'n stryd waartydens psigiese heelheid verkry kan word. Dit is 'n proses van ordeskepping uit chaos, en in The Integration of the Personality, beskryf hy dit as:

... the psychological process that makes of a human being an 'individual' - a unique, indivisible unit or 'whole man' ..."

(p. 3)

Dit is 'n proses waartydens die mens vry moet word van die drange en die spanninge van die ego - die "centre of consciousness"² wat alleen heerskappy oor die persoonlikheid eis - en hy sy onontdekte self, die Onbewuste, moet erken.³ Dán ontwikkel die persoonlikheid tot dít waartoe hy bestem is, en

1. Afgelei van die wetenskaplike term principium individuationis wat deur Jolande Jacobi omskryf word as: "that principle on which depends the breaking up of the general into the particular, into single beings or individuals". (The Way of Individuation, p. 13)
2. Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, p. 21.
3. Vergelyk Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, p. 77: "To be whole means to become reconciled with those sides of personality which have not been taken into account."

kom begrip van self en wêreld.

Die versoening van teenoorgesteldes is 'n belangrike kenmerk van die individuasieproses. Die menslike psige word voorgestel in terme van teenoorgesteldes - bewus, onbewus; manlik, vroulik - en die onderliggende prinsipe is dié van die conjunctio oppositorum.¹ Soos die lewe (geboorte en dood; vreugde en lyding; liefde en haat; somer en winter; dag en nag), is ook die mens 'n saambestaan van kontradiksies.

Gevolgtrek vind ons mnr. Y in die skaduwee van die "monolitiese sandsteen-Osiris-klip", besig om eenheid en multiplisiteit te oorweeg om sodoende 'n begrip van sintese te probeer kry. Hy ervaar 'n lewensbeginsel van tweeledigheid waar die bose en die goeie as natuurvyande die ewewig van gedurige stryd bewaar. Hy is ook bewus van "die gedurige kontrabalans tussen die onsterflike siel wat ek van my hemelse vader geërf het en die sterflike gedeelte gelaat deur my aardse moeder" (p. 4).

Die Knol se hele reis is gemik op die versoening van die kontradiksies van die lewe, en dié strewe word uitgebeeld in die "fantasieë" wat hy soms beleef. Wanneer hy "herbore" word in die "fees van Sed", is dit asof die bewuste met die onbewuste verenig word (p. 2). Ook op die Huerta is dit vir hom asof die bewuste weer met die groot onbewuste verenig word, en asof hy daardeur 'n begrip van geheimenisse en esoteriese kennis bekom (p. 39).

Individuasie is 'n proses wat gewoonlik eers in die middeljare

1. Vergelyk Jung, C.G.: Aion, p. 123: "... the opposites have to work together for a common purpose - to reach the heavenly quaternity".

In die alchemie word die versoening van teenoorgesteldes bevat in 'n simboliese samekoms van die koninklike broer en suster, waaruit die "heilige kind", simbool van die Self, gebore word: "... a unity purified of all opposition and therefore incorruptible".

(The Collected Works 2, pp. 36/37)

kom begrip van self en wêreld.

Die versoening van teenoorgesteldes is 'n belangrike kenmerk van die individuasiëproses. Die menslike psige word voorgestel in terme van teenoorgesteldes - bewus, onbewus; manlik, vroulik - en die onderliggende prinsipe is dié van die conjunctio oppositorum.¹ Soos die lewe (geboorte en dood; vreugde en lyding; liefde en haat; somer en winter; dag en nag), is ook die mens 'n saambestaan van kontradiksies.

Gevolgtrek vind ons mr. Y in die skaduwee van die "monolitiese sandsteen-Osiris-klip", besig om eenheid en multiplisiteit te oorweeg om sodoende 'n begrip van sintese te probeer kry. Hy ervaar 'n lewensbeginsel van tweeledigheid waar die bese en die goeie as natuurvryende die ewewig van gedurige stryd bewaar. Hy is ook bewus van "die gedurige kontrabalans tussen die onsterflike siel wat ek van my hemelse vader geërf het en die sterflike gedeelte gelaat deur my aardse moeder" (p. 4).

Die Knol se hele reis is gemik op die versoening van die kontradiksies van die lewe, en dié strewe word uitgebeeld in die "fantasieë" wat hy soms beleef. Wanneer hy "herbore" word in die "fees van Sed", is dit asof die bewuste met die onbewuste verenig word (p. 2). Ook op die Huerta is dit vir hom asof die bewuste weer met die groot onbewuste verenig word, en asof hy daardeur 'n begrip van geheimenisse en esoteriese kennis bekom (p. 39).

Individuasië is 'n proses wat gewoonlik eers in die middeljare

1. Vergelyk Jung, C.G.: Aion, p. 123: "... the opposites have to work together for a common purpose - to reach the heavenly quaternity".

In die alchemie word die versoening van teenoorgesteldes bevat in 'n simboliese samekoms van die koninklike broer en suster, waaruit die "heilige kind", simbool van die Self, gebore word: "... a unity purified of all opposition and therefore incorruptible".

(The Collected Works 2, pp. 36/37)

plaasvind. Op 'n stadium maak die voortvarendheid en die idealisme van die jeug plek vir 'n hersiening van vroeëre lewenswaardes,¹ en die mens word meteens bewus van die naderende en onafwendbare einde - die dood. Gevolglik moet daar nuwe sin in die lewe gevind word.

Waar die mens tydens die eerste helfte van sy lewe hoofsaaklik gemoeid is met aanpassing by die buitewêreld, vereis die middeljare dat hy aanpas veral by die wêreld binne-in hom. Jolande Jacobi haal Jung soos volg aan:

Once the psyche reaches the midpoint of life the process of development demands a return to the beginning, a descent into the dark, hot depths of the unconscious. To sojourn in these depths, to withstand their dangers, is a journey to hell and "death". But he who comes through safe and sound, who is "reborn", will return, full of knowledge and wisdom, equipped for the outward and inward demands of life. He has pressed forward to his limits and has taken his destiny upon himself.²

Mnr. Y se kwellinge oor die middeljarigheid, wat alreeds in Hoofstuk III ter sprake gekom het, dui op 'n soortgelyke situasie. Met sy verbryseling in 1844, terwyl die vuishoue dreun, besef hy meteens: "môre is ek 45" (p. 119). En in Isis vind ons hom waar hy sy lot bekla:

Ek is 46, hoogs middeljarig, my miskende instinkte vier hoogty en 'n ramp wag op my.

(p. 54)

Binne-in hom klop en tob daar 'n verzet teen die eendersheid van die dood (p. 8), en hy ervaar dikwels 'n intense eensaamheid. Terwyl hy hom gereedmaak vir sy nagtelike verkenning van Madrid,

1. Vergelyk Jacobi, J.: The Way of Individuation, p. 21: "At the stroke of noon the descent begins. And the descent means the reversal of all the ideals and values that were cherished in the morning."
2. Complex / Archetype / Symbol in the Psychology of C.G. Jung, p. 184.

oorweldig 'n gevoel van onbeskryflike alleenheid hom meteens (p. 19). By die Hotel Serrana word hy wakker:

... 46 jaar oud, en daar is spikkels voor my oë,
'n gesuis in my ore en 'n eensaamheid asof die
dood vir my wag met sy siniese belofte van 'n
eiesoortige rus.

(p. 27)

Moontlike hergeboorte word in die vooruitsig gestel wanneer die Knol op p. 7 kom tot die gevolgtrekking:

... elkeen van ons is potensieel in staat om in die
kleine die mistieke drama van hergeboorte te ervaar.

In hom is daar 'n raserny om die lewe te verstaan, en wanneer hy in sy dronkenskap tot gewaande insig kom (p. 7), verbeel hy hom dat hy in staat is tot hergeboorte vanaf 'n onvolmaakte staat tot 'n perfekte geheel. Die fragmente waarmee hy sit, moet as 't ware uitgebou word tot 'n verstaanbare geheel. En om die lewe te verstaan sal hergeboorte beteken.

Op p. 8 kom mnr. Y tot 'n belangrike besluit:

... ek sal soos die vrou binne-in myself moet word
om die ware aard van die teenstrydigheid van die
lewe te begryp.

Hier is die vrou wat hom gaan heelmaak duidelik nie net 'n mitologiese godin nie. Die soektog van Osiris na Isis is hier in die grond 'n vereenselwiging van die verteller, die Knol, met haar wat in Jungiaanse taal die anima genoem sal word. Aan die einde, wanneer Shulamite vra: "Het jy iets in Griekeland gevind?" verduidelik mnr. Y:

Op 'n ander vlak is haar vraag eintlik of die held
mê ietsie van die magiese krag van die anima in al
haar vorms terugkeer na sy tuisland.

(p. 134)

In die individuasieproses is daar veral vier belangrike stadiums: die ontbinding van die persona, die ontmoeting met die skaduwee, die ontmoeting met die anima, en die uiteindelijke bereiking van die Self. Ander argetipes, soos die ou man ('n vaderfiguur),

die nar, en die towenaar ('n magusfiguur), maak ook hulle verskyning, maar dit is veral die eerste vier wat as 't ware die verskillende stadiums soos mylpale aandui.

Alvorens daar in die Kollektiewe Onbewuste afgedaal kan word, moet die persona ontbind word. Volgens Jung is die persona dié deel van die persoonlikheid wat ons soos 'n masker dra in ons sosiale verkeer met mekaar; dít wat die mens vir die buitewêreld wys in 'n poging om sosiaal aanvaarbaar te wees. Dit is die deel wat die "ek" bereid is om te erken as behorende tot sy "ek"-beeld - hy aanvaar dus net 'n deel van sy geheel. Jung skryf: "one would say, with a little exaggeration, that the persona is that which in reality one is not, but which oneself as well as others think one is".¹

Wie 'n volledige persoonlikheid wil word, moet gevolglik bereid wees om hierdie onvolledige beeld van die self op te offer. Hy moet bereid wees om sy onbewuste te erken deur te sê: "dit is ek ook". Hy sal ryp tot 'n volwaardige mens indien hy:

"bereid is zijn leugenachtige houding van de dualiteit op te geven, waardoor hij anders doet dan hij meent, en het op te nemen voor de krachten van zijn onderwereld, die onontbeerlijk zijn voor zijn menswording, als de wijsheid doorbreekt en de eigengerechtigde veroordeling van zichzelf en anderen ophoudt, dan kan de bevrijding komen ..."²

Dán ontplooi hy as volwaardige mens.

Die persona is dus nie die hele persoonlikheid nie; in die (persoonlike) onderbewuste lê die mens se tweede gesig - die ander kant van die masker, wat deur Jung die skaduwee genoem word, en wat die ander mense nie sien nie.

Op die weg van individuasie is die skaduwee die eerste argetipe waarmee die mens in kontak kom. Omdat die aard daarvan nog

1. Jung, C.G.: The Collected Works, 9(i), p. 123.

2. Schuurman, C.J.: De Taal van het Onbewuste Zieleleven, p. 29.

hoofsaaklik persoonlik is (weens sy verband met die persoonlike onbewuste) is dit die argetipe wat die maklikste toeganklik is vir die mens.

Die skaduwee is alles wat die persona nie is nie, en bestaan uit al die negatiewe aspekte van die persoonlikheid wat onderdruk word ter wille van die beeld na buite, of ter wille van morele of estetiese standaarde. As die minderwaardige deel van die persoonlikheid wat gedurig onderdruk word, is die skaduwee die mn. Hyde van ons dr. Jekyll.¹

Die "donker" eienskappe van die skaduwee is die vergestaltung van die primitiewe, onbeheersde en dierlike gedeelte van die persoonlikheid, en openbaar gewoonlik 'n sterk emosionele aard. Dikwels word hy dan ook gepersonifieer in die vorm van die duiwel of iemand wat donker van vel is.

Volgens Jung kan die mens nie 'n volkome afgeronde individu wees, voordat hy nie ook die negatiewe aspekte van sy persoonlikheid - dus sy skaduwee - erken en aanvaar het nie. Dié konfrontasie lei tot die tydelike chaos wat in die alchemie bekend is as die "nigredo", en in die mens self lei dit tot 'n gevoel van rusteloosheid en disoriëntasie.²

Die volgende stadium in die individuasierproses is die konfrontasie of ontmoeting met die anima (die animus in die geval van die vrou), die "ewige vrou" en die eintlike skakel tussen die ego en die innerlike wêreld van die psige. Terwyl die skaduwee redelik integreerbaar is, is die ontwykende anima verder weg van die bewuste - só diep verborge dat dit onder normale omstandig=

1. Sien Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, p. 49.
In die letterkunde maak die skaduwee sy verskyning in Shakespeare se Caliban, Mev. Shelley se Frankenstein, Herman Hesse se Steppenwolf.
2. Jung. C.G.: Aion, p. 201.

hede nooit eens beseef word nie. Dit verteenwoordig die kontraseksuele gedeelte van die manlike psige; - die vrou in elke man.

Die anima is van die allergrootste belang in die individuasië-proses, omdat dit dié deel van die psige is wat die man volkome in homself moet integreer voordat hy 'n geïntegreerde persoonlikheid kan word.

Alhoewel die anima in die Kollektiewe Onbewuste gesetel is, bevat dit ook 'n persoonlike element. Dié argetipe kan beskou word as 'n kompleks in die psige van die man wat saamgestel is uit:

- i) die man se eie onbewuste vroulike elemente - die vrou in elke man;
- ii) sy persoonlike ervaring met vroue, vanaf sy moeder, die opinies van ouers en vriende van vroue, tot die ervaring met geliefdes en vroue in die algemeen;
- iii) die oorgeërfde, kollektiewe beeld van die vrou in sy binneste - die vrou as maagd, hoer, heks, vampier, verleidster en geestelike gids.¹ Dus die man se ondervinding van die vrou opgedoen deur die eeue heen.

Die anima is dus 'n vlugtige, dubbelkantige figuur - vol positiewe en negatiewe kontradiksies² wat mekaar aanvul om van haar die ewige vrou te maak.³ Voordat integrasie kan plaasvind moet daar kennis gemaak word met al hierdie verskillende aspekte - goed sowel as boos. In die letterkunde kom sy voor as H. Rider Haggard se She, Dante se Beatrice, Andromeda in die mite van

1. Du Preez, J.P.A.: Sestiger, Februarie 1965, pp. 20/21.

2. Vergelyk Von Franz, M.L.: Man and His Symbols, p. 178: "The anima ... has two aspects, benevolent and malefic (or negative)"

3. Vergelyk die Knol op p. 110: "Deernis is maar één van die aspekte van Isis. Aan die teenoorgestelde kant is daar ook die vyandskap teen seks en die man, net soos by Artemis en die ander vorms waarin sy verskyn."

Perseus.

Die assimilasie van die ego in 'n wyer persoonlikheid word genoem die bereiking van die Self, - dit wat deur Jung beskou word as: "the inner equivalent of Creation, an inner cosmos as infinite as the cosmos outside us".¹

Agter die eerste gesig van die mens lê sy tweede gesig, en dié is goddelik van aard. Ingebed in hierdie wêreld, maar op 'n besondere wyse gelokaliseer in die gees, is daar die Onbewuste - Numineus of Goddelik van aard.² Op dié manier is die Onbewuste God-in-die-mens³ - die ewigheid wat elke persoon in hom rondra. Die finale stadium in die individuasiëproses kom met die verskyning van die argetipiese beeld van die Self. As die sentrale, koördinerende argetipe - die sentrum van die persoonlikheid - is die Self die "kleinste van die kleine en die grootste van die grote".⁴

Die Self word gesimboliseer deur die diamant, die pêrel, die lapis philosophorum, kristal, goue blom, lotus, heilige kind, graal, mandala en hermafrodiët.

Die individuasiëproses van mnr. Y

Die beslissende moment in die lewe van mnr Y kom alreeds voor in 1844, wanneer hy in die park aan flarde geslaan word. Die gewelddadige vernietiging in die park is noodsaaklik - dit is die "noodsaaklike einde van die eensydige paradys" (1844 : 114). Dit hang saam met Jung se idee dat die desintegrasie van die persona 'n noodwendige voorvereiste is vir die nuwe lewe wat volg,

1. Complex / Archetype / Symbol in the Psychology of C.G. Jung, p. 58.
2. Van Rensburg, F.I.J.: Standpunte, Augustus 1972, p. 54.
3. Die Jungiaanse idee sekulariseer Christus dus tot 'n argetipe van die kollektiewe onbewuste. Sien die bespreking deur D.H. Steenberg in Tydskrif vir Letterkunde, November 1973, pp. 6-11.
4. Du Preez, J.P.A.: Sestiger, Februarie 1965, p. 18.

na die heropbou daarvan¹ - vir elke hergeboorte is daar 'n sterwe nodig.² Op p. 47 sê die Knol aan Pamela:

Ek is eintlik in die stadium van ontbinding ... Ek huiwer op die randjie van 'n psigiese samekoms en ek is besig om te sterf en ek word in repe gesny voordat dit kan plaasvind.

Die Neger maak sy verskyning op p. 56, en van dan af reis die Knol nie meer alleen nie. Dit is betekenisvol dat Joseph Gladstone Washington O'Hara juis tydens die "Walpurgisnacht" sy verskyning maak. Aggressief, swetsend en honend is hy juis dié deel van die Knol waarvan die engelagtige Karin Manlichter, sy "Gretchen", nie hou nie (p. 55). Pikswart, en ses voet sewe duim lank, is hy die direkte teenstelling van die verwarde en gans verlore Knol wat sy toevlug neem tot 'n "mitologiese ivoortoring". Terwyl die Knol gefassineerd is deur die dood, sê die Neger: "I am fascinated by sex, man" (p. 74). Met sy leuse: "I love trouble, sex and violence", staan die Neger met sy voete vas op die aarde. By die Knol en die Neger, sy "skaduwee, met sy homunculus, die dwerg", vind ons inderdaad die primordiale teenstelling gees / vlees, lig / donker, wat deel uitmaak van die dualiteit van die mens, en wat moet saamsmelt om 'n geheel te vorm.

Op die oppervlakte beweeg die pikswart Neger met sy dwerg aan sy sy, en hy gésel en terg die Knol. Terwyl mn. Y op pad is

1. Alleen deur die regressie van die libido kan die individu toegang verkry tot die onderste lae van die Kollektiewe Onbewuste waar die argetipes skuil.
2. Die gebruik van die mite van Isis en Osiris sou dan ook psigologies geregverdig wees. Volgens Jung is die verbryseling en gepaardgaande lyding en smart van Osiris noodsaaklik voordat hergeboorte kan plaasvind - ná disjunctio volg die mistieke conjunctio.

Griekeland toe met die hoop op versoening en integrasie, vra die Neger: "Are we going to create a little bit of chaos, boy?" (p. 74).

In die verhouding tussen hulle tree daar egter geleidelik 'n verandering in. Namate die Knol besef dat hy 'n houvas begin kry oor al sy skaduwees (p. 70), verloor die Neger sy aggressiwiteit. Op p. 75, wanneer hulle op pad is Griekeland toe, en die Neger sê: "I'm scared, boy," plaas die Knol sy blanke hand op die swart hand van Joseph Gladstone Washington O'Hara, en hy sê: "I, too, am scared, boy." Dan besef hy meteens dat hy en sy skaduwee ewe bevrees is.

Wanneer mn. Y op p. 115 sy reis in oënskyn neem, weet hy dat hy tot dusver Faustus I van Goethe was; dat alles nog net op die oppervlakte plaasgevind het,¹ en dat hy nog geen essensiële kontak met die anima gehad het nie.² Maar hy weet ook dat die spel op

1. As 'n argetipe wat behoort tot die Persoonlike Onbewuste, is die skaduwee oppervlakkiger van aard as die dieperliggende anima. Sien p.88 van hierdie hoofstuk.
2. Volgens oorlewering was Faust 'n 16e-eeuse magus en charlatan, wat sy siel aan die duiwel verkoop het in ruil vir kennis. Dié gegewe is deur verskeie kunstenaars verwerk, en die bekendste van dié verwerkings is Goethe se Faustus I en Faustus II.

Jung sien die stryd wat daar tussen Faustus en God ontstaan, as die uitbeelding van 'n psigiese stryd. "...the tragic counterplay between inside and outside (depicted in Job and Faust as the wager with God) represents, at bottom, the energetics of the life process, the polar tension that is necessary for self-regulation" (The Collected Works 7, p. 194.)

In Deel I word die anima geprojekteer op Gretchen. Faustus besef egter dat hy dié deel van sy psige slegs in homself kan vind, en dit gebeur wanneer hy vir Helena in die onderwêreld van die onbewuste vind. Deel II is die uitbeelding van die individuasieproses, met Helena as die anima-figuur in die psige van Faustus. Sy ondergaan verskeie gedaanteverwisselings, maar die hoogtepunt hiervan is haar verskyning as die Mater Gloriosa. Dan kan die teenoorgesteldes tot versoening kom, en kan Faustus gered word.

die oppervlakte nou tot 'n einde gekom het, en ons vind hier die aanvangstadium van die oorgang na die tweede fase in die proses van individuasie - die ontmoeting met die anima.

Op veelseggende wyse is die eerste bekende wat hy in Athene raakloop die veranderde Neger. Hy is sonder sy metgesel, die homoseksuele dwerg, hy voel moeg en verlore - soos die Knol nog altyd gevoel het - en sy ou aggressiwiteit is weg. "I am out of my depth," sê hy aan mnr. Y.¹ Dit is nou die Knol wat hom herinner aan sy voorspelling in Parys: "Are we going to create a little bit of chaos, boy?" As antwoord hierop sug die Neger net.

Vanuit die staanspoor is die Neger getreiter deur sy gedurige metgesel, die homoseksuele dwerg. Dié plant vuishoue in sy maag, en pluk sy Black Power embleem af - Joseph Gladstone Washington O'Hara het 'n probleem met die dwerg. "Have you ever been chased by a homosexual dwarf?" vra hy aan die Knol (p. 63). Maar hy is ook gefassineerd deur seks (p. 74), en terwyl die dwerg hom aanhoudend in die maag moker, komplimenteer hy die Neger: "You good! You fucking good!" (p. 56)

Uit mnr. Y se woorde op p. 67: "... die pikswart Neger, my skaduwee, met sy homunculus,² die dwerg" en dié op p. 75: "My wêreldberoemde vriend, die pikswart Neger met sy dwerg aan sy sy, beweeg bloot op die oppervlakte ...", blyk dit dat die dwerg 'n deel van die Neger se persoonlikheid verteenwoordig - 'n gedeelte waarmee hy 'n "worstelstryd" voer (p. 56). Wanneer die Knol hom in Griekeland teëkom sonder sy dwerg, kan ons dus tot die gevolgtrekking kom dat die probleem betreffende die homoseksuele sy van sy karakter opgelos is. En omdat die Neger, as skaduwee van mnr. Y, ook deel uitmaak van die psige van die Knol, het ook mnr. Y by implikasie 'n soortgelyke gevaar

1. Volgens Jung is die skaduwee dus hier "tot die oppervlakte" gebring.
2. Volgens Kerenyi is die dwerg 'n manifestasie van die argetipe van die kind - die "treasure hard to attain", wat ook gesimboliseer word deur die pêrel, die blom, die heilige quaternio - almal simbole van die Self. (Introduction to a Science of Mythology, pp. 108/109.) Ook die Knol verduidelik op p. 46 van Isis dat, uit die samekoms van die onbewuste en die bewuste, 'n bevrugting plaasvind, sodat die embryo te voorskyn kom, die homunculus en die lapis.

oorkom.¹

Op p. 119 word die Knol en sy skaduwee uiteindelik soos één:

... in die verte, my vriend, die pikswart Neger
wat rustig besig is om te slaap sy hande agter
sy kop, soos ek ook ...

Dán kom hulle tot volkome versoening, en hierdie moment van "koelte, rus en stilte" is as 't ware die voorspel tot die Knol se ontmoeting met Shulamite.

Net soos die vroue op mitologiese vlak verteenwoordigend was van sekere aspekte van Isis, en gevolglik op aktuele vlak geen volwaardige karakters kon wees nie, word hulle op psigologiese vlak argetipiese figure - verteenwoordigers van die verskillende aspekte van die anima. Sêlf is hulle nie so belangrik as dít waarvoor hulle staan nie: dié vroue wat moet saamsmelt om die volledige anima te vorm.

Die ou vroutjie, Mary-Jane Hudson, is 'n grootmoeder-figuur,² en deur haar maak die Knol ook kennis met die dood.³ Haar skim verskyn telkens wanneer die dood ter sprake kom. Terwyl hy soek na Yvette in die wrak van haar wit Citroën, kyk hy vas in haar gesig "met die rooi-vars letsels van verminking" (p. 103);

1. Wanneer hy uiteindelik die tempel van Aphaia bereik, waar hy tot "insig" kom (sien later), is hy "geskeur en amper ontman" (p. 129), - 'n toestand soortgelyk aan dié van die Neger wat op die volgende bladsy sê: "I nearly lost my balls", óók verwysende na die formidabele heining om die tempel.

Sy eie homoseksuele vriend, die argitek van sy wit huisie by die see, kom telkens ter sprake, onder andere op pp. 2, 14, 21, 136 en 138. Op p. 139 kom mnr. Y egter tot die gevolgtrekking dat hy in dié huisie, waarin hy homself eens op 'n tyd kon onttrek (p. 7), geen beskerming kan vind nie: "Dis so 'n bleddie weerlose, skoon klein plekkie ..."

2. Sien Hoofstuk III, p. 54.
3. Vergelyk sy woorde op p. 1, wanneer hy Isis, ster van die see, beskryf: "soms is sy die dood ..."

wanneer Gloria deur die taxi getref word, hoor hy die ou vrou tjie langs hom, en dan vlug hy weg van die krakerige stem van Mary-Jane Hudson (p. 111).

Karin Manlichter - delikaat, fyn en sag, met onskuldige blou oë - is 'n engel, besluit die Knol op p. 55. En dit is gevolglik belangrik dat dit juis sy is wat in die Jardine, in Mallorca, die "onskuldige Gretchen" word van mnr. Y. Soos Faust, tydens 'n soort Walpurgisnacht, beroep hy hom op die Spiritus Mundi, in ruil vir 'n beter begrip van die lewe en homself, en transformasie.

Ook Gloria soen soos Gretchen (p. 86) en kan dus as 'n engelfiguur beskou word. Yvette, klein en onskuldig, is 'n nimf (p. 95), en Pamela is 'n "gamine"¹ wat langs die Knol op die Spaanse Trappe verskyn (p. 108). Mrs. Scott-Finesse is "ouderdomloos", en tree op as 'n verleidster (pp. 94/106). Brunhilde is die hoer (pp. 112/13), soos sy niggie Bettie, die "mal hoer van Hoogstraat" (p. 109).

Aan die Neger vertel die Knol: "dat Shulamite die mater gloriosa is en dat sy die koningin van die hemel is en dat sy alles is wat vroulik is en dat sy soms ook 'n hoer en 'n terggees is" (p. 132). Sy is die raaiselagtigste en die ontwykendste van al die vroue wat hy op sy reis teëkom.² "Ek sou altyd die gevoel hê dat sy enige oomblik kan verdwyn en nie weer terugkeer nie," sê die Knol (p. 120). Sy is 'n heksegodin sowel as aardmoeder (p. 120), en geliefde (p. 124).

1. Volgens Cassell's French/English Dictionary, (Londen, 1962) die vroulike vorm van "urchin"; "hoyden, chit of a girl".
2. Shulamite is die Griekse weergawe van Salome, in die Nuwe Testament die naam van die dogter van Herodus. Na haar "dans van die sewe sluiers" het sy gevra vir die hoof van Johannes die Doper (Markus 6:17-28). Salomé was egter ook die naam van een van die vroue teenwoordig by die kruisiging van Christus (Markus 15:40). In dié naam is dus bevat die teenstrydighede van die anima, wat deur M.L. von Franz beskryf is as "benevolent and malefic".

In die soektog na die "kind van die wysheid" is Shulamite en mnr. Y die hooffigure, en dit is sy wat soos 'n wolk in die Ooste verdwyn wanneer hulle hul "lieflike kind" verloor.

Ten spyte van die dood van die "kind van die wysheid", het Shulamite egter aan die Knol twee "nimfe" gelaat: Diana en Sharon (p. 125), en wanneer hulle hul kind verloor, weet die Knol alreeds "dat in die wanbalans van emosies en rede die lieflike kind moet sterf" (p. 132). Op hierdie stadium het hy alreeds 'n sekere wysheid verkry en dit is as gevolg van sy nagtelike ontdekkingsstog saam met Sharon en Diana op die eiland Aegina.

Dit is 'n tog waarop hulle vertrek toe die maan opkom, en hulle besluit om die tempel van Aphaea te besoek. Van dié ontdekkingsstog in die maanlig weet die Knol:

Dit sal 'n wandeling behels op 'n wentelpad wat die grootste gedeelte van die nag in beslag sal neem.²

(p. 125)

Van die begin af heers daar 'n geheimsinnige, onwerklike atmosfeer. Dit is warm en stil, en die bome en bosse neem allerhande vorms aan, sodat die Knol nie seker is of dit die

1. Op dié eiland het die kultus van Hekate, die metgesel van Artemis, in antieke tye hoogty gevier. (Sy word genoem die "metgesel van Artemis" omdat sy soms geïdentifiseer word met Artemis, asook met Selene, 'n maangodin.)
2. Die wandeling op die "wentel-grondpad" op pad na die tempel word 'n verkonkretisering van die sirkelvormige sielereis waarvan die Knol alreeds op p. 92 gepraat het - van die "sirkelgang na bó" (p. 114). In An Introduction to Jung's Psychology (p. 79), skryf Frieda Fordham: "The individuation process is sometimes described as a psychological journey; it can be a tortuous and slippery path, and can at times simply seem to lead round in circles; ... a truer description would be that of a spiral."

beeld van 'n god of godin is wat dreigend 'n maanligskaduwee oor die pad gooi nie (p. 126). Die bonatuurlike stilte word slegs verbreek deur die onaardse geroep van 'n Petervoël. En in dié nag en dié omgewing weet die Knol dat daar veel meer op die spel is as wat sy "nimfe" vermoed; dat hulle eintlik op 'n gevaarlike tog is. Om ligtelik met argetipes te speel, is 'n gevaarlike spel, en hy wil vir Sharon en Diana, wat half-spottend en half-bevrees, in 'n soort séance argaïese gode begin oproep op dié "eiland van die vrou" waarsku teen wat in hulleself kan plaasvind in hierdie "psigiese avontuur". Die mens se psigiese struktuur het dieselfde gebly, en in 'n omgewing "waar 600 jaar voor Christus 'n enorme energie van die libido uit die kollektiewe onbewuste ontplof het om, in terme van simbole, in die geraffineerdste en mooiste tempels in die wêreld uit te kristalliseer" (p. 126), wil hy hulle waarsku dat die demoniese aspek net so maklik die oorhand kan kry.¹ Ook wil hy hulle waarsku teen die doodsonde van ydelheid,² en terwyl die Petervoël

1. "In die psiges van die duisende miljoene krioel die psigiese materiaal waaruit gevaarlike gode en godinne gebore word", sê die Knol op p. 127. "Dié argetipes vra vergestaltung in sinvolle mites en simbole, anders verwek hulle rampspoed deur allerlei verwringing van die gees te veroorsaak."

(Van Rensburg, F.I.J.: Standpunte, Augustus 1972, p. 14.)

2. Dit is 'n toestand wat deur Jung "inflasie" genoem word. In so 'n situasie beland die individu geheel en al in die greep van sy argetipe, en staan hy gevaar om 'n grootheidswaan te ontwikkel. Hy kan homself wysmaak dat hy werklik die magiese krag en esoteriese wysheid van die argetipe besit, terwyl dit in werklikheid die krag van die onderbewuste is wat deur hom spreek. Op dié manier kan hy sy eie kragte oorskry en homself verwoes.

(Sien: Fordham, F.: An Introduction to Jung's Psychology, p. 60.)

Die uiterste voorbeeld van inflasie is die kranksinnige wat homself verbeel dat hy koning is, maar die Knol dra sêlf kennis van boere wat met haelgewere na wolke skiet omdat dit nie wil reën nie (p. 127). En ook hy word telkemale deur 'n gevoel van "opgeblasenheid" vervul. (Sien pp. 7, 70, 113)

nog steeds na sy verlore maat roep, word mnr. Y vervul met 'n vrees wat hom yskoud laat voel.

Dit is op hierdie oomblik dat hy en sy twee nimfe byna te pletter gery word deur sy skaduwee, die Neger, in sy rooi Fiat. Joseph Gladstone Washington O'Hara¹ is héél moontlik op pad na die oudste Doriese tempel in Griekeland, "maar miskien ook op soek na myself en my nimfe", sê die Knol. (p. 127)

Om verpletter te word deur sy skaduwee is egter nie die enigste gevaar waaraan hy op hierdie tog blootgestel is nie. Wanneer hy vir Diana en Sharon alleen laat om "heroïes" die "landskap" te verken, val hy kop onderstebo in 'n oop graf. Hy word deur sy twee nimfe uit die "steengroef" gehelp (p. 128), maar dan verdwaal hulle aanhoudend op die kruispad waar die onsigbare hond van Hekate aanhoudend blaf.¹ Uiteindelik is mnr. Y oor die laaste "versperring" - die heining om die tempel. Na al die ontberings en gevare, staan hy "geskeur en amper ontman" voor die tempel, wat in die maanlignag, in sy geraffineerde eenvoud, "Isis" aan hom openbaar. (p. 129).

Dan is dit vir die Knol asof hy meteens ál sy nimfe en die veertien vrouens op sy ontdekkingsreis na binne toe begryp. Hy begryp iets wat hy nie in woorde kan stel nie:

Iets het binnekant my ontplof; die veertien stukke het met 'n simmetrie - soos die eienaardige simmetrie van die Tempel van Britomartis - die vorm geneem van ál die mandalas wat driehoekig, rond, ovaal, vierkantig en in al sy samestellings my die gevoel gegee het van integrasie en die samebringing wat Isis is.

(p. 129)

1. Die godin Hekate maak haar verskyning op kruispaaie en volgens oorlewering word haar nabyheid aangekondig deur die nagtelike gehuil van honde.

En die belangrikste besef is:

Isis se tempel is nie volgens matematiese formules van die gees gebou nie.

Na die onwerklike nagtelike tog op die eiland, gaan hulle almal na die strand en kyk hoe die vissersbote inkom. En wanneer 'n visserman uit sy boot klim en vir Joseph Gladstone Washington O'Hara 'n sigaret vra, is dit die einde van illusies in vele vorme (p. 130). Dan weet die Knol dat die "kind van die wysheid" in hierdie "liriese vlug" gedoem is om neer te stort "voor die allemagtige waarheid dat in die wanbalans van emosies en rede die lieflike kind moet sterf" (p. 132).

Ten spyte daarvan dat die Knol net dertien aspekte van sy anima gevind het, en nog die veertiende deel kortkom - alhoewel hy net soos sy estetiese oom op die oog af tyd en geld verspil het in 'n poging om dagdrome 'n werklikheid te maak - wêét mnr. Y "dat iets aangedui is" (p. 134). Anders as in die geval van byvoorbeeld Henry in Sewe Dae By Die Silbersteins, word die individuasie nie volkome voltrek nie. Tot aan die einde ontwyk die volmaakte geheel vir mnr. Y. Hy bereik nie volledigheid nie, maar volgens Jung lei individuasie tot 'n volledige persoonlikheid - nie tot die volmaakte nie.¹ Soos mnr. Y besef het dat die soektog na volkome begrip van die lewe 'n soektog sonder einde is, besef hy ook dat dié soektog, waarin daar van hom verwag word om psigologies die teenoorgestelde bymekaar te bring, 'n soektog is wat geen einde ken nie (pp. 134/35). Dit is in dié begrip dat die wysheid lê, en daarom kan hy Griekeland noem: "die quaternio waar die strydige elemente verenig is" (p. 115)

1. Die bereiking van volmaaktheid bly steeds die verhewe ideaal. Jung skryf oor die individuasieproses as: "An integration or completeness of the individual, who in this way approaches wholeness, but not perfection." (The Collected Works, 14, p. 428.)

HOOFSTUK V

Evaluasie

Wat betref aanbiedingswyse, sowel as die hantering van die mite, verskil Isis in so 'n mate van Leroux se vorige romans, dat 'n mens genoodsaak is om by wyse van kontras kortliks te verwys na die voorafgaande werke.

Sy eerste roman, Die Eerste Lewe van Colet, beeld nog, met ongekompliseerde erns, die rypwording van die seun, Colet, uit. En alhoewel dit gaan om sy innerlike stryd om tot 'n vergelyk te kom met die bestaan, beweeg die roman nog op 'n redelik realistiese vlak.

Die struktuur van die daaropvolgende Hilaria berus egter op 'n mite, en dit lei tot die komplisering van die romangegewe. Die roman is 'n voortsetting van die verhaal van Colet, maar die promosiefees vir Julius Johnson se plastiekblindings vind plaas op die 23ste September, die datum van die antieke Hilaria-fees. En die eienaardige ontmannende dood van Colet, wanneer hy van 'n denneboom afstort en deur 'n dennetak deurboor word, vind sy mitologiese parallel in die dood van die vegetasiegod Attis, wat ook ontman word en sterf.

In die Cybele-Attis misteries het die dood van Attis egter 'n geestelike betekenis verkry - vir die ingewydes het die hergeboorte van die god simbool geword van hulle eie hergeboorte.¹ Parallel hiermee vind ons in Hilaria die dood en hergeboorte van Colet - maar nou op psigiese vlak, volgens die leer van Jung.

In Die Mugu vertolk die mite 'n subtieler rol. Die mite is:

1. Van Rooy, C.A.: Standpunte, Februarie 1960, p. 33.

"alles wat 'n samelewing saámhou, simboliese beswering, duur; waar die mite verdwyn, desintegreer die gemeenskap, ontstaan die mugu, die 'outsider'".¹ En uit hierdie bestaan, sê Juliana Doepels, sal die mens net kan ontsnap wanneer hy 'n ewige mite met standhoudende simboolwaardes gevind het.²

In Sewe Dae By Die Silbersteins, Een vir Azazel en Die Derde Oog is die mite (veral Grieks en Hebreeus), ook die grondpatroon wat herhaal word en verwring word en waarna teruggesoek word. By die Silbersteins is dit Genesis, die heilige sewe, die verlore Eden, die boom van die kennis van goed en kwaad.³ In Azazel die sondebok, en in Die Derde Oog die hellevaart van Herakles, en in 'n minder mate Dante. Maar alhoewel die mite nog die grondpatroon is waardeur die gebeure bepaal word, vind daar 'n geleidelike aksentverskuiwing plaas. Waar Hilaria en Die Mugu nog gebruik maak van die "rou mite", begin die klem mettertyd val op die "geïnterpreteerde mite".⁴

Waar die mitiese parallel in Hilaria nog sonder te veel interpretasiemoontlikhede is, word daar in die latere werke van mite, maar veral ook mitologie gebruik gemaak. In Die Derde Oog is die mite net gestalte; dit gaan hoofsaaklik om die psigiese kern daarvan. Die afdaal van Demosthenes de Goede in die shopping centre op soek na die tycoon Boris Gudenov, vind nog sy mitologiese parallel in Herakles se afdaal in die Onderwêreld, op soek na die helhond, Kerberos. Die vyand lê egter ook opgesluit in : "... misdade van die gees ... 'n verwording van die self ... die desintegrasie van die simboliese

1. Brink, André P.: Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 48.

Sien ook Hoofstuk I, p.10 oor die rol van die mite as behoudende mag in die samelewing.

2. Sien die openingsbladsy.

3. Sien Brink, André P.: Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 49.

4. Du Plessis, P.G.: Perspektief en Profiel, p. 604.

heelal en die gevolglike persoonlike desintegrasie ..." (p. 17). Die vyand is nie net alles wat negatief is in die maatskappy nie, maar ook dít wat negatief is in die individu. Op die psigologiese vlak van die roman is die opdrag aan De Goede om die negatiewe in homself na te speur. Brigadier Ornassis stel dit soos volg:

En dis eintlik jou taak: om alles wat weggesteek is tot die lig te bring ... Dis om in die onbekende af te daal in die psigiese substratum, en die bewuste oor die onbewuste te laat triomfeer ...

(p. 20)

Wanneer De Goede dan in die shopping centre afdaal, word hy iemand wat na sy donker "ander helfte" soek; iemand wat die proses van individuasie ondergaan.¹ Maar terselfdertyd word dit ook beeld van 'n individuasie van die gemeenskaplike psige, en hieruit vloei weer eens die moderne mens se soeke na die singewende mite.²

In Isis word daar ook hoofsaaklik van mitologie gebruik gemaak. Wat aanbiedingswyse betref, tree daar egter 'n verdere verandering in. Die leser van Een vir Azazel moes nog in die eerste plek optree as "ontsyferaar",³ weens die talle onvertaalde en onverklaarde woorde en terme (hoofsaaklik Hebreeus en Jiddisj), verwysings na die Ou Testament, die Talmoed, die Kabbalisme,⁴ en die mitologie.

In Die Derde Oog gee Leroux weliswaar 'n verwysingsleutel tot die oerteks: "Die storie is saamgeflans uit twee werke van Euripedes en Sophokles ..." maar dit is tog vir die leser nodig

1. Sien Hoofstuk IV, in die besonder pp. 67/87.
2. Du Plessis, P.G.: Perspektief en Profiel, p. 609.
3. 'n Insiggewende studie oor die "verstaanbaarheidsprobleme" in Een vir Azazel is dié van Elize Botha: "Verwysing en vertolking" opgeneem in Smal Swaard en Blink, pp. 28-43.
4. Hieruit byvoorbeeld die naam van die sondebok Adam Kadmon.

om self die klassieke verhaal van Herakles se hellevaart te ken.

1844, maar veral Isis, is totaal anders geaard, veral wat betref die humor en die sekere element van "oopskrywery" wat daarin na vore tree. Indien die leser self allerlei esoteriese wysshede gaan naspeur, sal sy ervaring van die roman uiteraard daardeur verryk word. Maar die Knol is sêlf ook voortdurend besig om te verduidelik.

In die eerste plek is dit nie vir die leser nodig om die mite van Isis en Osiris te ken nie. Die Knol is behep met die verhaal, en hy vertel dit aan almal wat hy teëkom. Tydens die Mary-Jane Hudson episode, wanneer hy kla dat hy haar die storie maar halfpad vertel het, beloof Mary-Jane om dit te lees in "Larousse" - en wat die besonderhede van die mite betref, kom sy weergawe daarvan soms feitlik woordeliks ooreen met dit wat in die Larousse Encyclopedia of Mythology gelees kan word.¹ In Isis lig

1. Om enkele gevalle aan te toon:

"Ra, die songod, slaap in die boesem van die primordiale oseaan, Noen, in die knop van 'n lotusblom met sy oë styf toe. Op 'n dag voel hy moeg vir al die onpersoonlikheid en het hy lus om die lewe te verken. Hy rys op uit die bodemlose dieptes en verskyn soos die son in al sy glorie as die groot god Ra" (Isis, p. 13).

"... the sun-god reposed under the name of Atum, in the bosom of Nun, the primordial ocean. There, in order that his lustre should run no risk of being extinguished, he took care to keep his eyes shut. He enclosed himself in the bud of a lotus until the day when, weary of his own impersonality, he rose by an effort of will from the abyss and appeared in glittering splendour under the name of Ra." (Larousse, p. 11)

"Koning Malchandre van Biblos laat die tamariskboom afkap en die stam dien as stut vir die dak van sy paleis. Die boom met die liggaam van Osiris gee so 'n heerlike geur af dat 'n legende ontstaan en deur die wêreld versprei totdat dit die ore van Isis bereik, wat onmiddellik die ware betekenis begryp." (Isis, p. 15).

"Now Malchandre, the king of Byblos, gave orders that the tamarisk should be cut down in order to serve as a prop for the roof of his palace. When this was done the marvellous tree gave off so exquisite a scent that its reputation reached the ears of Isis, who immediately understood its significance." (Larousse, p. 18).

(vervolg)

die Knol ons volledig in aangaande Isis-in-Larousse.¹

Die "speelsheid" wat betref die mite kom al voor in die omruiling van die rolle van Isis en Osiris - volgens P.D. van der Walt 'n "speelse en selektiewe aktivering van die mite as romanstrukture=rende element"² Om die mite aan te pas by sy eie situasie, keer die Knol dit presies óm, sodat dit nou die stukkende Osiris is wat op soek gaan na die lewegewende Isis. Verder word die mitologiese geskiedenis van Isis en Osiris, wat heelwaarskynlik een van die verwickeldste mitologieë in die wêreld is, ook op "selektiewe" wyse benader. Die hoofsaak vir mnr. Y se roman is die verbrysing van Osiris, die soektog van Isis na die verstrooide stukke, en die hergeboorte van die dooie god. Plek-plek verhaal hy wél enkele feite rondom die sentrale gegewe,³ maar Isis is geen herskepping van die oorspronklike mite nie.

Ook die wyse waarop die Knol voorgee dat sy roman 'n naam gekry het - "Ek het dit opgedra aan mej. I. Daarna het ek besluit om 'n volgende boek te skryf, opgedra aan 'n Amerikaanse meisie, 'n mej. S. Toe dink ek: I. en S. I.S. En I.S. word ISIS, ISIS,

1. (vervolg) "Ek noem dit aan haar ... dat Isis die ryk vlaktes van Egipte is en dat sy jaarliks vrugbaar gemaak word deur die oorvloeiing van die Nyl wat Osiris is ... Set, die droë onvrugbare woestyn, skei Isis en Osiris van mekaar." (Isis, p. 77).

"Isis, in the Osirian myth, represents the rich plains of Egypt, made fruitful by the annual inundation of the Nile, which is Osiris, who is separated from her by Set, the arid desert." (Larousse, p. 19).

1. Botha, E.: Standpunte, April 1970, p. 35.
2. Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Junie 1970, p. 160.
3. Hy vertel byvoorbeeld aan Linda Lee hoe Isis die pasgebore baba van Astarte oor 'n reinigende vlam hou om hom van onsterflikheid te verseker (p. 23).

Aan Karin Manlichter vertel hy hoe Ra, die magtige songod, gepik word deur 'n slang wat deur Isis geskep is; hoe hy noodgedwonge sy toevlug moet neem tot die towerkuns van Isis, en gevolglik gedwing word om sy naam aan haar te openbaar. (p. 53)

ISIS ..." (p. 2) - tref deur die opsetlike speelsheid - 'n ongeërgdheid wat volgehou word tot aan die einde, wanneer hy en Shulamite wag vir Osiris om te herlewe, "sodat die hele wêreld weer plesierig kan word". (p. 135)

Nonchalance en ongeërgdheid kenmerk die hele styl van die roman. Osiris se penis word nou 'n "hors d'oeuvre vir 'n krap" (p. 3); die groente en hoendervleis wat hy en sy oom by Bettie eet is "lekker jonk, jollie en vars" (p. 40). Van sy nefie, kind van Bettie, word daar ongeërg vertel: "Op ouderdom drie het hy vlieë gemartel; op ouderdom ses het hy onder 'n vragmotor geval en sy kop verloor" (p. 45). Te midde van die betogers besluit hy skielik: "En, dêmit, toe voel ek meteens dat ek ook die reg het om hulle te vertel van Bettie, my niggie, die vergete mal rebel van De Doorns" (p. 84).

Die ongeërgdheid gaan soms gepaard met 'n opsetlike platvloersheid: "Ek is 'n knolskrywer en 'n wewenaar want my vrou het stert-omhoog in die oseaan vedwyn toe sy suksesvol selfmoord gepleeg het ... (p. 2). Soggens drink hy koffie by die Le Soufflet "en ek kyk na die mooi meisies wat met swewende sterte verbyloop" (p. 65). Gloria druk te midde van die betoging 'n sigaretstompie teen die pens van 'n hings, "en 'n berede polisieman val sy gat af op die geskiedkundige strate van Londen" (p. 82). Die ongenommerde kaart van die Tarot - die Tarot met sy diep esoteriese waarde - is "Le Mat, die bleddie fool. 'n Hond is besig om hom aan die gat te byt" (p. 90).

Dit is egter veral die knaende mededeling van die mite in al sy besonderhede en verwantskappe, en die diepsinnige openbaringe omtrent Isis - onder die raarste omstandighede aan die onwaarskynlikste persone, en dan hulle reaksie hierop - wat sorg vir die humor.¹

"Die beeld van Isis spook by my", sê die Knol (p. 3), en hy

1. Anders as byvoorbeeld die vlymskerp humor en satire in Sewe Dae By Die Silbersteins, word ook die humor in Isis gekenmerk deur 'n sekere "oopheid".

vertel dit ywerig aan almal wat hy op sy reis teëkom. Gevolglik vind ons die komiese episode tydens die vlug na Europa, wanneer hy en die ou vroutjie Mary-Jane Hudson al hoe joliger word, met hul heildronke ingestel op die ganse Egiptiese mitologie, en met 'n lugwaardin wat bekommerd oor hulle huiwer" (p. 16).

Ook vermaaklik is sy mededelings aan die onbegrypende Neger. Die Knol vertel:

... dat sy die argetipe is van die Grootmoeder, dat in haar die objektiewe waarheid van die natuur verewig is, dat sy 'n heks is, 'n godin en dat sy 'n soort mana-persoonlikheid is wat multiplisiteit kan begryp, dat sy die wysheid besit om byeen te bring, dat sy in staat is om 'n sintese te vind tussen fragmentasie en eenheid.

(p. 63)

Die reaksie van die Neger is: "Jeez ... What a dame!"

Soortgelyk hieraan is die gesprek tussen die Knol en die Londense skropvrou in die Hotel Mount Venus:

"Horus sny sy ma se kop af."

"Christ," sê die skropvrou vir die eerste keer en is nie onwillig om nog 'n whisky in my tandeborsel=glasie te ontvang nie.

"Thoth, die grootvisier van Osiris, betower en transformeer en gee Isis die kop van 'n koei."

"Jesus," sê die skropvrou terwyl ons my belastingvry whisky vrylik drink.

(p. 78)

Oor die mite sê sy: "It doesn't make sense", (p. 78) maar hulle stem saam: "Life is strange".

Mnr. Y is insisterend in sy mededelings, en hy deel dit ongevraagd aan almal mee. Hy voel dat dit sy "plig" is om aan die Priester te verduidelik waarom hy Isis soek, en hy doen dit volledig¹ (p. 46).

1. Sien pp. 46 /47 van Isis.

Aan die onbekende Karin Manlichter stuur hy 'n briefie met die versoek om by haar te sit, aangesien hy interessante feite omtrent Isis het om aan haar mee te deel (p. 49). Wanneer hy niemand het om die verhaal aan te vertel nie, dwaal hy "doelloos" langs die hawemuur totdat hy homself naderhand oorgee aan die "noodlot" en op 'n bank gaan sit (p. 60).

Kritiek is al uitgespreek oor die feit dat Isis, ten spyte van sy tematiese ingewikkeldheid, Leroux se "deursigtigste" boek tot dusver is.¹ Die Knol is gedurig besig om te eksegetiseer, te kommentarieer, te interpreteer. Te midde van die chaos weet hy presies wat Isis is:

Sy is die aqua permanens wat die strydende elemente verenig. In haar is die elikser van die lewe bevat. Sy is my moeder, my vyand, wat my eendag weer héél sal maak. Sy is die kern, die wese van transformasie.

(p. 109)

Ook wat betref die Tarot, gee hy aan ons die bron waaruit hy sy inligting kry - sy interpretasie geskied "volgens Waite se pak kaarte". En in die flapteks verduidelik Leroux self presies wat die Tarot is.

Verder is daar die blatante verwysings na die feit dat mnr. Y doelbewus besig is om vrouens te versamel. Op p. 93 tel hy die tot dusver gevonde stukke, en dan kom hy tot die gevolgtrekking: "en dis maar ses uit die veertien stukke wat byeengebring moet word en ek kort nog agt."

Wat betref die vind van die verskillende dele vertoon die Knol se reis inderdaad 'n eienaardige verloop. Na twee-en-negentig

1. Sien byvoorbeeld F.I.J. van Rensburg se resensie in Die Beeld van 30 November 1969.

bladsye, en ses vroue, kom mnr. Y meteens tot die besef dat hy nog agt "stukke" kortkom. Op p. 94 droom hy "die dae glip verby", en dan is dit opvallend dat die vroue mekaar meteens vinniger begin opvolg. Mrs. Scott-Finesse maak haar verskyning op p. 93, Yvette op p. 95, Pamela op p. 109, Brunhilde op p. 112, Shulamite op p. 119, en Diana en Sharon op p. 124.

Waar daar in 1844 nog 'n noodsaak verbonde was aan die vier vroue¹ - hulle was per slot van sake die vormende magte in mnr. Y se lewe - is dit dus wel geregverdig om soos F.I.J. van Rensburg te vra: is dit nie nou 'n bymekaargooi van vroue net om die getal vol te kry nie?²

Vanuit 'n ander oogpunt beskou, kan die vraag egter wees: wat probeer Leroux dalk sê met die oopstelling?

Volgens Antonissen was Een vir Azazel, weens die "rasionalisering van die tragiese sonder geloof" "geperverteerde tragedie".³ Ook in Sewe Dae By Die Silbersteins was dit 'n geval van "geperverteerde peregrinasie deur perversie van die hele inwydingsritueel",⁴ In Die Derde Oog is die pervertering van die mite onder andere geleë in die feit dat die groot held Herakles gereduseer word tot die stotterende speurdersersant Demosthenes H. de Goede.

In Isis word die dieper sin van die gebeure in 'n selfs hoër mate ge-eksegetiseer in plaas van gebeeld. In plaas van 'n herskepping van die mite, vind ons 'n betoog daaroor. En Jung word as 't ware aan die leser "gegee". Alreeds op p. 8, wanneer die Knol sê: "Al veertien aspekte van die verbrokkeling in myself is op soek na die vroulike transformerende wese wat my weer heel sal maak", en hy verder verduidelik: "Dit sal 'n

1. Sy toringmaer tante, sy Walkürevrou, sy Rus, en mej. X.
2. 'n Vraag wat hy stel in die resensie in Die Beeld van 30 November 1969.
3. Spitsberaad, p. 119.
4. Spitsberaad, p. 119.

reis wees binne-in myself ..." wéét ons dat sy reis op Jungiaanse terme beslis gaan word en dat hy op soek is na sy anima. Uit sy gesprekke met sy medereisigers blyk dit dat hy presies weet wie en wat Isis is, wat sy vir hom kan doen en wat die rol van die Neger as sy Skaduwee is. Op die Huerta ondergaan hy in sy verbeelding by voorbaat die hele proses van individuasie. Die hele proses is alreeds uitgewerk wanneer hy op sy reis vertrek, en 'n mens sou tot die slotsom kan kom dat individuasie in Isis nog meer geperverteerd was as in die Silbersteins. Die Knol sit met die teorie s nder die belewenis.

Die psigologie van Jung, soos toegepas deur die verduidelikende Knol, kan wees 'n mite in sy eie reg.¹ Maar dit is so 'n erg gema kte mite; so 'n rasionalisering daarvan, dat dit slegs as geperverteerde mite beskou kan word.² Daarom kan Isis beskou word as di  roman waarin Leroux miskien aan ons die mees getroue beeld gee van die verwarde mens van die twintigste eeu. Juis di  sou dan die funksie wees van al die gepraterij en die verduidelikings. Die "deursigtigheid" vervul 'n belangrike funksie - die Knol sit met 'n groot wysheid wat hy kwistig aan almal uitdeel; hy is "die kenner van alchemie, teosofie, wyshe  en al die mistieke waarhede" (p. 94). Maar sy "meerdere kennis" waarmee hy almal so oorweldig kom uit "Larousse" - 'n taamlik popul re verwysingsbron - en sy interpretasie van die Tarot uit "Waite" (p. 90). Sy "wysheid" is "nagepraat" - soos die filosofie van 1844 "nagepraat" was. In mnr. Y vind ons "die geskarrel op die speelvlak van 'n tyd wat sy verband met die mite bykans vokome verloor het."³ Die deurenspeel van mitologie  en esoteriese wyshe  sou dus deel uitmaak van Leroux se "beto ende ontluisterende tegniek,"⁴ wat alreeds in

1. Sien Du Plessis, P.G.: Perspektief en Profiel, p. 604.
2. Vergelyk Leroux, E.: Woordw reld, p. 74: "... die mite het geen waarde as dit 'n verstandelike konkoksie is nie."
3. Van Rensburg, F.I.J.: Standpunte, Augustus 1972, p. 21.
4. Brink, Andr  P.: Aspekte van die Nuwe Prosa, p. 49.

Die Derde Oog sy verskyning gemaak het, maar wat dan in Isis 'n hoogtepunt bereik.¹

'n Pervertering van die mite kan ook gesien word in die wyse waarop die Knol en sy reisgenote nou 'n banale inkarnasie van die ou mitologiese gegewe word. Die groot god Osiris is nou gereduseer tot 'n middeljarige knolskrywer, "babalaas en bysiende" (p. 59). Nadat hy ewe diepsinnig gefilosofeer het oor sy "reis na binne" en sy soektog na Isis, vertrek hy met 'n Boeing 707 - nadat hy 'n afslag gekry het vir 'n lente-ekskursie - en nadat hy homself soos volg aangegord het tot die onderneming:

Drie weke lank lei ek 'n voorbeeldige lewe en word songebruin terwyl ek elke dag drie myl langs die strand hardloop om fiks te word soos Frik du Preez. Ek duik met 'n rubberpak en 'n snorkel by Llandudno en Sandy Beach en sien die duisend-en-een kleure van see-anemone. Ek gewaar ook 'n haai wat my luiweg betrag en met 'n slenterende beweging van sy stert my teenwoordig=heid minag. Ek speel krieket met kinders, eet by die Hausmanns en drink Rynwyn, vergesel Frau Goedenach na haar erfpag en knabbel aan haar sintetiese voortande terwyl sy skuldig sterf oor haar wangedrag. Ek lees heelwat boeke van suksesvolle skrywers en glo in my opgeblasenheid dat ek beter kan doen. Ek ski agter Jimmy se motorboot met 'n 45-perdekrag-enjin en sproei soutsprei oor die Raquel wenches wat Clifton se strande bevolk. Ek raak gemoedelik oor die sonsondergang en vang selfs vis.

(p. 9)

1. In haar artikel in Standpunte wys Elize Botha daarop dat die leser rekening moet hou met Leroux se parodiërende skryfwyse. In Isis is daar duidelike tekens van 'n parodie op die reisverhaal en die skrywerskap, en in mnr. Y se herinneringe aan De Doorns is die satire die skerpste.

In sy reistas het hy klaarblyklik alles wat hy gaan nodig kry in sy soektog na Isis:

... tandepasta, skeerseep, Eno, Guronsans, hoofpynpille, 'n fles whisky, 'n paar sokkies, 'n Terylene-hemp, 'n kam, reisigerstjeks, 'n paspoort, visums, 'n adresboekie, 'n bandopnemer, twee penne, 'n onverbode boek, drie notaboekies, slaappille, sakdoeke, brosjures oor Europa en die Midde-Ooste, voorbehoedmiddels, dental floss, badolie, haarroom en oogdruppels. Bokant my in die rak is 'n jas, 'n trui, onderbaadjie en serp.¹

(p. 10)

Sy reisgenote is nie gode en helde nie, maar die mense van ons tyd: die eensames (Linda Lee, Mrs. Scott-Finesse), betogers en hippies (die anargis met die geel moestas, Gloria), 'n aggressiewe Neger met sy leuse: "I love trouble, sex and violence" (p. 74). Die naaste aan adellikheid is Karin Manlichter se Spaanse markies in sy Carnaby Street-uitrusting.

1. Volgens F.I.J. van Rensburg is dié opnoem van die inhoud van die Knol se reistas 'n voorbeeld van die inventaristiese aard van sy werk. Die enumerasies van die inhoud van strate, winkels, strande, asook die eienaam- en datumkoppeling aan voorwerpe en gebeurtenisse, maak van sy wêreld 'n baie gedateerde periode. Vandaar sy karakterisering van Leroux se werk as 'n "saga van die moderne tyd". (Standpunte, Augustus 1972, p. 17.)

In Isis is daar talle voorbeelde van dié aard. Die Knol drink Coca-Cola, rook Philip Morris-sigarette en klee hom in 'n Firenze-pak. Myra Greenwell lyk soos Eartha Kitt met pikswart oë, en hy gaan kyk na die woonplek van Greta Garbo, Winston Churchill en prinses Grace. Dit is die tyd van die kolonels in Griekeland, en in Parys spreek Melina Mercouri 'n vergadering toe oor die vryheid van haar volk.

Volgens Van Rensburg is dit "asof hy die bolaag van sy tweeledige werklikheid (die ander is die onderwêreld van mite en Onbewuste) so swaar moontlik wil laai as balanserende teëwig vir die onderlaag" (Standpunte, Augustus 1972, p. 18.)

Isis word nou onder andere die "stokou dronk vrouwtjie", Mary-Jane Hudson: haar hare is kort geknip en die plooi op haar wange is te veel vir hormoon-room en ander preparate. Sy loer wasig na hom met ouderdomsbloue oogappels, en wanneer sy vir hom glimlag is dit met twee presies-eweredige rye kunstande, liggies pienk soos 'n sonsopkoms (p. 12). Isis word ook die betogende Gloria in een van die kortste swart mini's in Londen; sy word Karin Manlichter met haar uitdrukkinglose blou oë - die minnares van 'n Spaanse edelman, want: "He iss tall, he iss young and he hass yachts" (p. 51).

Ook die wyse waarop die Knol die Tarotkaarte lees is banaal, gesien teen die geskiedenis van die pak. Die manier waarop die kaarte val, asook die onderlinge verhouding tussen hulle, is van deurslaggewende belang by 'n interpretasie daarvan. Dit is nie voldoende om bloot die aparte betekenis van die kaarte te ken nie.¹

Hierteenoor gestel lees die Knol die kaarte op 'n taamlik argelose manier. Wanneer Le Jugement onderstebo val op die gehawende deken van Myra Greenwell, beloof hy aan haar roem en glorie.² Die tweede kaart is Tempérance, en hy verduidelik dat hernuwing stadig kom. Die derde kaart is L'Empéreur, onderstebo, en hy voorspel: "Verlies van rykdom, beheer. 'n Skielike einde as gevolg van onrypheid" (p. 71). Aan die verhouding tussen die verskillende kaarte skenk hy geen aandag nie. Op p. 90 trek hy blindelings 'n kaart uit, en voor hom sien hy Le Mat, die Dwaas.

Oor die lees van die kaarte skryf Gray ook:

1. Sien Gray, E.: Het Geheim van de Tarot, p. 5.
2. Ook wat betref Myra Greenwell sêlf is die Knol besig met 'n spel. Hy mislei haar deur eers die normale betekenis van die kaart te gee - eers wanneer haar pikswart oë begin gloei, voeg hy by dat die roem en glorie van korte duur gaan wees, want die kaart is omgekeerd.

Het is niet goed wanneer men zichzelf de kaart gaat leggen en tevens zelf interpreteerd. Dat mag alleen bij wijze van experiment ... de betekenis ervan, moet in zo 'n geval verwaarloosd worden, omdat in zo 'n geval de interpretatie teveel wordt vertroebeld door de eigen subjectieve associaties.¹

Terwyl Brunhilde begin huil, gooi mnr. Y die eerste kaart vir homself:

Ek is La Bateleur, kaart nommer één, die goëlaar, die 'ingewyde', die knol, die onwyse man wat die deur oopmaak wat lei tot kennis van hierdie on-verstaanbare wêreld.

(p. 113)

By Gloria het hy die ongenommerde kaart, Le Mat, beskryf as "'n teken van die blinde pelgrimstog: die teken van my dooie oom en die teken van alle dwase wat bereid is om op hierdie loterywiel die sirkelgang van 'n sielereis te waag". (p. 92)

Aan die kaarte Le Mat en La Bateleur is daar vir die Knol duidelik soveel subjektiewe assosiasies verbonde, dat sy objektiwiteit by die lees daarvan ten sterkste betwyfel kan word. Hy weet per slot van sake reeds sêlf dat hy die Knol is "wat eendag, in sy wit huisie, by die see, besluit het om die deur oop te sluit en die sirkelgang na bó aan te durf" (p. 114). Net so weet hy op p. 139 dat hy "die sirkelgang" voltooi het en dat daar niks gebeur het nie.

Die Knol se vraag wanneer Brunhilde begin huil - "hoeveel is waar en hoeveel is dronkverdriet" - kan ook op sy "fortuinvertellery" van toepassing wees. In sy geestelike dronkenskap sien hy homself as "die een wat praat deur die masker van Osiris, Thoth en Horus ... 'n kosmiese gees wat spreek deur die Self" (p. 113). Maar hy weet ook dat hy beweeg op die "skeermeslem-dun skeiding tussen sublimiteit en belaglikheid".

Die Knol soek wêl op sy eie banale manier na begrip van die lewe, maar kyk ons verby die lighartigheid, die ongeërgdheid en die knolskrywerskap, is sy roman eintlik 'n spel met die

1. Het Geheim van de Tarot, p. 5.

dodelike erns as inset. Sy gepraat is "warkoppig, onverstaanbaar", maar Gloria druk hom stywer teen haar aan, want: "ek het ... iets begryp wat Rooi Daan in ander woorde stel" (p. 90).

Mnr. Y is die "petietserige" held van die twintigste eeu.¹ Ons lag vir hom, maar ons bejammer hom ook.² Terwyl Mrs. Scott-Finesse Immobile rustig in sy oor snork, vertel hy haar hardop in die nag die storie van Isis en Osiris en Thoth en Set. Hy ruik aan haar en kry die geur van haar parfuum: "mirre uit die ooste, my eeue-oue bruid wat pneuma is, die heilige gees wat my sal bevrug." Dán is hy vir ons verspot. Wanneer Linda Lee val en hy bly sit, en hy pluk haar met die linkerhand aan die hare op, lag ons. Ons lag ook vir die banale manier waarop hy hom voorberei vir sy "reis na binne". Maar wanneer hy in die opgefrommelde wrak van die Citroën na Yvette soek, en hy huil: "O, Jesus ..." (p. 103); wanneer hy, magteloos, sy lot bekla: "Ek is 'n knolskrywer, maar die Here weet, ek het al genoeg ondervinding opgedoen om my nie meer 'n knolskrywer te maak nie (p. 104), weet ons dat die nonchalance en die ongeërgdheid ook net 'n pantser is teen die lewe - soos die sinisme wat hy "gerieflikheidshalwe" gebruik (p. 6).

Isis is só veelkantig, het soveel dimensies,³ en die vertelling verander só dikwels van toonaard, dat dit moeilik is om tot 'n finale waarde-oordeel te kom. Dit is 'n roman "waar die leser steeds voel dat die oppervlakte in elk geval opsetlik 'bedrieg'"⁴

1. Vergelyk André P. Brink se kommentaar oor die verskil tussen die oue en die nuwe, Hoofstuk II, p. 30.
2. Hier vind ons die "fusion of the comic and the tragic in a fresh image of man". (Burgess, A.: The Novel Now, p. 19)
3. Dit kan beskou word as 'n "alchemistiese reis" met individueel-psigiese, algemeen-menslike, estetiese, politieke en sosiale dimensies. (Sien Van der Walt, P.D.: Tydskrif vir Geesteswetenskappe, Junie 1970, p. 160.)
4. Botha, E.: Standpunte, April 1970, p. 37.

Op 'n bepaalde manier kan mnr. Y se verhaal egter tog wél waar wees. Want:

Êrens is daar goud, die koning van alle metale,
vasgevang in die steengroewe van die tyd,
gemeenplasing gemaak deur die banaliteit van ons
bestaan.

(p. 7)

Alhoewel die gode dood is, leef die helde nog miskien. Vir mnr. Y bly Isis steeds die verhewe ideaal, maar wanneer hy op die laaste bladsy belowe: "En vir jou, mej. X, die lyk van die Krap", bevestig hy dat Osiris kán wees. Dan is hy die mens met sy sonderlinge vermoë om te kan glo teen alle redelike bewyse in - en dit is slegs deur die geloof dat hergeboorte kan geskied. Wat oorbly is voortgesette soeke in dié soektog wat geen einde ken nie.

SUMMARYThe mythological pattern and psychological basis in the modern novel, with special reference to Etienne Leroux's ISIS ISIS ISIS

Although the main character in the novel, a writer who calls himself "Mr. Y", describes his decision to undertake a trip to Europe as quite "normal", the sub-title - "a story of thirteen women and a description of an inward journey" - suggests that there is much more to this "pleasure trip" than he initially seems to admit.

As in most of his previous novels, Leroux uses the myth as the main vehicle for conveying what he has to say. In ISIS Mr. Y is almost obsessed with the old Egyptian myth of Isis and Osiris,¹ and he sees himself in a similar predicament to that of the old Osiris.

The point of departure is his concept of the disintegration of his soul and of his search for Isis, the only force able to put him together again: "My soul is in fragments and I lie scattered in fourteen pieces over the oceans. In ancient, mystical times Isis searched the whole world to mend Osiris; in the modern merry-go-round of the soul Osiris searches for an Isis to bring him together." (page 3)

However, Mr. Y's story cannot merely be described as analogous to the pattern set by the archetypal myth. There are two significant changes. The roles of Isis and Osiris are reversed - the quest of Isis now becomes the quest of the "dead" Osiris. And it is the soul of Osiris that has been destroyed.

1. Osiris was murdered by the jealous Set, and his wife Isis, filled with grief, went on a search for the fragments of his body, which had been cut up into fourteen pieces and scattered over the oceans. Eventually she recovered them all, except one part which had been devoured by a crab.

According to Mr. Y, his reversal of the old myth must be attributed to the age in which we live: "Perhaps it is a sign of our time: that the dead Osiris should be searching for the living Isis" (page 3).

He also says: "I am part of our time, and my whole existence is an accusation against our time if one should be inclined to blame the time for things that we do not understand" (page 6). But although he is very much part of the twentieth century (for example in his language, and his way of life), and although he is in fact modern man in search of the "living myth", his intense desire to be "reborn" can be considered as one of the primordial affirmations of mankind.

He bases his story on the one particular myth of Isis and Osiris, but he also explores other mythologies. He refers to the function of "mythos" within society, and to the Jungian concept of the myth as being a direct expression of the collective unconscious. He also refers to various esoteric teachings (the Holy Quabalah, alchemy, the Tarot) in his attempt to discover something of the truth about man.

Mr. Y is in a state of spiritual confusion, but he is also conscious of the fact that, as an artist functioning within society, he might be able to be the discoverer of a "new myth" (page 66) - something which would be of value to the whole of mankind.¹

As far as the myth of Isis and Osiris is concerned, there is much less of Leroux's previous obscurity. As soon as Mr. Y sets out on his "inward journey" in a Boeing 707, he starts "explaining" about the myth, Jung, alchemy, the Tarot - sometimes under the most unlikely circumstances, and with extremely comical results. This rationalization of the mythical

1. In Jungian terms this "psychological journey" would stand for the so-called "individuation process", by which man might become "whole". The way in which Mr. Y undergoes the process of individuation is described in Chapter IV of this work.

might also be seen as a sign of our times. But beneath all Mr. Y's carelessness and nonchalance, there is the intense desire which man has always experienced to reconcile the contradictions in life as well as those within the self. He is not only Mr. Y who was (physically) beaten up by his lover's jealous husband, but everyman, who, through the ages, has tried in all sorts of ways to come to terms with life. It is because of his interest in the soul of man that he explores the wisdom of the ages to be found in mythology, the Quabalah, and the Tarot.

Despite its apparent flippancy, Isis is therefore the depiction of an "alchemical journey" by which Mr. Y, the "charlatan", is trying to find the "elixir of life". It also has certain psychological, political and social dimensions, but basically three levels of interpretation can be singled out:

The actual journey - Mr. Y - Negro - women

The mythological search - Osiris - Set - Isis

The psychological journey - Self - shadow - anima

The myth of Isis and Osiris is the framework out of which Mr. Y's journey grows, and he gives us a modern version of the old myth. But on the other hand the mythological level, with its archetypal images, is extended to the psychological level, and the search for Isis and the lost fragments becomes the depiction of an attempt to reach spiritual "wholeness".

However, these levels of interpretation can hardly be considered separately. They are:

... the two handmaids which rarely exist apart when stream of consciousness notation¹ is employed: mythical parallels and psychic phenomena.¹

1. Friedman, M.: Stream of Consciousness: A Study in Literary Method, New Haven, 1955, page 113.

LITERATUURLYSGeraadpleegde werke

1. ABRAMS, M.H.
A Glossary Of Literary Terms, New York, Chicago,
San Francisco, Toronto, Londen, 1966.
2. ANTONISSEN, ROB
Spitsberaad, Kaapstad, Bloemfontein, Johannesburg,
Port Elizabeth en Pietermaritzburg, 1966.
3. BOTHA, TERTIA
'n Onderzoek Na Enkele Struktuuraspekte Van Sewe Dae
By Die Silbersteins, M.A.-verhandeling, Universiteit
van Natal, 1970.
4. BRINK, ANDRÉ P.
Aspekte Van Die Nuwe Prosa, Pretoria en Kaapstad, 1967.
5. BURGESS, ANTHONY
The Novel Now, Londen, 1971.
6. CASSIRER, ERNST
An Essay On Man, Yale University Press, 1965.
7. CROW, W.B.
The Arcana Of Symbolism, Londen, 1970.
8. ELIADE, MIRCEA
Beelden En Symbolen, uit die Frans vertaal deur
Anton Monshouwer, Hilversum, 1963.
9. _____,
Myth And Reality, Londen, 1964.
10. _____,
The Sacred And The Profane, uit die Frans vertaal deur
Willard R. Trask, New York, 1959.
11. ENCYCLOPEDIA BRITANNICA, Chicago, Londen, Toronto, Sydney,
Geneva, Tokyo, Manila, Johannesburg, 1973.
12. FERGUSON, GEORGE
Signs And Symbols In Christian Art, Oxford University
Press, 1972.

13. FIEDLER, LESLIE
No! In Thunder, Londen, 1963.
14. FORDHAM, FRIEDA
An Introduction To Jung's Psychology, Suffolk, 1970.
15. FRAZER, SIR JAMES
The Golden Bough, verkorte uitgawe, Londen, 1963.
16. FREUND, P.
Myths Of Creation, Londen, 1964.
17. GRAVES, ROBERT (met inleiding deur)
New Larousse Encyclopedia Of Mythology, Londen,
 New York, Sydney, Toronto, 1969.
18. GRAY, EDEN
Het Geheim Van De Tarot, Den Haag, 1970.
19. GUSDORF, GEORGES
Mythe En Metafysica, uit die Frans vertaal deur
 S. Schilstra en drs. J.A. Duyntjer, Utrecht, 1963.
20. JACOBI, JOLAN
Complex / Archetype / Symbol In The Psychology Of
C.G. Jung, uit die Duits vertaal deur
 Ralph Manheim, Londen, 1959.
21. _____,
The Psychology of C.G. Jung, Londen, 1942.
22. _____,
The Way Of Individuation, Londen, 1967.
23. JAMES, E.O.
The Ancient Gods, Londen, 1967.
24. JAMES, T.G.H.
Myths And Legends Of Ancient Egypt, Londen, 1969.
25. JOBES, GERTRUDE
Dictionary Of Mythology, Folklore And Symbols,
 dele I en II, New York, 1962.

26. JUNG, C.G.
Contributions To Analytical Psychology, uit die
 Duits vertaal deur H.G. en Cary Baynes, Londen, 1928.
27. _____,
Modern Man In Search Of A Soul, vertaal deur
 C.F. Baynes en S. Dell, Londen, 1955.
28. _____,
Psychological Types, vertaal deur H. Godwin en
 H.G. Baynes, Londen, 1949.
29. _____,
The Collected Works Of C.G. Jung, volumes 2, 7,
 9 i, 9 ii (Aion), 11, 13 en 14. Uit die Duits
 vertaal deur R.F.C. Hull, Londen, 1957, 1953,
 1959, 1959, 1958, 1968, 1963, respektiewelik.
30. KANNEMEYER, J.
Die Stem In Die Literêre Kunswerk, Kaapstad, 1965.
31. _____,
Op Weg Na Welgevonden, Pretoria en Kaapstad, 1970.
32. KARL, FREDERIK en MAGALANER, M.
A Reader's Guide To Great Twentieth-Century Novels,
 Londen, 1961.
33. KERENYI, C. en JUNG, C.G.
Introduction To A Science Of Mythology, uit die
 Duits vertaal deur R.F.C. Hull, Londen, 1951.
34. KIRK, G.S.
Myth. It's Meaning And Functions In Ancient And
 Other Cultures, University of California Press, 1971.
35. LANGBAUM, ROBERT
The Modern Spirit, Londen, 1970.
36. LEROUX, ETIENNE
1844, Kaapstad, Pretoria, 1967.
37. _____,
Die Derde Oog, Kaapstad, Pretoria, 1966.

38. LEROUX, ETIENNE
 Die Mugu, Kaapstad, Pretoria, 1959.
39. _____,
 Een Vir Azazel, Kaapstad, Pretoria, 1964.
40. _____,
 Hilaria, Kaapstad, tweede druk.
41. _____,
 Isis Isis Isis, Kaapstad, 1969.
42. _____,
 Sewe Dae By Die Silbersteins, Kaapstad, 1968.
43. MALINOWSKI, BRONISLAW
 Myth In Primitive Psychology, Londen, 1926.
44. MARANDA, PIERRE (redakteur)
 Mythology, Harmondsworth, Baltimore, Victoria, 1972.
45. NIENABER, P.J.
 Perspektief En Profiel, Johannesburg, 1969.
46. OLDEWELD, PROF. DR. H.M. (met inleiding deur)
 Mythe En Realiteit, Amsterdam, Antwerpen, 1963.
47. OUSPENSKY, P.D.
 A New Model Of The Universe, Londen, 1938.
48. POLLEY, J. (redakteur)
 Die Sestigters, Kaapstad, Pretoria, 1975.
49. SADHU, MOUNI
 The Tarot, Londen, 1970.
50. SCANNEL, J.P. (redakteur)
 Die Afrikaanse Kernensiklopedie, Kaapstad, 1965.
51. SCHURMAN, DR. C.J.
 De Taal Van Het Onbewuste Zieleleven, Arnhem, 1951.
52. STENFERT-KROESE, W.H.
 De Mythe Van A.Roland-Holst, Amsterdam, 1966.
53. TERBLANCHE, H.J. en ODENDAAL, J.J.
 Afrikaanse Woordeboek, Johannesburg, 1966.

54. VAN DER LEEUW, DR. G.
De Primitiewe Mensch En De Religie, Groningen,
 Djakarta, 1952.
55. VON FRANZ, M.C.
Man And His Symbols, Londen, 1964.
56. VAN RENSBURG, F.I.J.
Die Smal Baan, Kaapstad, Johannesburg, 1971.
57. WELLEK, R. en WARREN, A.
Theory Of Literature, Harmondsworth, Victoria, 1970.
58. WESTON, JESSIE
From Ritual To Romance, New York, 1957.

Geraadpleegde tydskrifte, koerante en artikels

1. BOTHA, DR. E.
 "Oor Boeke: Etienne Leroux, Isis Isis Isis",
Standpunte, Jaargang, XXIII, nr. 4, April 1970.
2. ———,
 "Verwysing en vertolking", Smal Swaard En Blink,
 Pretoria, Kaapstad, 1966.
3. (Die) BURGER
 "Silbersteins geskryf uit 'sterk morele aanvaarding'"
 (berig) 22 September 1964.
 (Verkort tot Aanvaarding)
4. CONRADIE, P.J.
 "Die mite van Orpheus en Euridike by Jean Anouil",
Standpunte, Jaargang XIV, nr. 3, Februarie 1961.
5. DU PLESSIS, P.G.
 "Tot sover Jung", Standpunte, Jaargang XX, nr. 3,
 Februarie 1967.
6. DU PREEZ, J.P.A.
 "Jung by die Silbersteins", Sestiger, Jaargang 2,
 Februarie 1965.

54. VAN DER LEEUW, DR. G.
De Primitiewe Mensch En De Religie, Groningen,
Djakarta, 1952.
55. VON FRANZ, M.C.
Man And His Symbols, Londen, 1964.
56. VAN RENSBURG, F.I.J.
Die Smal Baan, Kaapstad, Johannesburg, 1971.
57. WELLEK, R. en WARREN, A.
Theory Of Literature, Harmondsworth, Victoria, 1970.
58. WESTON, JESSIE
From Ritual To Romance, New York, 1957.

Geraadpleegde tydskrifte, koerante en artikels

1. BOTHA, DR. E.
"Oor Boeke: Etienne Leroux, Isis Isis Isis",
Standpunte, Jaargang, XXIII, nr. 4, April 1970.
2. _____,
"Verwysing en vertolking", Smal Swaard En Blink,
Pretoria, Kaapstad, 1966.
3. (Die) BURGER
"Silbersteins geskryf uit 'sterk morele aanvaarding'"
(berig) 22 September 1964.
(Verkort tot Aanvaarding)
4. CONRADIE, P.J.
"Die mite van Orpheus en Euridike by Jean Anouil",
Standpunte, Jaargang XIV, nr. 3, Februarie 1961.
5. DU PLESSIS, P.G.
"Tot sover Jung", Standpunte, Jaargang XX, nr. 3,
Februarie 1967.
6. DU PREEZ, J.P.A.
"Jung by die Silbersteins", Sestiger, Jaargang 2,
Februarie 1965.

7. LEROUX, ETIENNE
 "Die mens, en veral die skrywer, op soek na die lewende mite", Woordwêreld, lesings van die Afrikaanse Studiekring, Stellenbosch, 1963. (Verkort tot Mite)
8. STEENBERG, D.H.
 "Teoretiese neerslag van Sestig: Etienne Leroux", Tydskrif vir Letterkunde, Nuwe Reeks XI : 4, November 1973.
- 9. VAN DER WALT, P.D.
 "Etienne Leroux : Isis Isis Isis", Tydskrif Vir Geesteswetenskappe, Jaargang X, nr. 2, Junie 1970.
10. VAN RENSBURG, F.I.J.
 "Etienne Leroux as siklusbouer", Standpunte, Jaargang XXV, nr. 6, Augustus 1972.
11. _____,
 "... in gesprek met Etienne Leroux", Gesprekke Met Skrywers, Kaapstad, 1971.
12. _____,
 "Leroux bring nie wat hy beloof het", Die Beeld, 30 November 1969.
13. VAN ROOY, C.A.
 "Die mitiese patroon en sielkundige grondslag in 'Hilaria' van Etienne Leroux", Standpunte, Jaargang XIII, nr. 3, Februarie 1960.

7. LEROUX, ETIENNE
 "Die mens, en veral die skrywer, op soek na die lewende mite", Woordwêreld, lesings van die Afrikaanse Studiekring, Stellenbosch, 1963. (Verkort tot Mite)
8. STEENBERG, D.H.
 "Teoretiese neerslag van Sestig: Etienne Leroux", Tydskrif vir Letterkunde, Nuwe Reeks XI : 4, November 1973.
- 9. VAN DER WALT, P.D.
 "Etienne Leroux : Isis Isis Isis", Tydskrif Vir Geesteswetenskappe, Jaargang X, nr. 2, Junie 1970.
10. VAN RENSBURG, F.I.J.
 "Etienne Leroux as siklusbouer", Standpunte, Jaargang XXV, nr. 6, Augustus 1972.
11. _____,
 "... in gesprek met Etienne Leroux", Gesprekke Met Skrywers, Kaapstad, 1971.
12. _____,
 "Leroux bring nie wat hy beloof het", Die Beeld, 30 November 1969.
13. VAN ROOY, C.A.
 "Die mitiese patroon en sielkundige grondslag in 'Hilaria' van Etienne Leroux", Standpunte, Jaargang XIII, nr. 3, Februarie 1960.